83-
1490

KERK EN REFORMASIE

ONS PROTESTANTSE ERFENIS

KITAL

KERK EN REFORMASIE

ONS PROTESTANTSE ERFENIS

deur

Die Raad vir die Handhawing

van ons

Protestantse Erfenis

in samewerking met die

Kommissie vir Literatuurvoorsiening van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

---

Pretoria. HAUM Kaapstad.

INHOUD

Voorwoord — Dr. P. J. T. Koekemoer 5

Hoofstuk 1: Semper Reformanda (Die kerk moet altyd hervorm word). — Ds. J. G.M. Dreyer 7

Hoofstuk 2: Hervormingsmaand, Oktober — Prof. dr. A. D. Pont 11

Hoofstuk 3: Die woelinge in die kerk van Rome — Ds. J. G. M. Dreyer 19

Hoofstuk 4: Die gesprek: Reformasie—Rome Prof. dr. A. D. Pont 23

Hoofstuk 5: Die Roomse leer: — Dr. P. J. T. Koekemoer

(i) Die Roomse Kerk praat nou ook Afrikaans 31
(ii) „Maria in die Bybel" 36
(iii) „Gebore uit die maagd Maria" 42
(iv) Maria die middelares 46
(v) Die liggaamlike hemelvaart van Maria 52
(vi) Die sondelose moeder Maria.... 57
(vii) Die vaevuur 61
(viii) Groot sondes en klein sondes 68
(ix) Die sakrament van die bieg 74
(x) Die sakrament van die altaar 79
(xi) Roomse skole in Suid-Afrika 86

Hoofstuk 6: Die positiewe handhawing en uitbouing van ons Protestantse erfenis: — Dr. C. J. Mans

(i) Inleidend 91
(ii) Wat ons Protestantse erfenis omvat 96
(iii) Die Bybel uitlê 101
(iv) Die prediking en die predikant 104
(v) Nogeens die prediking en die predikant 108
(vi) Beter ampsbediening ten opsigte van die ouderlingsamp 115
(vii) Ontoereikende kategese 119
(viii) Priesterskap van die gelowiges 122
(ix) Die gebed van Calvyn 126

VOORWOORD

Die Raad vir die handhawing van ons Protestantse Erfenis het die inisiatief geneem om, veral gedurende die afgelope paar jaar, persone te nader om artikels rakende die Rooms Katolieke Kerk en ons, in „Die Hervormer" die lig te laat sien. Die Redakteur het goedgunstiglik altyd hiervoor die ruimte toegelaat. Ons het gedink dat dit nou tyd geword het om hierdie pennevrugte saam te bundel. Ons hoop werklik dat hierdie brosjure in groot getalle, nie slegs in ons kerk nie, maar ook in ander Protestantse kerke gelees sal word. In elk geval vertrou ons dat dit sy weg sal vind tot elke Hervormde gesin, dat dit verder nuttig gebruik mag word deur katkisante en deur jeugleiers onder aandag van die jongmense gebring sal word.

Die Raad se uitgangspunt is nie in die eerste plek om te bestry nie maar om te handhaaf. Twee dekades gelede het hierdie Raad die amptelike naam gedra van Raad vir Bestryding van die Roomse gevaar. Hiervan is afgesien. Ons dra die naam van Raad vir die **handhawing** van ons Protestantse Erfenis. Dit is presies wat ons gepoog het. Ons moet ook nie slegs weet **waarin** ons erfenis bestaan nie, maar ook sorgdra dat hierdie erfenis nie 'n verslete doodse „iets" word nie. Dit moet lewend-dinamies wees. Eers wanneer ons weet WAT ons glo, kan ons vir die Roomse Kerk sê wat ons nie glo nie, kan ons ook teenoor Rome getuies wees van die Evangelie van Jesus Christus.

Hierdie boekie is geensins volledig nie. Die Raad stel in die vooruitsig om nog in die toekoms die kerk op hoogte te bring en bewus te maak van die Roomse invloed by hospitale, die opvoeding en liefdadigheidsaktiwiteite op baie terreine, ens. Ook hier sal die vraag gestel moet word: en wat doen **onsself?**

Ons hartlike dank aan die medewerkers wat dit moontlik gemaak het om hierdie leesstof aan te bied, ook aan die Kerk, wat die drukkoste dra.

P. J. Theo Koekemoer,
Voorsitter van die Raad vir die handhawing van ons Protestantse Erfenis.

HOOFSTUK I

SEMPER REFORMANDA

(Die kerk moet altyd hervorm word).

Hierdie opskrif is twee woorde uit die bekende Latynse gesegde: Ecclesia reformata semper reformanda, wat beteken: 'n Hervormde Kerk moet altyd hervorm word.

Die Hervormde kerke het hulle ontstaan te danke aan 'n hervormingsdaad toe God sy kerk van dwaalleer hervorm het in die loop van die sestiende eeu. Die verskillende Hervormers was die middel in die hand van God om sy kerk van dwaalleer te suiwer. Onder hulle was daar Johannes Calvyn en Martin Luther, Ulrich Zwingli en Melanchton, John Knox en ander. Elkeen van hulle het, gedrywe deur die Gees van die Here, sy talente en kragte gegee om die de-formasie of misvorming van die kerk deur re-formasie of hervorming te oorwin. Hulle wou nie die kerk hervorm deur opheffing nie, soos die groepe wat die kerk wou vervang deur 'n broederskap van heiliges of 'n Godsryk op aarde, soos voorgestaan deur die Anabaptiste en ander sektes van dié tyd. Hulle wou ook nie die kerk hervorm deur afskeiding nie — dit is 'n latere euwel van die Protestantisme — maar hulle is uit die kerk gesit en die aparte kerkvorming is op hulle afgedwing, want die kerk van Rome was doof vir die gewetenskrete en roepstemme gegrond op die Woord van God om die kerke te herstel. Hulle stemme is op brandstapels en pynbanke gesmoor en die banvloek is oor hulle uitgespreek.

Met die Hervorming is die Woord van God weer op die staander gesit en het die werkheiligheid van die Roomse leer plek gemaak vir die Bybelse leer van die regverdigmaking deur die geloof en die gesag van die kerk, soos deur Rome voorgestaan, het plek gemaak vir die gesag van die Woord van God. Die Kerkhervorming bind immers nie die gewete van die mens aan die woord van die kerk dws. van die pous nie, maar aan die Woord van die Heer van die kerk, Jesus Christus.

Maar met die hervorming van die sestiende eeu was die kerk nie vir eens en vir altyd hervorm nie. Voortgaande hervorming is nodig. Die kerk bestaan wel uit gelowiges in Christus, geroepe heiliges, maar geen volmaakte, sondelose heiliges nie. Inteendeel elkeen van hulle is na die woord van Kohlbrugge „simul justus simul peccator" d.w s. geregverdigde en sondaar tegelyk. Die allerheiligste het nog maar 'n klein begin van gehoorsaamheid. Hy het nog voortdurend 'n stryd teen die oue mens van sonde. Hy is begenadigde sondaar.

En omdat dit so gesteld is met die gelowige kerkmens, juis daarom dring die dwaalleer van ons dwaalsieke harte die kerk so maklik binne en moet die kerk telkens weer hervorm word.

Die kerk moet oopstaan vir kritiek en veral selfkritiek. Teen selfvoldaanheid moet voortdurend gewaak word. Die soeklig van die Woord van God moet onafgebroke op die kerk gewerp word en die bede van die psalmdigter (139:23, 24) moet lewe in die hart van die kerk:

„Deurgrond my, o God, en ken my hart;
toets my en ken my gedagtes;
en kyk of daar by my 'n weg van smart is,
en lei my op die ewige weg."

Van hierdie smarteweg, hierdie dwaalweg moet die kerk telkens weer hervorm word.

Die strydende kerk van die Here op aarde onderskei hom ook hierin van die triomferende kerk in die hemel, dat waar laasgenoemde alleen uit salige, verloste mense bestaan, daar bestaan eersgenoemde uit gelowiges, uit geredde mense wat hulle alles alleen van Christus Jesus verwag én uit mense wat ongelowig of nog nie gelowig is nie.

Die strydende kerk bestaan uit begenadigde sondaars én uit goddelose sondaars. Die groot kerkhervormer Calvyn sê in sy groot werk: Die Institusie, dat die kerk van die Here op aarde soos 'n koringmied is. Dit bestaan, so sê hy, uit koring en uit kaf, maar daar is meer kaf as koring.

En omdat dit so is, omdat daar soveel kaf is in die kerklike hooimied, daarom moet die kerk steeds weer hervormd word.

Al die eeue het die noodsaaklikheid hiervan aangetoon. Nooit was daar in die eeue-oue geskiedenis van die kerk 'n tyd dat hervorming nie nodig was nie.

In die Ou-Testamentiese tyd was daar die gedurige inwerking van die heidense godsdienste op die godsdiens van Israel. Die Baäldienste was ten alle tye 'n bedreiging. Maar die Here het die profete, die een na die ander, gegee tot hervorming van sy kerk.

In die dae van die aardse omwandeling van die Here Jesus is die kerk bedreig deur die wettisisme van die Fariseërs. Maar Jesus het deur sy lewe, sy prediking en sy versoenende sterwe sy kerk gesuiwer van die wettiese prediking van die Fariseërs. Hierdie hervormingswerk is voortgesit deur die apostels van die Here.

Die Middeleeuse kerk het verval in 'n valse leer, waarin die verlossingswerk van Jesus nie meer as volkome (Hebr. 7:25) beskou is nie en daarom aangevul moes word deur die verdienste van mense. Toe het God die manne van die Kerkhervorming gegee om sy kerk van Roomse dwaalleer te suiwer.

In ons tyd is daar die gevare van nasionalisme en internasionalisme wat aan die poorte van die kerk klop om toegelaat te word. Sommige sien apartheid, verbrokkeling as 'n gevaar vir die kerk, terwyl ander die ekumeniese strewe, die sigbare eenwording van die kerk met uitwissing van grense, die opkomende gedagte van een groot wêreldkerk sien as gevaartekens.

By al die afwykings en ontrou, die dwaallerings en valse dogma is die kerk ook nog al die eeue deur pogings tot verwêreldliking bedreig.

Juis daarom moet die kerk steeds hervormd word, moet die hervorming van die kerk steeds ter hand geneem word.

Dit is egter geen mensewerk nie. Mensewerk kan die kerk, oppervlakkig geoordeel, wel verbeter, maar verbetering is nog geen hervorming nie. Ware hervorming geskied nooit buite die Woord van God om nie. Dit is die genadige werking van die Gees van God, wat die hart van die kerk wederbaar. Dit is die Gees wat van sonde, geregtigheid en oordeel getuig en Christus verkondig as die een Naam wat onder die hemel gegee is waardeur ons gered moet word.

Ecclesia reformanda d.w.s. die kerk moet hervorm word. Daarvoor moet vurige gebede opstyg tot die genadetroon van God. En God sal self die manne stuur wat Hy as instrumente daartoe wil gebruik.

HOOFSTUK 2

HERVORMINGSMAAND, OKTOBER

Die Kerkhervorming van die sestiende eeu bly vir ons wat erfgename van daardie beweging is, die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die kerk na afloop van die eerste paar eeue. Telkemale is dit so dat ons met ons gedagtes en opvattings moet terugkeer na daardie tyd om die beginsels wat dáár geformuleer is, weer raak te sien en na waarde te skat. Daardie beginsels is destyds met 'n merkwaardige verontagsaming van die eietydse gebeure geformuleer op grond van die Heilige Skrif en daarom het daardie beginsels so 'n besondere waarde. Daarom handhaaf ons in die kerk tot vandag toe die uiteensetting van die leer van die kerk soos die vadere dit destyds uiteengesit het. Dit is nie vir ons die gedagte dat daardie uiteensetting die „dooie hand van die verlede" sou wees nie. Inteendeel. Dit alles egter onder die uitgesproke veronderstelling dat ons daardie uitsprake en beginsels voortdurend sal toets aan die Heilige Skrif sélf want alleen die Woord is die lig vir ons voet en die lamp op ons pad.

Om die Kerkhervorming te waardeer, moet ons daardie geweldige beweging ook verstaan in die raamwerk van sy tyd. Alleen dán sal ons bemerk hoe merkwaardig God die Here in daardie tyd sy kerk uitgelei het uit die slawehuis van die dwaalleer en bygeloof.

Die sestiende eeu was in baie opsigte 'n verrassende, nuwe gebeurtenis waar baie dinge wat lank gesluimer het, skielik vrugte begin dra het. Laat in die vyftiende eeu kry ons die eerste roersels van die Renaissance-beweging. 'n Beweging wat in hoofsaak Italiaans van oorsprong en verloop was en wat grotendeels tot die wêreld van die skone kunste beperk gebly het. 'n Beweging egter wat die kreet aanhef én populariseer dat die mens moet terugkeer na die ou heidense Romeinse en Griekse kultuur want alleen daar was die mens volmaak en harmonieus geïntegreer in die

gemeenskap en wêreld. Die Renaissance verset hom skerp teen die Roomse kerk met sy askese en sy betreklike geringskatting van die mens en sy vermoëns. Só word die Renaisssance die beweging van die wedergeboorte van die waardering van die mens en die menslike. Die mens word nou 'n doel in homself wat homself moet verwerklik volgens die goeie gawes en moontlikhede wat hy van nature besit.

Uit die Renaissance, vanweë die stimulans van die Renaissance ontstaan in Duitsland en Frankryk, in hoofsaak, die beweging wat die naam van die Humanisme gekry het. 'n Beweging wat op die vlak van die letterkunde en die akademiese kennis dieselfde wou bereik as die Renaissance op die vlak van die skone kunste. Ook by die Humanisme geld die kreet: Terug na die bronne! Terug na die klassieke oudheid waar die mens die voortdurende beginsels van sy kennis en lewenshouding neergelê het. Só word Erasmus een van die groot verteenwoordigende figure van 'n beweging wat die geskrifte van die ou heidense Romeinse en Griekse filosowe en skrywers weer uitgegee en bestudeer en verwerk en dit as 'n nuwe gesaghebbende kennisbron vir die mens en sy lewenshouding poneer langs die Bybel en die kerklike leer. Ook hier by die Humanisme is daar die standpunt dat die mens net in sy eie verlede moet teruggaan om die standhoudende beginsels vir sy lewe en lewensopvatting te vind en as hy dan daarvolgens optree sal hy volkome, goed, gelukkig en wys wees.

Die merkwaardige is dat die geestesstrominge van die Renaissance en die Humanisme in hulle oorsprong en voortgang langs die kerk verby beweeg en byna geen rekening hou met die kerk en sy verkondiging nie. In baie gevalle is die verteenwoordigers van hierdie bewegings skerp-krities ten opsigte van die kerk en sy opvattings en sy gebruike. Opvallend is dan ook dat die kerk self baie meer vatbaar is vir infiltrasie deur die gedagterigtings van die Renaissance en die Humanisme as wat die kerk met sy prediking daardie bewegings kan beïnvloed.

Omdat die Renaissance heelwat van die gesag van die kerk aftakel, omdat die Humanisme in hulle naspeuring van die bronne ook aandag gee aan die oorspronklike teks van die Griekse Nuwe Testament en heelwat van die werk van die vroeë Kerkvaders weer uitgee, is hierdie bewegings in staat om tot op 'n sekere hoogte die pad van die Hervorming te effen. Maar in laaste instansie bly die Humanisme en die Hervorming wesensvreemd vir mekaar soos dit ook geblyk het uit die botsing tussen Erasmus en Luther oor die vraag of die mens 'n vrye wil het of nie. Die Humanisme se aandag bly beperk tot die mens, sy moontlikhede, sy voortreflikhede en dit kom op die lewensbeskoulike vlak nie verder as 'n moralisme nie.

Uit hierdie twee bewegings, die Renaissance en die Humanisme wat terruggryp na die lewens- en mensebeskouing van die ou grieks-romeinse heidendom kom die stimulans vir die sewentiende-agtiende eeuse rasionalisme wat op sy beurt groeipunte skep vir die negentiende eeuse liberalisme en sosialisme.

Die „lydende party" as mens dit so wil noem, is die Roomse kerk — dan skaar nog **Kerk** want in sy hiërargiese opbou,in sy massiewe veraardsing is daar skaars nog plek vir die Woord van God. Dit is 'n kerk wat in homself genoegsaamgeword het, wat tuis geraak het in die wêreld, wat homself sien as die verwerkliking van die beloofde Koninkryk van God. Dit is 'n kerk wat, as dit goed was, driemaal per jaar gepreek het, waar alles draai om die bygeloof van die mis wat in onverstaanbare latyn gelees word en om die gehoorsaamheid aan die pous. En die pouse — in die sestiende eeu is hulle manne wat in baie dinge bedrewe is behalwe in die kennis van die Woord van God. Daarom antwoord Rome die skerp, Bybelse kritiek van die Hervorming, uit armoede van gees, met die brandstapel en so word in die naam van die behoud van die eenheid van die kerk en die gehoorsaamheid aan die pous tallose mense vanweë hulle Bybelse geloof ter dood gebring. 'n Aksie wat in ons

dae sy navolging vind in die kommunisme — in die anti-christelike lewens- en leersisteem. En naas die brandstapel vestig Rome sy vertroue in sy antroposentriese teologie — as daar so-iets kan bestaan. Want naas die Woord van God verklaar Rome die tradisie as 'n tweede bron vir die kennis van die Waarheid en so sny Rome vir goed die pad af wat 'n versoening met die Hervorming moontlik maak.

Vandag is daar weer sprake van 'n „versoening" met of 'n toenadering tot Rome van die kant van 'n wêreld-protestantisme. Maar dit geskied vanuit die Geneve van die Wêreldraad van Kerke wat bitter min, indien enige, ooreen-koms toon met die Geneve van Johannes Calvyn. Hierdie toenadering is moonlik omdat die Wêreldraad hom al lankal nie meer laat lei deur die Woord alleen nie. Prinsipieel is daar, vanuit die Woord, byna geen keuse tussen Rome en die Wêreldraad nie — veral noudat beide al verder beweeg op die pad van die aanvaarding van die sosialisme.

Téénoor, skerp teenoor die Renassaince, die Humanisme en die Roomse Kerk staan die Hervormingsbeweging. Dit begin as 'n binnekerklike beweging, as 'n Bybels-verant-woorde kritiek teen kerklike misstande gekweek deur die Roomse aflaatpraktyke. As dié kritiek, as die sáák waarom dit gaan verbygegaan word en die persone wat die kritiek uispreek nie onthou word nie sal die kerk baie armer wees. Die Kerkhervorming oorstroom uiteindelik die mure van die kerk en verander die aangesig van Europa, letterlik en figuurlik, vir alle tye.

WAT IS DIE HERVORMING?

Niks anders as die na vore bring van die Gans andere, die vreemde Woord van God. Want die Hervorming verkondig, proklameer die evangelie — die vrolike boodskap van die alleen-heerskappy van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer oor kerk en wêreld en die onmiddellike geloof in Hom alleen. Dit gaan om die boodskap van die verlossing uit die sonde, dat die mens herskep word tot kind van God en die opdrag ontvang om te leef tot eer

van God alleen. Dit is die boodskap, dit is hierdie Woord wat die „ou Europa" en die hegemonie van die Roomse Kerk ineen laat stort.

Tog is die Hervorming, ondanks sy sentrale kern, ook nie 'n enkelvoudige beweging nie. By die awendsmaalsopvatting skei die weë van Luther en Zwingli en uiteindelik ook van Calvyn — alle bemiddelende pogings van Martin Bucer ten spyt. Uiteindelik is daar 'n Lutherse en Calvinistiese reformatoriese kerk, hoewel toegegee moet word dat daar méér is wat die Lutheranisme en die Calvinisme met mekaar verbind as wat daar verdelende momente is. In beide lê die hele nadruk op die groot dade van God, op die Woord van God, op sy wil, sy welbehae. En die mens . . . hy mag dankbaar bly Gods verlossing aanvaar om dan in gehoorsaamheid en verantwoordelikheid voor Gods aangesig te leef as verloste sondaar. Vir beide, die Lutheranisme en die Calvinisme, gaan dit om die geloof wat die mens mag ontvang as gawe van God, om die gehoorsaamheid in hierdie wêreld aan die Woord van God, om die uitsig op die komende vervulling van die Koninkryk van God wat nié van hierdie wêreld is nie.

Juis hiér ontstaan in die sestiende eeu die linkervleuel van die Hervorming. Die beweging wat die aktiwiteit van die mens oorbeklemtoon. Dit word die beweging sonder geduld en miskien daarom ook sonder werklike geloof omdat dit sèlf wil verwerklik wat God die Here in sy wysheid nog agterweë laat. Dit is die beweging van die fanatiese Anabaptisme, die militante bouers van 'n aardse „Koninkryk van God". Thomas Münzer wat die berugte opstand van die kleinboere in Duitsland aanvoer; Jan van Leiden en sy geesgenote wat in die stad Münster die aardse „Koninkryk van God" wil vestig en nie verder kom as swynery nie.

Dit is hierdie beweging wat in ons dae weer na vore gestoot word as dié groot voorbeeld van aktiewe christelike optrede in die wêreld. Münzer en Marx is die profete van die teologie wat die rewolusie wil bring, die skutsheiliges van diegene wat die Woord lees deur die bril van die sosialisme.

Die sestiende eeu lê in baie opsigte die grondslae van die godsdienstig-kerklike, geestelike en kulturele ontwikkeling van die daaropvolgende eeue. Die opvallende is dat al die magte en strominge wat in min of meer omlynbare vorm in die sestiende eeu na vore tree (én hulle opvolgers) met één uitsondering tog gemeenskaplike fasette toon. Die een is dat die natuurlike mens immer in die sentrum van die aandag staan, dit gaan om die mens, sy wense, sy begeertes, sy ideale. En die ander is die aanvaarding van die taak om die stem van die Bybels-reformatoriese teologie te smoor.

As ons vandag, meer as 450 jaar ná Luther se aanvanklike protes van 1517 na ons wêreld kyk dan is dit inderdaad opvallend dat die Bybels-reformatoriese denke in ieder geval nié die bepalende geeststroming van ons tyd is nie . . . selfs nie in die kerk nie! Vir baie het slegs die woord **Calvinisme** 'n vloekwoord geword; het die basiese beginsels van die Bybelsreformatoriese denke verwerplik geword; is die sosialistiese ideaal dié glansryke Utopia wat op aarde nagestreef moet word ook deur die kerk, selfs met wapengeweld.

Ons eie kerk het telkens op die skanierpunte van sy geskiedenis dit as sy besliste mening uitgespreek dat die kerk onverkort, onverminderd staan en val by die Bybels-reformatoriese teologie; dat ons kerk die taak aanvaar om die evangelie uit te dra; om die lig van Gods Woord op alle lewensterreine te laat val en om dan vreesloos te spreek. Vir die kerk is dit nie maar willekeurige keuse nie, dit is 'n opdrag van 'n Opdraggewer wat groter en meer is as die mens of die magte van hierdie wêreld.

Hierdie taak is nie 'n maklike taak vir die kerk nie. Dit is ook nie altyd 'n ewe maklike taak in die kerk nie. Dit is mos vandag die gewoonte om elkeen wat waarsku téén die gevare wat kerk, volk en ons Bybels-reformatoriese erfenis bedreig, te beskou as 'n groter gevaar as die gevaar waarteen gewaarsku word.

Laat ons één ding besef. Ook in die sestiende eeu was die taak van die Hervormers 'n onbenydenswaardige taak, 'n moeilike taak. Luther was sy lewe lank, vanaf 1521, 'n voëlvryverklaarde wat kragtens keiserlike dekreet deur enigiemand doodgemaak kon word; Johannes Calvyn was vanaf 1536 'n banneling wat sy vaderland nooit weer teruggesien het nie; Zwingli het as jong man sy lewe op die slagveld verloor. Die opdrag van God is en was nog nooit 'n waarborg vir 'n gerieflike aardse bestaan nie . . . die Heer van die kerk het tydens sy lewe géén plek gehad waar Hy sy Hoof kon neerlê nie. Ons kan, as diensknegte van Jesus Christus, met die opdrag om sy Woord te verkondig, om sy evangelie op alle lewensterreine te laat val, om vreesloos gehoorsaam te wees aan die Woord van God nie alleen omsien na ons gerief nie. Is daardie oorwegings wat by ons so baie tel nie miskien die oorsaak daarvan dat die opdrag wat ons as kerk en as lidmate van die kerk ontvang het, so halfhartig uitgevoer word nie?

As erfgename van die Hervorming van die sestiende eeu, meer bepaaldelik as geesteskinders van die Calvinistiese hervorming is en bly dit ons taak om **na die beste van ons vermoë** getuies te wees van Jesus Christus die Heer van die kerk en die wêreld. Daardie taak wil ons en moet ons volvoer . . . maar dit is ook 'n taak wat hoë eise aan ons stel. Eise van toewyding van studie, van opoffering . . . maar bowe al van geloof en vertroue in God die Heer. Die getroue uitvoering van dáárdie taak, dáárdie Godgegewe opdrag is die eis wat aan ons gestel word . . . daarin mag ons nie faal nie.

HOOFSTUK 3

DIE WOELINGE IN DIE KERK VAN ROME

Byna slaafs aan sy tradisie gebonde is dit iets vreemds om van woelinge in dié kerk te getuig. Nie alleen was Rome tradisie vas nie, maar het hom nog boonop daarop beroem dat hy altyd dieselfde is. Die absolute gesag van die pous, gesterk deur die leer van sy onfeilbaarheid in amptelike hoedanigheid, het hierdie tradisie-vastheid, hierdie onveranderlikheid 'van die sg. enigste kerk in die hand gewerk. So sterk was hierdie gesag dat dit selfs in hierdie tyd waarin die geroep om vryheid op elke gebied, ook op die gebied van die kerk, opklink, nog hier en daar deur geestelike leiers van hierdie kerk bepleit word, ja selfs al sou die pous in een of ander uitspraak hom vergis het. Dit word bv. nou gesê i.v.m. die pouslike verbod op die gebruik van geboortelike voorbehoedmiddels wat in bepaalde Rooms Katolieke kerklike kringe baie verset uitgelok het.

Vir eeue het die absolute gesag van die pous gegeld en só gegeld dat onderworpenheid een van die kenmerke van die pouslike kerk was. Hierdie gesag het woelinge en veranderinge feitlik onmoontlik gemaak. Waar so iets in die verlede, met die uitsondering van die Kerkhervorming, voorgekom het, is dit doodgedruk en dit veral na die onfeilbaarverklaring van die pous in amptelike hoedanigheid deur die konsilie van 1870.

Maar, die winde van verandering wat na die tweede wêreldoorlog aan die waai gegaan het en hier en daar verwoesting gesaai het en nog saai, het die gesagskerk van Rome nie gespaar nie. Ook daar het dit tot rukwinde oorgegaan en woelinge in kerklik-dogmatiese kringe veroorsaak.

Miskien was die eerste aanleiding daartoe die uitnodiging van die vorige pous, Johannes XXIII, aan protestantse kerkmanne om die konsilie in Rome as gaste by te woon. Dit was inderdaad 'n ingrypende verandering in die eeue-oue

houding van die kerk van Rome teenoor die sg. ketters. Hulle is as broeders verwelkom, hoewel die protestantse kerke nog nie as ware kerke erken is nie.

'n Tweede aanleiding tot die woelinge en veranderinge in die Middeleeuse tradisionele kerk is die oplewing in die gebruik van die Heilige Skrif wat vir eeue in 'n sekere sin 'n verbode boek was. Die geskrifte van sulke manne soos die groot Switserse teoloog Karl Barth het meegebring dat daar 'n nuwe benadering by sommige Roomse teoloë, soos prof. Küng en prof. Schillebeeckx en aartsbiskop Alfrink, ontstaan het t.o.v. reformatoriese teologie, asook t.o.v. die Reformasie as sodanig. Die reformatoriese kerke het egter nie alleen 'n goeie uitwerking op sommige Roomse teoloë gehad nie, maar helaas ook 'n slegte en wel in dié sin, dat ook die teologie van die Modernisme van Wes-Europa en Amerika invloed op sommige van hulle uitgeoefen het. Die gevolg hiervan is dat deur hulle die maagdelike geboorte van Jesus, sy opstanding en hemelvaart, sowel as die Bybelse wonders in twyfel getrek word. Spore van hierdie linkse rigting word bv. gevind in die nuwe Roomse kategismus in Nederland wat nogal besware sowel in Nederland as in Rome opgewerp het.

Maar dan is daar 'n derde oorweging wat moontlik 'n groot aanleiding tot die woelinge in die gesagskerk van die pous is, en dit is die strominge in die na-oorlogse tydsgewrig. Dit is nou die tyd van die uitwissing van grense, die omverwerping van alle gesag en die daarmee gepaard gaande gejaag na vryheid. Vandaar die doelbewuste afbreking van alle mure in sekere kringe tussen Rooms en Protestants. In Nederland word selfs gesamentlike kerke gebou en dienste deur leraar en pastoor saam gehou. Hierdie samewerking is des te opvallender omdat van Roomse kant keer op keer volgehou is, dat Rome geen een enkele van sy dogmas sal prysgee nie, dus ook nie dié wat 'n Protestant nooit sal kan aanvaar nie, soos die Mariaverering, die vagevuur en die vervloeking van die regverdigmaking uit geloof alleen, deur die sinode van Trente.

Die omverwerping van gesag kom ook in die Roomse Kerk na vore. Dit het tot uiting gekom o.a. in twee duidelike gevalle, die een die verset teen die selibaat, dat nl. 'n Roomse geestelike nie tot die huwelike staat mag toetree nie. Nou kom dit al meer voor dat in die een Westerse land na die ander tientalle en selfs honderdtalle aansoeke van pastoors, paters en priesters kom om van hulle selibaatseed onthef te word.

Die ander geval waar die verset teen die pouslike verordening toeneem is t.o.v. die verbod om die ‚pil' of ander mediese middels teen voortplanting te gebruik.

Die verset teen gesag hou verband met die oorbeklemtoning van vryheid wat as gevolg het die ondergrawing van die godsdienstige en morele fondamente van die lewe van 'n volk, wat dan op sy beurt weer uitloop op handuitrukkery van die jeug, ontwrigting van die maatskaplike lewe en die saai van wanorde en die bewerkstelliging van chaotiese toestande.

Waar al hierdie woelinge uiteindelik op sal uitloop sal die toekoms ons wel leer. Intussen sal dit goed wees as die kerk van die Here erns wil maak met die woord van onse Heer dat ons die tekens van die tye moet onderskei, sodat ons vir die koms van onse Heer bereid mag wees.

HOOFSTUK 4

DIE GESPREK: REFORMASIE — ROME

Dit is deesdae nogal 'n populêre tema om te praat of te skrywe oor die gesprek wat daar tussen Rome en die Reformasie moet plaasvind. Dié saak is nogal populêr omdat die indruk geskep word dat daar by Rome iets „verander" het sedert die optrede van pous Johannes XXIII. Daar sou dan 'n groter „openheid" by Rome ontstaan het en daar sou méér moontlikhede wees om met die Heilige Skrif as basis, 'n gesprek Rome-Reformasie te laat plaasvind. Die „openheid" wat daar by Rome sou wees, so word dan aangevoer, kan afgelees word uit die feit dat Rome die Reformasie nou-se-dae aanspreek as „afgeskeie broeders" en nié meer botweg as ketters nie. 'n Verdere saak wat in hierdie rigting sou wys, is die feit dat verskillende Protestantse geleerdes as waarnemers toegelaat is by die Vatikaanse Konsilie II en dáár met die nodige eerbetoon ontvang en behandel is. Die gesprek Rome-Reformasie sou dan ook, afhangende van hoe mens dit beoordeel, reeds aan die gang wees omdat daar tussen 'n paar Roomse geestelikes en 'n aantal Wêreldraad van Kerke-figure in Genève samesprekings gevoer is. Daar is selfs stukke gepubliseer waar kardinaal Bea en dr. W. A. Visser 't Hooft as Sekretaris-generaal van die Wêreldraad van Kerke oor en weer allerlei vriendelike dinge van mekaar sê.

Dit alles wil 'n indruk skep asof daar 'n soort **toenadering** bestaan of selfs gesoek moet word tussen Rome en die Reformasie. Die „gesprek" moet dan die middel wees om dié toenadering verder te voer om so skynbaar te kom tot 'n vasstelling van ooreenkoms en verskille. Daarby kom dit natuurlik dat „die gesprek" — soms verder gekwalifiseer as 'n „oop gesprek" 'n modeverskynsel is van ons tyd. 'n Modeverskynsel omdat dit simptomaties is van 'n tyd wat géén natuurlike grense meer wil hê nie, wat géén waardering

meer het vir die waarheid nie, wat meen dat alles uit die mens en deur die mens is en dus ook op suiwer menslike wyse „opgelos" kan word. Bostaande standpunte mag nie meer teenoor mekaar gestel word met die waarheid as hoogste of laaste norm nie. „Die gesprek" moet die verskille geleidelik relativeer totdat uitgekom word op 'n paar gemeenskaplike opvattings en dié moet dan triomfantlik tot die waarheid verhef word — die verskille moet dan as onnodige struikelblokke vergeet word.

Soms word daar selfs voorgestel dat die deelnemers aan die gesprek hulle onderskeie standpunte moet vergeet sodat dan saam met die gespreksgenoot 'n nuwe soektog na die waarheid begin kan word. In sommige kringe word hierdie werkmetode hemelhoog geprys as die beste manier om 'n gesprek Rome-Reformasie aan die gang te kry.

Dit is egter duidelik dat só gesien „die gesprek" maar 'n swak-verdoeselde poging is om 'n algehele kapitulasie te verbloem. Dit is dan ook opvallend dat die grootste yweraars vir 'n gesprek met die teenstander, juis diégene is wat géén behae meer daarin het om die eie standpunt te stel nie maar 'n geleentheid soek om deur middel van 'n „oop gesprek" die standpunt van die teenstander so elegant as maar moontlik oor te neem. In ander gevalle is dit 'n geleentheid om in ieder geval die mees kenmerkende van die eie standpunt weg te steek en om dan met die teenstander te gaan praat oor dergelike onbelangrike ondergeskikte verskilpunte dat die vraag onwillekeurig na vore kom waarom daar in ieder geval gepráát moet word.

Voordat daar dus op 'n verantwoordelike wyse oor 'n gesprek Rome-Reformasie gepraat kán word, sal daar éérs uitgemaak moet word wat daar onder 'n gesprek in hierdie verband verstáán moet word.

Dan is daar nog 'n verdere probleem. As die twee teenstellendes Rome-Reformasie genoem word, moet ons éérs duidelikheid kry wie en wat **Rome** is. Dit is relatief eenvoudig om op dié vraag te antwoord want in die kader van die

KITAL

sorgvuldig hiërargies-opgeboude Kerk van Rome is daar in laaste instansie net één gesaghebbende nl. die biskop van Rome wat homself óók pous èn plaasvervanger van ons Here Jesus Christus op aarde noem. Hy is in die Roomse Kerk die enigste onfeibare; die enigste man wat die waarheid soos die Roomse Kerk dit ken en bely, besit; hy is die enigste ampsdraer wat álle verantwoordelikhede dra. Immers, volgens die Roomse sisteem, is selfs 'n Konsilie van die kerk, 'n byeenkoms van alle biskoppe èn kardinale **in feite** nié eers 'n gesprek tussen die Opperherder van die kerk, die pous, en die biskoppe nie maar is dit **'n monoloog.** Want alleen daardie besluit van die Konsilie wat die goedkeuring van die pous wegdra, en deur hom aanvaar word, het bindende krag. Die pous is ook in géén mate gebind deur die opvattings of menings of besluite van 'n biskop of 'n kardinaal of 'n Konsilie of 'n Sinode nie. Die pous, kragtens sy posisie, het die reg om op sy eie te praat en dan **moet** die hele Roomse Kerk gehoorsaam — al sou, teoreties gesproke, die pous se standpunt indruis téén alles wat in die kerk deur ampsdraers of vergaderings gesê of besluit is. Want die pous en die pous alléén is onfeilbaar, hy het die waarheid.

Rome — dit is net één man: die pous. Die menings van hooggeleerde Roomse professore, van kardinale, biskoppe of priesters is **relatiewe menings en uitsprake** wat voortdurend onderhewig is aan die moontlikheid dat die pous dit kan verwerp.

Wil mens dus **realisties** wees, dan beteken 'n gesprek Rome-Reformasie alléén dit: dat die woordvoerder van die kant van Rome die pous moet wees. 'n Gesprek met, in feite onmondige ondergeskiktes kan wel interessant wees en dit kan die tyd verwyl, maar regtig sinvol kan dit moeilik wees want die ondergeskikte kan nié gesaghebbend, namens Rome, optree nie.

Verder is dit interessant om daaraan te dink dat van die pous, wat in die Roomse Kerk nie eers 'n gesprek met sy ondergeskiktes hoef te voer om tot 'n mening te geraak

nie, wat kragtens sy posisie alléén 'n monoloog kán voer, nou verwag word om wèl 'n „oop gesprek" met sogenaamde „afgeskeie broeders" te voer!

Dan is daar die derde faktor — die Reformasie. Wat moet mens dáaronder verstaan? Die Wêreldraad van Kerke? Spaar ons dit dat die Wêreldraad van Kerke as verteenwoordigend van **die Reformasie** beskou sal word. Want dit is tog die Wêreldraad sèlf wat 'n paar jaar gelede jubelend vertel het hoe **anders** die Genève van Visser 't Hooft is as die Genève van Johannes Calvyn. Ten oorvloede kan mens nog daarop wys dat die Wêreldraad van Kerke 'n mengsel is van agente van die Russies-kommunistiese Geheime Polisie, sorgvuldig vermom as biskoppe en ampsdraers van die Russies-Ortodokse Kerk, Amerikaanse sosialiste en liberaliste wat as entoesiastiese „social gospellers" die fondse vir die Wêreldraad van Kerke voorsien, Engelse Anglikane wat méér begaan is oor Rhodesië en rasse-diskriminasie as die feit dat die Anglikaanse Kerk nog maar skaars 3% van die Engelse volk met sy boodskap bereik, en dan is daar nog groot getalle lidkerke uit al die dele van die wêreld wat méér belang daarby het dat die Wêreldraad die kommunistiese imperialisme moet bevorder as dat die evangelie van Pesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, uitgedra word.

Terloops kan dit net vermeld word dát daar 'n „gesprek" tussen die Wêreldraad en Rome gevoer is en word. Maar dit gaan nie oor die waarheid nie, maar dit gaan oor samewerking op die maatskaplike vlak. So het die Wêreldraad en die Roomse Kerk al 'n paar gemeenskaplike berade gehou. Die belangrikste wat egter daaruit voortgekom het, was dat besluit is dat daardie magte wat besig is om die Westersdemokratiese wêreld te ondermyn, ondersteun moet word.

Laat ons dus klonkudeer dat die Wêreldraad nie namens **die Reformasie** met die Roomse Kerk kán praat nie want, indien moontlik, begryp die Wêreldraad as organisasie waarskynlik minder van die reformatoriese teologie van Calvyn en Luther en hulle opvolgers en erfgename as die Roomse Kerk.

Op hierdie stadium, so wil dit voorkom, het ons betoog by 'n dooiepunt uitgekom. Feitelik is dit ook korrek want afgesien van wat onder die begrip „gesprek" verstaan moet word, is dit tog so dat hoewel „Rome" 'n baie spesifieke begrip is nl. die pous, kan dieselfde nié van „die Reformasie" gesê word nie. Wie en wat namens „die Reformasie" 'n gesprek met Rome sou moet voer, is bykans onmoontlik om uit te maak. Terwyl dit egter die bedoeling is om die moontlikhede te ondersoek van 'n gesprek, is dit miskien die beste om die saak dan maar baie direk te maak en te argumenteer oor die moontlikheid van so 'n gesprek waaraan ons kerk as **reformatoriese kerk** sal deelneem. Dit is binne die perke van die moontlike want dit beteken dat die Algemene Kerkvergadering as die verantwoordelike liggaam wat belas is om oor die leer van die kerk finale uitsprake te gee, die één kant van die gesprek sal kan behartig. Die ander deelnemer aan die gesprek sal die pous moet wees want alleen hy kan, binne die kader van die Roomse Kerk, **op dieselfde vlak** aan 'n gesprek deelneem as die Algemene Kerkvergadering.

Dan, as dit aanvaar word, kom mens by die vraagstuk van „die gesprek". Wáároor sal dié gesprek moet gaan? Van Rome se kant en te oordele na vorige pouslike uitsprake, kan daar net één rigting vir dié gesprek wees. Dit is dat ons van Rome sal kan verneem op watter basis en volgens welke riglyne ons kan en moet terugkeer na die Roomse Kerk. Dit is ook verstaanbaar want volgens Rome is daar net één **ware kerk** en dit is die pouslike kerk, die besitter van die waarheid én die tradisie waarvan die Reformasie hom losgemaak het. Diégene wat **buite** die Roomse Kerk staan, is in wese, volgens dié redenasie, ketters wat onherroeplik verlore móét gaan want buite die kerk is daar géén saligheid nie. Hoewel Rome deesdae na die Protestantisme verwys as „afgeskeie broeders" het dié benaming nog nié gelei tot die herroeping van één van Rome se uitsprake oor die Protestantisme soos byvoorbeeld by die Konsilie van Trente nie. Daarby het, so ver my kennis strek, die Roomse Kerk **nog nooit** met één enkele woord te kenne gegee dat sy optrede in die 16e, 17e

en 18e eeu téén die Protestante verkeerd was nie. Die martelare van die Reformasie word in wese deur Rome nog steeds beskou as gevaarlike ketters wat hulle verdiende loon ontvang het.

By Rome is daar dus 'n absolute sekerheid dat Rome en Rome alléén die waarheid besit. Hoe kan dit ook anders? As die pous beskou word as die plaasvervanger van Jesus Christus op aarde, as die onfeilbare besitter en uitlêer van die waarheid soos dit in die Skrif èn die tradisie binne die Roomse Kerk bewaar word, as die kerk beskou word as die aardse organisasie wat na willekeur in die misoffer die liggaamlike teenwoordigheid van Jesus Christus kan afdwing dan is dit duidelik dat ons hiér te make het met 'n menslike organisasie wat aanspraak maak op goddelike eienskappe (op grond van die tradisie alléén) en niks kan prysgee sonder om die hele lugkasteel wat gebou is, inmekaar te laat tuimel nie. Verder kan Rome nié afsien van sy imperialistiese neigings nie en hoewel Rome deesdae, waar dit hom pas, die weg van oorreding volg om tot groter uitbreiding te kom, het Rome nog nooit 'n geheim daarvan gemaak dat hy in wese géén ander kerklike organisasie naas hom duld of kan duld nie.

'n Gesprek dus wat moontlik Rome se posisie, sy aansprake, sy oogmerke in die gedrang kan bring, is uit die aard van die Roomse organisasie en teologie nié aanvaarbaar nie en sal ook nooit plaasvind nie. Waar Rome wèl toetree tot 'n gesprek, is dit òf oor bysake òf word daarin die moontlikheid gesien om Rome se gesag en posisie uit te brei. Daar moet dus terdeë rekening gehou word met die feit dat Rome nooit werklik tot 'n gesprek kan toetree waar Rome moontlik aan die verloorkant kan wees nie. 'n Werklike **gesprek** waar dit gaan om 'n eerlike en gesamentlike soek na waarheid soos dit in die Heilige Skrif gegee is, is tussen Rome en Reformasie **nie moontlik nie.**

Wat die Reformasie betref, of om dit méér spesifiek te stel, wat ons kerk betref is dit moeilik om as enkeling stelling te maak of 'n standpunt uiteen te sit wat alléén deur die

Algemene Kerkvergadering gedoen kan word. Tog sal die volgende punte wél deur 'n Algemene Kerkvergadering in ag geneem moet word as daar sprake is van 'n gesprek met Rome.

Die kerk bely tóg dat hy die waarheid van Gods Woord gehóór en verstaan in sy Belydenisskrifte saamgevat het. Dáárdie samevatting van die waarheid kan die kerk nié verloën as hy tot 'n gesprek toetree waar dáárdie waarheid nié aanvaar word nie. Inteendeel, in só 'n gesprek sal die kerk daardie waarheid onverkort en onveranderd moet bly uitdra. Dit beteken dat **die vervloekte afgodery** van die Roomse misoffer baie pertinent gestel sal moet word (Heid. Kategismus Vr. en Antw. 80) — om nou maar één saak spesifiek te noem.

'n Baie groter probleem gaan egter in só 'n gesprek ontstaan wanneer oor **die bronne van die waarheid** gepraat moet word want kragtens art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis kan ons kerk nié Rome se aanspraak op die absolute besitreg van die waarheid, soos Rome dit uit die Skrif én die tradisie distilleer, aanvaar nie. Is buitendien 'n gesprek moontlik met Rome as die Heilige Skrif ons leer: „As iemand na julle kom en hierdie leer nié bring nie, ontvang hom nie in die huis nie"? (vgl. N.G. art. 7 — II Joh. 1:9-10).

Net so sal rondom artikels 14, 15 en 16 van die Ned. Geloofsbelydenis óók gespreksprobleme ontstaan omdat Rome 'n standpunt huldig wat direk teenstrydig is met die waarheid van Gods Woord. Méér derglike gevalle kan genoem word en die vraag ontstaan, kan daar buitendien 'n gesprek oor die waarheid gevoer word of sal die kerk moet volstaan met 'n belydenis van die waarheid? Dit is tog ondenkbaar dat selfs die moontlikheid oorweeg sal word dat ten opsigte van Rome die reformatoriese standpunt, wat die Bybelse standpunt is, só gestel sal word asof die waarheid daarvan nóg bewys moet word. Dit is dan ook géén wonder dat waar wél 'n gesprek met Rome plaasgevind het dit eerder gegaan het om 'n gesamentlike hulpverlening aan

allerlei twyfelagtige organisasies en instansies as oor dié dinge wat 'n onoorbrugbare kloof tussen die Reformasie — die Bybelse waarheid — en Rome vorm. As daar egter gepraat sou word en ons kerk sou 'n gesprek met Rome voer, dan kan dit nié anders as dat daar **gepraat sal moet word** oor hiérdie kardinale verskilpunte nie. Daarom sal ons ook met krag moet getuig van die waarheid van die Bybelse boodskap — 'n waarheid wat nog lank nie deurgedring het in die Roomse teologie nie, 'n waarheid wat nog elke dag verloën word deur die Roomse misoffer, 'n waarheid wat egter sal seëvier al word die getalle van diégene wat bereid is om vir die waarheid te getuig steeds kleiner.

Samevattend kan dus gestel word dat 'n egte gesprek Rome-Reformasie 'n saak is wat glad nie voor die hand liggend is nie en dat dit byna 'n onwaarskynlikheid genoem moet word. Sou dit deurgaan, moet dit 'n gesprek wees waar dit om prinsipiële dinge gaan — al is dit ook oor prinsipiële verskille. Want wat ons aan Rome aan te bied het, is nie saamgevat in aardse mag of glorie of getalle of rykdom nie. Buitendien het Rome daarvan méér as wat ons in ons wildste fantasieë ons kan voorstel. Wat ons Rome kan en moet leer is die evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, die evangelie volgens die Skrifte. Daarvan het Rome, ondanks ál sy ander rykdomme, bitter min . . . daarin is ons, as kerk, ryklik geseën, danksy die genade van God.

In 'n gesprek met Rome sal ons dus 'n gesprek moet voer om Rome te bring tot bekering, om hom van sy dwaalweg terug te bring na die eenvoudige waarheid soos God dit aan ons geopenbaar het. As ons dáárin sukses sou hê, sal dit wees omdat die Woord van God — die onveranderlike waarheid — self sy eie gang gaan.

HOOFSTUK 5

DIE ROOMSE LEER

(i) DIE ROOMSE KERK PRAAT NOU OOK AFRIKAANS.

Alhoewel daar in Suid-Afrika nog altyd 'n Roomse poging was om Afrikaans te praat, veral deur mense van Nederlandse afkoms vir wie dit uit die aard van die saak makliker is om hulle in Afrikaans verstaanbaar te maak, is dit eers sedert 1950 dat daar besluit is om nou as Roomse Kerk behoorlik en gereeld en georganiseerd Afrikaans te praat. Ons verwys hier na die ontstaan van 'n Roomse Afrikaanse maandblad wat sedertdien gereeld verskyn. Hierdie blad dra die merkwaardige naam van „Die Brug". Dit wil met alle moontlike middele wat daar gevind en uitgedink kan word, 'n brug slaan tussen die Roomse Kerk en ons, die Protestantse broeders en susters. Wie hierdie Brug dophou merk al dadelik dat hy in een van daardie soort strate „gebou" is wat mens vandag in al die groter dorpe en stede van ons land aantref, daardie soort strate wat **net in een rigting loop.** Die straat of pad wat oor hierdie „brug" loop, sluit die verkeer uit **albei** rigtings totaal en al uit. Die verkeer oor hierdie Roomse Brug word gereël vanaf die kerke van die Hervorming **terug na Rome!**

Waarom die Roomse Kerk hierdie afgelope byna twintig jaar so volhardend en suiwer Afrikaans praat, is opsigtelik duidelik. Laat u en ek maar net by wyse van proefneming 'n erediens gaan bywoon in enige kerk waar 'n ander taal as Afrikaans gepraat word, dan weet ons dadelik dat dit nie alleen 'n vreemde „gevoel" is wat ons bemeester nie, maar dit is asof die verkondiging nie deurdring tot die diepste van ons menswees nie. Alle sendelinge oor die lengte en breedte van die wêreld, of hulle nou in Japan werk of in midde Afrika sal dadelik en onomwonde meedeel dat die

noodsaaklikheid om die evangelie te verkondig **in die taal van die toehoorders** vir geen oomblik onderskat kan word nie. Dit het die Roomse Kerk lankal geleer. Merkwaardig dat dit so lank geneem het om ernstige aandag aan Afrikaans te gee. Die bedoeling is duidelik: spreek die Afrikaner aan in die taal van sy hart! Die Afrikaner hou oor de algemeen nie van 'n vreemde gevoel of „nuwighede" in sy kerk nie. In die verlede het hy, die Afrikaner, in die Roomse Kerk so vreemd gevoel dat hy gouer daaruit gestap het as daarin; hy het vreemde dinge gesien, altare, beelde, mansmense in rokke met voorskote aan, priesters wat beweeg van beeld tot beeld . . . maar die ergste van alles was waarskynlik nog dat hy feitlik niks **verstaan** het van wat daar gesê is nie. Daar is Latyn gepraat en gepraat-sing (chant) en toe is daar 'n soort van kort prekie **in Engels** gehou. Dus: die „gevaar" van oorlopery na so 'n kerk is vir alle praktiese redes uitgesluit; ons Boere hou nie van sulke dinge nie. Hoe gaan die Boer in sy hart aangespreek word? Rome het gedink en weer gedink. Rome het geluister en weer geluister. Daarna het die Roomse oor iets opgevang . . . „O moedertaal, o soetste taal, jou het ek lief bo alles . . ." Sulke sentimente moet gebruik word. **(Ek weet van geen ander geskrif wat op so 'n meesterlike wyse sentimente van die Afrikanervolk kan gebruik as hierdie Brug nie.)** In 'n uitgawe van „Die Brug" van Maart 1960, erken die skrywer: „Nou is dit waar dat baie — te baie — Engelssprekende geestelikes van oorsee die Afrikaner onsimpatiek gesind is en hulle aandag eerder aan die Bantoe skenk, waardeur hulle natuurlik ook die naturelle tale aanleer. Die Anglikane byvoorbeeld, het moontlik gevoel dat hulle per slot van sake 'n Engelse kerk is en dus niks met Afrikaans en die Afrikanervolk te maak het nie. Toe die Katolieke Kerk egter daarop gewys het dat sy nie 'n Engelse kerk is nie, dat haar priesters tweetaligheid nastreef en dat Afrikaners in toenemende mate 'n geestelike tuiste in die Katolieke Kerk vind, het die Afrikaanse pers egter nie genoemde Kerk se Suid-Afrikaanse gees toegejuig nie. Dit sou dan ook in die omstandighede 'n onverwagte verskynsel gewees het. Noudat die Katolieke

seminaries in ons land meer en meer gebore Suid-Afrikaanse priesters lewer wat ook tweetalig is, die mense en hulle probleme deeglik ken en die Afrikaner goedgesind is, sal ons Kerk weldra 'n gesonde Suid-Afrikaanse gees adem en die aantyging van „ingevoerde priesters" sal 'n natuurlike dood sterf, veral daar die Hiëragie reeds grotendeels uit landseuns bestaan".

Inderdaad . . . die Roomse Kerk wil Afrikaans praat en waardeer! Luister net wat lees ons in „Die Brug" van Maart 1961: „Sodoende sal ons ook op reis gaan deur die groot saal van die Afrikaanse digters: van die eerste baanbrekers Hofmyer en du Toit, wat so vurig geveg het vir hul nasie en hul taal; die digters van „'n Ieder nasie het syn taal":

„Ons praat van Kaap tot in Transvaal
Wat almal maklik kan verstaan —
Wat gaan die ander tale ons aan?
Ons praat soos pa en oupapa,
die landstaal van Suid-Afrika".

Rome wil nou die mense **leer** om Afrikaans te praat. Daarom is die beginpunt daar waar Rome graag begin, by die jeug. In „Vriendskapklub Die Brug" waarby almal tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar kan aansluit, word een van die oogmerke van die Jeugklub soos volg gestel: „Aangesien tweetaligheid in die beste sin van die woord een van die mikpunte van hierdie rubriek is, wil ons graag penmaatskap, veral tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes bevorder . . . die briefwisseling kan dan tweetalig wees en dus leer jy om nie net die taal nie, maar ook die gees en lewenshouding van die anderssprekende te verstaan, tot voordeel van ons land en tot die verwesenliking van ons leuse: ‚Eendrag maak mag'."

Ons kyk na nog 'n paar voorbeelde hoe die Roomse Kerk in alle erns suiwer Afrikaans wil praat:

1. **'n Rooms Katolieke woordeskat van kerklik - godsdienstige terminologie** moet opgebou word. Die leer van die kerk, soveel eeue reeds in Engels bekend, moet in Afrikaans vertaal word. Konsepterme vir talle sake word voor-

gestel: „Faithful departed" word „afgestorwe gelowiges": „Mortuary list" word „Dodelys"; „Church militant, church suffering; church triumphant" word „strydende kerk, lydende kerk, seëvierende kerk". Maar ook Roomse gebruike moet in Afrikaans geskrywe kan word. Ons sien die worsteling om laasgenoemde arbeid te verrig, verg sweet. Byvoorbeeld: „After candidates for the religious life have been postulants for six months, they become novices under obedience to the Novice-master or Novice-mistress. The Noviciate lasts for 1 or 2 years". Die konsepvertaling lui soos volg: „Nadat kandidate vir die kloosterlewe vir ses maande postulante was word hulle as novisies onder gehoorsaamheid aan die novisemeester of die novisemeesteres geplaas. Die novisiaat duur 1 of 2 jaar". Werklik, die Boeretaal kry ook maar swaar om Rooms te praat .

2. **Die Roomse Kerk wil in Afrikaans bid:**

In 'n brief aan „Die Brug" lees ons:

Waarde Heer, Ek sluit my intekengeld vir een jaar in. Ek wens dat die biskoppe alle parogiepriesters sal beveel om hul aanplakborde tweetalig te maak, anders lyk dit asof net Engelssprekendes by die dienste welkom is. Kan daar nie fonetiese gebedekaarte gedruk word vir die gebede na die Mis nie, sodat geen enkele priester 'n ekskuus sal hê om nie nou en dan die gebede in Afrikaans te bid nie? . . . („Die Brug", Maart 1961). Intussen het hierdie skrywer se versoek 'n werklikheid geword. In 'n gebedeboekie getitel „Daaglikse Gebede" word die gang van die heilige Mis in sy geheel in Afrikaans beskikbaar gestel. Daarin bid die gemeente tydens die bediening van die heilige sakrament van die Mis soos volg: (Sien bls 18 en 19). „Ek bely aan die Almagtige God, die Heilige Maria altyd Maagd, die heilige aartsengel Michael, die heilige Johannes die Doper, die heilige apostels Petrus en Paulus, alle heiliges, en aan U, Vader, dat ek swaar gesondig het in gedagte, woord en daad — deur my skuld, deur my skuld, deur my allergrootste skuld. Daarom vra ek die heilige Maria altyd Maagd, die heilige aartsengel

Michael, die heilige Johannes die Doper, die heilige apostels Petrus en Paulus, alle heiliges, en U, Vader, om tot die Here ons God vir my te bid . . ."

(Oor die Bybels-teologiese inhoud van hierdie gebede sê ons nou niks. Ons is hier slegs besig om aan te toon dat ons stelling in die opskrif van hierdie artikel juis is, naamlik dat die Rooms Katolieke Kerk nou ook Afrikaans praat.)

3. **'n Groot getal Rooms-Katolieke boeke, brosjures, pamflette ens. in die Afrikaanse taal is reeds gepubliseer:**

Ons dink hier aan die volledige „Afrikaanse Altaarmis-saal" waarby die vyf nuwe sg. „votiefmisse" ingesluit is. Die prys is R17.50. Die prys is 'n aanduiding van die **omvang** van die boek. Daar is ook die sg. „Goeie Week en Paasliturgie" beskikbaar, met die volledige Afrikaanse teks van die plegtighede op Palmsondag, Witte Donderdag, Goeie Vrydag, Paasnaweek, Paasfees en Paasmaandag. Hier voor ons op die tafel lê 'n half dosyn pamflette in Afrikaans. Ons lees die opskrifte: Katolieke Kategismus vir die Kleinspan, Maria in die Bybel, „Voortrekkers vir God", Die Pous, Die Bieg, Die Waarheid omtrent die Bybel, ens.

Vir my lyk dit of die Reformatoriese Kerke die Roomse arbeid in ons land in oënskou moet neem en positief daarop moet reageer. (Die omvang van die aktiwiteite van hierdie kerk in Suider Afrika, word in 'n artikel wat sal verskyn en ons kerklike „Almanak" 1969), aangetoon. Die Roomse Kerk stuur Afrikaanse pamflette en geskrifte oor die lengte en breedte van ons land. Hierdie kerk is besig om homself aan ons te introduseer, voor te stel, in ons moedertaal. Luister net hoe beleefd word die verkeer in die eenrigting-straat oor „Die Brug" gelei: „Daar is soveel wat Katolieke en Protestante behoort te verenig in hierdie wêreld van ongeloof, onverskilligheid en ateïsme, dat die nadruk op wat ons verenig, meer as wat ons skei, gelê moet word". („Die Brug", Maart 1961.) Wanneer ons hierdie vriendelikheid van die hand wys, moet ons ons daarvoor kan verantwoord. Gaan dit om „die bestryding van die Roomse gevaar" of gaan dit om „die handhawing van ons Protestantse Erfenis"?

(ii) „MARIA IN DIE BYBEL"

Die Katolieke-Afrikaner-Sentrum bied in ons eie Afrikaanse taal 'n sg. „Feitereeks" van geskrifte aan. Hier voor my lê juis een van hierdie pamflette met die titel: „Maria in die Bybel". Nou het ek werklik gehoop om in hierdie „Maria in die Bybel" 'n Bybelse Maria te vind. Wat ek hierin gevind het is, tot my teleurstelling, nie die vrou wat in die titel van ons pamflet beloof is nie, naamlik die BYBELSE vrou nie. Dit gaan hier, soos aangekondig, om 'n verklaring van die Heilige Skrif. Nou wil ek dit die skrywer verkwalik dat hy verklaar: „Katolieke glo dat hulle die Skrif volgens die ware betekenis verklaar, maar dat die Protestantse Skrifverklaring aan 'n lang tradisie van onvoldoende interpretasie onderworpe is". Hier word rustig gepraat van 'n „ware betekenis" van Skrifverklaring sonder een enkele verduideliking daarvan. Hier word rustig gekonstateer dat die Protestantse Skrifverklaring aan 'n lang tradisie van onvoldoende interpretasie onderworpe is. Dis onjuis. Wat presies „voldoende" en wat „onvoldoende" is, word ook nie nader bepaal nie. Laat ons dit in elk geval hier duidelik stel dat, alhoewel die Skrifuitlegger luister na die uitsprake van die kerk oor hoe die kerk die Skrif in die verlede verstaan het, weet hy een ding maar al te goed, dat die kerk nie outoriteit oor die Heilige Skrif besit nie! Reeds **Zwingli** het verklaar, vyf jaar na die Wittenbergse kerkdeur soveel aandag getrek het, dat „almal wat sê die evangelie is niks sonder die goedkeuring van die kerk nie, dwaal en smaad God". In dieselfde gees spreek Calvyn: „Dit is goddeloos om voor te gee dat die geloofwaardigheid van die Skrif afhang van die oordeel van die kerk. Nee, die Reformatoriese Skrifverklaring is juis **nie** aan 'n tradisie van interpretasie onderworpe nie, laat staan maar „onvoldoende" interpretasie!

„Maria is ook nie die verlosser van die mensdom nie . . .", aldus 'n sinsnede op bladsy een van genoemde pamflet. Hieroor wil ons kommentaar lewer:

Wanneer die skrywer so beweer, is dit tog merkwaardig dat hy nie aan die lesers 'n verduideliking gee van die Roomse leer wat Maria aan ons voorhou as MEDE-Verlosser(es) nie. Wanneer die Roomse teoloog G. D. Smith 'n boek skryf in 1954, getitel „Mary's Part in our Redemption" („redemption" is verlossing), sal die genoemde Afrikaanse „Feitereeks" dit tog wel erken dat hierdie vrou, Maria, volgens die Roomse leer 'n nie-onbelangrike deelname het aan die verlossing van die mensdom nie. Miskien het die skrywer van die pamflet wel dit in gedagte dat sy Protestantse leser tog nie die HELE waarheid met een slag sal kan vat nie. Laat hy dan maar die waarheid stuksgewys te hore kom. Want soos dit daar staan, dat Maria nie die verlosser van die mensdom is nie, is gemeengoed onder die Protestante. Daarmee het hulle groot geword, in die sondagskool en katkisasie en in die kerk. Maar . . . nou moes die skrywer liewer met die hele groot ROOMSE waarheid voor die dag gekom het en dit nie verberg het vir 'n moontlik latere geleentheid nie. Korrek: Maria is nie die verlosser nie . . . maar sy is MEDE-Verlosser, die vroulike mede-verlosseres . . . „om zoo door Zijn lijden en dood de verlossing voor ons te verdienen, en zij daarin met Hem **mede moest werken**". (Aldus die Roomse professor Malmberg. Onderstreping van ons.) Die Roomse teoloog E. M. Janssens (en verskeie ander) het hierdie deelname van Maria in die verlossingsplan breër uitgewerk. Hulle laat haar werk as mede-verlosseres verloop in drie periodes: Voor die menswording van Christus, saam met Christus tot aan sy dood, en na sy dood tot haar eie heengaan. Ons siteer: „As medeverlosseres in die Heilige Drievuldigheid, in besonder van die Heilige Gees, voer Maria die goddelike verlossingsplan **mede** uit; as medeverlosseres van haar Seun neem sy deel aan sy lewe, lyding en sterwe. Die eerste medeverlossing is bruidelik, die tweede moederlik; as bruid van God stem Maria diensbaar met alles in; as moeder van God bring sy die Verlosser voort en deur Hom, virtueel, die verlostes". (Aldus Janssen in „De Katholieke Kerk"). Laasgenoemde skrywer gaan selfs nog 'n tree verder: „Langs beide zjien strekt Marias leven op aarde zich **verder**

uit dan dat van Jesus: **men mag het niet besnoeien, als zou alleen wat met Jesus voorbijgaan gelijktijdig verliep, belang hebben en waarde"**. (Ons onderstreep).

IN DIE PRAKTYK, in die geloofslewe van die gewone Roomse lidmaat, kom die figuur van Maria op soos dit in die volgende gebed duidelik word, naamlik as Verlosser: „I **worship** thee, great queen and give thee thanks for the many favours thou hast bestowed on me in the past; most of all do I thank thee **for having saved me from Hell,** which I so often deserved . . . in thee I put **all my trust, all my hope of salvation** . . . leave me not until you see me safe in heaven, there for endless ages to bless thee and sing thy praises Amen". (Hierdie gebed kom voor in die „Little Flower Prayer Book".) Ons vra: Wat beteken tog die woorde **„saved from Hell"** en **„all my hope of salvation"** indien dit nie betrekking het op Maria as Verlosser(es) nie?

Nou weet ons wel dat daar ook Roomse teoloë is wat hierdie titel van Maria „Middelares", met groter versigtigheid en reserverend gebruik. Ons moet dus billikheidshalwe teenoor die Roomse Kerk opmerk dat daar ook ander stemme in hierdie kerk is, stemme wat waarsku dat die Marialeer nie te ver deurgedryf en oordryf moet word nie. Wanneer egter verskeie **pouse** haar die titel toegeken het, Maria-**Medeverlosseres** (in die kerktaal, Latyn, genoem „Co-redemptrix"), dan is dit tog seer seker 'n uitgemaakte saak dat daar groot waarde geheg word en geheg **moet** word aan haar werk as 'n medeverlosseres van die mensdom. Ons verwys hier na die uitsprake van pouse Leo XIII, Pius X, Benedictus XV, Pius XI en Pius XII; hulle almal gebruik die titel Mede-Verlosseres **(Co-redemptrix).** Al is **hierdie** uitsprake van die pouse nie onfeilbaar nie, omdat dit nie van af hulle kansel gelewer is nie (ex cathedra), tog staan dit in die pouslike ensiklieke, apostoliese briewe ens. Dit staan dus daar geskrywe as uitsprake wat met groot agting en respek bejeën word, as samevatting van beskouings van groot Roomse teoloë.

Nee, in die godsdienstige bewussyn van die Roomse lidmaat sien ons 'n **ander** Maria as die Bybelse Maria. Luister net hoe bid die Roomse broeder of suster IN AFRIKAANS: (Of is dit slegs **aanroeping?).**

Die Litanie van Maria

„Here, wees ons genadig,
Christus, wees ons genadig,
Here, wees ons genadig.
Christus, verhoor ons.
God, hemelse Vader ontferm U oor ons.
God, die Seun, Verlosser van die wêreld.
God die Heilige Gees,
Heilige Drie-eenheid, een God . . ."

Pragtig! Tot hiertoe kan ons saambid, met hart en siel. Dan skei ons weë; die Roomse broeder en suster bid nou alleen. Luister net hoe lui **dieselfde** gebed verder:

„Heilige Maria, bid vir ons.
Heilige moeder van God,
Heilige Maagd der maagde,
Moeder van Christus,
Moeder van goddelike genade,
Moeder so rein,
Moeder so kuis,
Moeder ongeskonde,
Moeder so vlekkeloos,
Moeder so beminlik,
Moeder so wonderlik,
Moeder van goeie raad,
Moeder van die Skepper,
Moeder van die Verlosser.
Maagd so wys,
Maagd so eerwaardig,
Maagd so lofwaardig,
Maagd so magtig,
Maagd so barmhartig,
Maagd so getrou.
Spieël van geregtigheid,

Setel van wysheid,
Bron van ons vreugde,
Geestelike Kelk,
Eerbare Kelk,
Uitstaande Kelk van godsvrug,
Mistieke Roos,
Toring van Dawid,
Toring van ivoor,
Woning van God,
Ark van die Verbond,
Poort van die hemel,
Môrester,
Heil vir die siekes,
Toevlug vir sondaars,
Trooster van bedroefdes,
Hulp van die Christene,
Koningin van die Engele,
Koningin van die Aartsvaders,
Koningin van die profete,
Koningin van die apostels,
Koningin van die martelaars,
Koningin van die belyers,
Koningin van die maagde,
Koningin van al die heiliges,
Koningin ontvang sonder erfsonde,
Koningin opgeneem in die hemel,
Koningin van die heilige Rosekrans,
Koningin van vrede . . ."

Die Protestant swyg. Hy is verbaas, verstom! Dan weer 'n verassing: so suiwer as wat die gebed begin het, so suiwer Bybels eindig dit weer:

„Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem,
Spaar ons, O Here,
Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem,
Verhoor ons, O Here.
Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem,
Ontferm U oor ons . . ."

Wat het hier plaasgevind? 'n Ontsettende vermenging van die verheerliking van die heilige Naam van God en mensverheerliking. Daarom: hier is geen vergelyk te tref nie. Hier is geen brug te bou nie. Hier gaap die afgrond tussen ons. Dit gaan om die waarheid, die Bybelse waarheid. Ons staan verstom met die Bybel in die hand en ons lees: **„En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie"** (Hand. 4 vers 12). Geen ander naam nie? Ons kyk weer na hierdie gebed. Ons lees dit in 'n **Afrikaanse** Roomse gebedeboekie, want Rome praat nou **Afrikaans**. Rome **bid** ook in Afrikaans. Wat sien ons in hierdie gebed? Die Maria van die Bybel? Ons lees in Afrikaans 'n gebed met vier en sestig reëls, strofes. Vyftien hiervan handel oor die Drie-enige God. **Nege en veertig** sinsnedes handel oor Maria, 'n ander Maria, 'n vreemde Maria, vreemd aan die Bybel.

Ons is so arm. Ons het net die Bybel. Die Rooms-katoliek kan breed glimlag. Hy is ryk. Hy het die Bybel PLUS die uitsprake van sy pouse ex cathedra, die uitsprake van sy konsilies, pouslike ensiklieke en nog meer. Ons neem dan maar hierdie EEN Boek en slaan dit weer oop. Ons lees 1 Timotheus 2 vers 5: „Want daar is een God en **een Middelaar** tussen God en die mense, die mens Christus Jesus . . ? Ons dink na: Die pouse het geleer daar is 'n Middelaar PLUS 'n Middelares. Daar is dus **meer** as een. Paulus sê: net een! Hy is ook tevrede met NET een. Ons sing:

„Verlosser, Middelaar, Hoof en Heer,
voor U kniel U gemeente neer . . ."

(iii) „ . . . GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA . . . "

Ons het voorheen verwys na die Afrikaanse Roomse pamflet „Maria in die Bybel." Volgens hierdie pamflet moet die lesers ingelig word **„wat die Woord van God** self te sê het oor Maria en haar voorregte." Die voorregte wat deur hierdie kerk aan haar **toegedig** word (want aan digwerk in die Maria-leer ontbreek dit nie) **ontbreek** egter in die Bybel. Ons soek **tevergeefs** na Bybelse gronde vir die in die Roomse leer bekende titels van onder andere :

Maria Middelares (Mediatrix)
Maria Helpster (Auxiliatrix)
Maria Herstelster (Reparatrix)
Maria Heerseres (Imperatrix)
Maria Verligster (Illuminatrix)
Maria Hulpbrengster (Adjutrix)

Hierdie vererende titels kan ons nog met 'n paar dosyn aanvul . . . met gemak! Digters en skrywers het oor die naam **Maria** gedroom; die vyf letters M-A-R-I-A staan vir vyf edelgesteentes: M. staan vir Margarita (parel), A. staan vir Adamas (diamant), R. vir Rubinus (robyn), I, vir Iaspis (jaspis) en A. vir Ametis (violet). Met hierdie letters is na hartelus gespeel: M. staan vir Meesteres, A. vir Ark, R. vir Roos, I, vir „Ius" (reg) en A. vir Adelaar. Nimmer eindigend, deur die eeue heen, tot en met die pouslike afkondiging van die leer (dogma) op 1 November 1950, dat sy **liggaamlik** nie grafwaarts gedra is nie, maar opgeneem is in die hemel, sonder dat haar liggaam verderwing gesien het, duur die Maria-verering voort!

Wanneer ons Protestante elke Sondag in ons kerke bely dat Jesus Christus uit die maagd Maria gebore is, bely ons inderdaad 'n **Bybelse** waarheid. As ons belydenis enigsins sinvol wil wees, moet dit sy grond in die **Heilige Skrif** vind. Die alombekende **Casper Olevianus** het in sy verklaring van die 12 artikels (of Apostoliese Geloofsbelydenis) blad-

sye van uitleg nagelaat om die Bybelse gronde (Ou en Nuwe Testament), dit wil sê die **Skrifbedoeling** duidelik te stel ten opsigte van art. 3 van die 12 artikels: „Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria." Die leer van die kerk is eers dan waaragtig in die **Openbaring van God** gegrond wanneer dit met die leer van die **Bybel** ooreenstem en van daaruit opbloei. Al is die Skrifgegewens ten opsigte van die maagdelike geboorte van Jesus Christus „skraal", omdat slegs Mattheus en Lukas hierdie wonderbaarlike geboorte in soveel woorde verhaal, tog is dit so dat die kerk van die eeue **„in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif"** nie anders kon nie as om só te glo, só te bely. Dit is die eerste wat ons wil sê: **die Bybelleer.**

Die **tweede** wat ons Protestante hier wil sê is dit: die leer dat Jesus uit 'n maagd gebore is, 'n maagd met die naam van Maria, 'n mens, **slegs** mens, kry vir ons sy sin en betekenis daarin dat Jesus die Christus uit hierdie mens gebore is. Dat **Hy** gebore is en dat Hy so en nie anders gebore is nie, is 'n feit en 'n werklikheid. Dit is nie 'n fabel, 'n mite nie omdat dit Bybelse **waarheid** is. Dit is **evangelie** omdat dit aankondig dat **Jesus gebore** is, daarom is dit 'n feit wat in verband staan en die grond vorm van ons **saligheid,** ons **heil.** Derhalwe is sy geboorte wat so en nie anders nie plaasgevind het, vir ons 'n **heilsfeit.** Dat Hy so **sigbaar** en tasbaar in die krip gelê het, is 'n feit wat staan teenoor alle dwaalleer dat Hy slegs 'n skeinliggaam gehad het. Die so-geborene is die **Immanuel.** Dit is Christelike **geloofswerklikheid.** Die werklikheid word onderstreep teenoor die eeue oue dwaalleer van die sg. docete. Die belydenisskrifte van die kerke van die Kerkhervorming wil hierdie werklikheid van die reddende geboorte van Jesus Christus herbeklemtoon. Vraag en antwoord 33 van die Heidelbergse Kategismus leer dat Hy **„ware** menslike natuur" uit die vlees en bloed van die maagd Maria tot deel het, dat Hy hierdie **ware** menslike natuur deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het, dat Hy **„ware"** nakomeling van Dawid is: **ware God** en **ware mens.**

Ons geloofsbelydenis van die maagdelike geboorte van Jesus, is deur Martin Luther pragtig uitgedruk. Hy sê dat Maria mag nie tot „godin" gemaak word nie, want deur „te groot eer" aan haar te bring, word Christus „verklein".

Die maagdelike geboorte van Jesus Christus is die **geheimenis** van die Openbaring van God, dit is die **wonder** van Kersfees. Die geheimenis van die Openbaring bestaan daarin dat die ewige Woord van God 'n menslike wese (Jesus van Nazareth) geword het, om so, en nie anders nie, die **versoening** te word. Die geheimenis hiervan is die wonder van sy geboorte, dat Hy ontvang is van die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria. Dit is 'n wonder dat Jesus Christus God as Vader en die maagd as moeder het. In hierdie vorm en gestalte (en nie anders nie) kom die getuienis van die ware Godheid en ware mensheid van Jesus Christus.

In die ganse gebeure tot ons heil, is Maria 'n **dienende byfiguur.** Sy is die vrou wat genade **ontvang het** en met wie dit sou gaan **volgens die Woord** van God. Sy is die **ontvanger** van genade en nie die uitdeelster daarvan nie — aldus die **Bybelse** prediking. Die woorde van **Thomas Aquinas** dat sy „slegs skepsel" is (pura creatura), moet steeds in gedagte gehou word. Hierdie mens, die maagd **word** deur 'n goddelike genadedaad die moeder van die Seun van God. Dit is nie so dat die skepsel die goddelike verlossingsplan daargestel het nie, of daartoe **meegewerk** het, soos Pelagius geleer het nie.

Om op te som: Die **fondament** of hoeksteen van die Christelike geloof is **Jesus Christus** self: die vleeswording van die Woord en daarmee die **versoening** van sondaars met God. Dat die mens met God **versoen** kan word in en deur Jesus Christus, is die **sentrale** en belangrikste waaroor dit gaan. Die leer dat Jesus Christus uit die maagd Maria gebore is, wil geen beskrywing of omskrywing wees van die vleeswording van die Woord nie, maar wel **deel** daarvan.

Dit is die **vorm** of **gestalte** van die vleeswording, maar daarom geensins van ondergeskikte belang nie. Die kerk het die getuienis van die vleeswording van die begin af slegs **in hierdie** en **geen ander vorm gehoor** nie.

In hierdie getuienis mag dus nooit iets ingelees, ingebid word wat daar nie bestaan nie. Die kerk moet eers **luisterende** kerk word, luisterende na die Woord en daarna **sprekende,** lerende kerk.

(iv) MARIA DIE MIDDELARES

In Afrikaans lees ons die pamflet: „Maria in die Bybel". In ons eie taal kry ons hierin onder andere so 'n Bybel-uitlegging: „Dit is asof Lukas in Maria die hoogtepunt van die hele Bybelse geskiedenis voor die koms van die verlossing sien". Dis vreemd om sulke uitdrukkinge in Afrikaans te verneem. Nouja, in 'n vrye land is elkeen seker ook geregtig om die taal te praat wat hy wil . . . maar wanneer die genoemde Roomse pamfletjie so 'n uitdrukking aan ons voorhou, bevat dit in elke geval 'n „teologie" wat nie meer teologie is nie; dit is die **inlesing** van die Roomse Marialeer in die evangelie in; dit is geen **uitleg** meer van wat die Bybelteks bedoel nie. Die skrywer beweer nogal dat in Maria die hoogtepunt bereik word van DIE HELE Bybelse geskiedenis voor die koms van die Verlosser. Wanneer mens die Bybel so verstaan, word Christus gesmaad en wel op 'n gruwelike wyse. Die hoogtepunt van die Bybelse geskiedenis loop uit op Christus en op Hom alleen! Mens moet voorwaar 'n Maria**bewussyn** hê om sulke dinge te beweer. Vir my is dit dan ook niks vreemd dat die skrywer verder beweer dat sy (Maria) 'n **noodsaaklike** rol in die objektiewe ontstaan van die verlossing speel nie.

Dit is ons bedoeling om aan ons lesers hier nog 'n stukkie van daardie objektiewe rol van Maria in die verlossingsplan voor te hou, soos die Roomse geloof dit wil hê. Ons sal ook Roomse skrywers moet aanhaal want anders kan daar hier en daar iemand wees wat reken dat ons 'n paar sakies op Protestantse wyse verdraai. Ons opskrif hierbo lui: Maria, die Middelares. Roomse leerboeke oor sake van die geloof is vol hiervan dat sy naas Christus, die Middelaar, as Middelares kan deurgaan. Die Latynse woord vir middelares is Mediatrix; so word sy genoem. Die Roomse teoloog E. M. Janssens skryf dat Maria 'n middelaar is in 'n dubbele sin. Aan die een kant is sy die een wat staan tussen Christus en die mense maar ook wel tussen die mense en God. Janssens noem haar dan die „heil van die verlorenes, oorsaak van die lewe, bron van die ewige lewe, moeder

van die lewendes, die deur van die saligheid, die moeder van die saligheid, herstelster van die menslike geslag". Wanneer broeder Janssens nou sulke dinge beweer, moet hy sy bronne aantoon vanwaar hy dit kry. Hy doen dit ook. Daar is sommer baie bronne waaruit hy al hierdie ornamente vir Maria kry . . . maar een bron ontbreek: DIE BYBEL. So lees ons dit in Nederlands: „Benamingen, gebeden, feesten, bedevaarten, oefeningen van godsvrucht, de Meimaand en de Rozenkrans, et scapulier en de bijzondere krans het scapulier en de bijzondere toewijding, de congraties en religieuze gemeenschappen: alle uitingen van de onafzienbare en aller verscheidenste Maria devotie lijken bezield en gedreven door het geloof aan haar middelaarschap". Hier word 'n stuk of tien dinge genoem, behalwe die Woord van God. En natuurlik word die aandag ook gevestig op die pouslike uitsprake van Pius X, Benedictus XV, en Pius XI.

Alhoewel dit so is dat die pous nog nie van die kansel af (ex cathedra) die middelaarskap van Maria as dogma afgekondig het nie, lyk dit vir ons of dit nie te vergesog is nie om te beweer dat, gesien die groeiproses van die Roomse dogmas, dit ook „logies" is dat êrens in die toekoms wel so 'n leerstuk as dogmageloof aan die kom is. Dit is vir ons sedert die publikasie van die pouslike gebed vir die Mariajaar baie duidelik dat hierdie ewolusieproses in die Marialeer nog geensins sy eindpunt bereik het nie. Die blom het nog nie geheel en al oopgekelk nie. Ons wil hierdie gebed van die pous hier weergee met die versoek dat u en ek sal kyk of ons nie duidelik die middelaarskap van Maria (asook die medeverlosserskap waaroor ons in die laaste artikel gehandel het) in haas elke reël na vore sien tree nie. (Let wel: Die pous belowe aan die diegene wat hierdie gebed met godsvrug en ootmoedigheid bid, om elke Saterdag 'n aflaat van vyf jaar te verdien.)

„O Maria, onbevlekte moeder van God en ook ons moeder, ons is verruk deur die luister van u hemelse lieflikheid. Opgejaag deur die onrus van ons tyd werp ons onsself in u arms. Ons is vol vertroue dat ons in u liefhebbende

hartvervulling sal vind van ons vurige verlangens en 'n veilige toevlug teen die storms wat van albei kante op ons afkom.

Ons foute ootmoedig ons. 'n Grenslose lyding druk ons neer. Tog staan en bewonder en prys ons hoog die glorie sonder weerga van u hemelse gawes, waarmee God u meer as enige ander skepsel oorlaai het vanaf die eerste oomblik van u ontvangenis tot die dag waarop u ten hemele opgeneem is en gekroon is as koningin van die heelal. O helder fontein van geloof, les die dors van ons siele met die ewige waarheid. O, geurige lelie van alle heiligheid, laat daardie hemelse geur ons harte betower. U het die dood en die sonde oorwin, vervul ons daarom met 'n diepe afsku van die kwaad wat die siel 'n vyand van God en 'n slaaf van die hel maak. O uitverkorene van God, luister na die vurige roepstem wat uit elke hart opklink in hierdie jaar wat aan u toegewys is. Genees ons pynlike wonde. Bekeer die sondaars en droog die trane van die beproefdes en onderdruktes af. Troos die armes en verontregtes. Blus die haat, versag die ruheid van sedes en waak oor die reinheid van die jeug. Beskerm die heilige Kerk. Laat alle mense onder die bekoring kom van die Christelike deugde. Mag die mense by die hoor van u naam, wat eensgesind in die hemel weerklink, mekaar as broeders beskou; mag die volkere hulself as lede van een gesin voel en so hulle koester in die son van ware en algemene vrede. O, lieflikste Moeder, aanvaar ons nederige bede en boweal, verkry vir ons die genade dat ons eendag saam gelukkig met u voor u troon daardie loflied mag herhaal wat vandag oor die ganse wêreld om u altare weerklink: U is die allerskoonste, O Maria. U is die roem, die vreugde. U is die trots van ons volk".

Is dit die Maria van die Bybel? Nee! Daarom moet pamflet nommer drie uit die sogename „Feitereeks" nou liewers nie probeer om die Roomse Maria aan ons, die Afrikaanse mense, voor te hou as „Maria van Bybel" nie. Hierdie middelares is besig om die Middelaar Jesus Christus in die skaduwee te stel. Sy is besig om Hom van sy plek te beroof. En

nou weet ek wel heel goed dat die Roomse teoloë hierdie Maria-leer telkens en telkens 'n draai of 'n swaai probeer gee, sodat dit na die Middelaar Christus moet heenwys. Waar is egter hierdie draai of swaai in die pouslike gebed? As aan Maria in hierdie gebed gevra word: „verkry vir ons die genade dat ons eendag saam gelukkig met u voor u troon daardie loflied mag herhaal." dan moet die Rooms Katolieke Kerk ons nie verkwalik dat ons dit aan hulle stel, dat so lank die Christus so verdring word, moet hulle die kloof tussen hulle en ons as sodanig sien, so diep en so breed, dat ons nie meer mekaar se stemme heen en weer oor die kloof kan hoor nie. Dit lyk my ook werklik dan onmoontlik om 'n gesprek met mekaar enigsins te probeer aanknoop. Daar word in die laaste jare baie geskryf en gepraat oor die sg. „gesprek tussen Rome en Reformasie. Ons stel dit aan die Roomse Kerk dat hulle Marialeer ons skok, veral as dit so ver ontwikkel het as wat dit gebeur het in die jaar 1950 toe Pous Pius XII die liggaamlike hemelvaart van Maria op 1 November afgekondig het. Die Roomse teoloog Van der Tempel skryf: „Of spoedig die dag sal aanbreek waarop die middelaarskap van Maria as leerstuk van ons heilige geloof sal verklaar word, is nog in die duister". Dit het hy in 1931 verklaar. In 1968 is dit nie meer so in die duister nie. Trouens, reeds op 22 September 1891 verklaar pous Leo XIII: „Van die baie groot skat van al die genade wat die Heer aan ons bring, word niks ons deel nie, **anders as deur Maria,** aangesien God dit so wil dat, net soos niemand tot die hoogste Vader kan kom nie, behalwe deur die Seun, ook wel gesê kan word dat niemand tot Christus kom nie anders as deur die moeder". (Sien Denzinger 1940A).

In die Roomse Marialeer het alle grense tussen Skepper en skepsel, tussen God en mens weggeval en behoort Maria eerder tot de sfeer der goden dan die der menschen". (Dr. A. F. N. Lekkerkerker).

Op grond van die **Heilige Skrif alleen** bely die kerke van die Kerkhervorming by monde van die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 26: „Ons glo dat ons geen toegang tot God

het nie as net deur die **enigste Middelaar** en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige; wat hiervoor mens geword het, in wie die goddelike en menslike natuur saam verenig is, sodat die mens toegang kan hê tot die goddelike Majesteit, anders was die toegang vir ons gesluit. Maar **hierdie Middelaar** wat die Vader ons gegee het tussen Homself en ons, moet ons deur sy grootheid nie verskrik om ons 'n ander na ons goeddunke te laat soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsele wat ons meer liefhet as Jesus Christus nie, want alhoewel Hy in die gestalte van God was, nogtans Homself ontledig het deur die gestalte van 'n mens en van 'n dienskneg aan te neem vir ons, en sy broeders in alle opsigte gelyk geword het. As ons nou 'n ander Middelaar moes soek wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons kon vind wat ons meer liefgehad het as Hy wat Sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was? En as ons een soek wat mag en aansien het, wie is daar wat daarvan soveel besit as Hy wat sit aan die regterhand van Sy Vader en alle mag het in die hemel en op die aarde? En wie sal eerder verhoor word as die eie welbeminde Seun van God? So is dan alleen deur gebrek aan vertroue hierdie misbruik ingevoer dat mense die heiliges onteer in plaas van hulle te eer, deur te doen wat hulle nooit gedoen of begeer het nie, maar wat hulle met volharding en volgens hulle verskuldigde plig verwerp het, soos uit hul geskrifte blyk . . . En daarna sê Hy, om ons nog meer moed te gee om tot Hom te gaan: „Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word". Dieselfde apostel sê dat ons vrymoedigheid het om deur die bloed van Jesus in die heiligdom in te gaan; laat ons dan toetree, sê hy, in volle geloofsversekerheid, ens. En ook: Christus besit 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgaan

nie. Daarom kan Hy volkome red **die wat deur HOM tot God gaan,** omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Wat ontbreek daar nog? Christus self sê: **Ek** is die weg en die waarheid en die lewe, **niemand kom na die Vader behalwe deur My nie?** Waarom sal ons 'n ander Voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom nie verlaat om 'n ander te neem, of liewer om 'n ander te soek sonder om hom ooit te vind nie; want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars was. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan, **deur Christus, ons enigste Middelaar,** soos dit ons in die gebed van die Here geleer is; en ons is daarvan seker dat alles wat ons die vader sal bid in sy Naam, aan ons gegee sal word".

En wat het ons nou gedoen? Het ons 'n Belydenisskrif, dus 'n kerklike werkstuk gebruik as laaste antwoord op Rome? Ja, bostaande sitaat kom **wel** uit 'n geskrif wat deur die kerk opgestel is. Maar . . . enige mens wat maar net beskik oor elementêre Bybelkennis, sal opmerk dat hierdie Belydenisskrif deurspek is met aanhalings uit die Bybel, die Woord, van God. Daarom, nie omdat dit kerkwoord is nie, maar kerkwoord wat teruggryp na die Woord van God, kan dit **wel** vir ons die basis vorm vanwaar ons hierdie „nee" uitspreek teenoor die Middelares. Ons ken **slegs** 'n Middelaar:

„'k Het Jesus lief, Hy't aan Gods reg voldoen,
Geen sondevloek kan ons nog langer tref nie.
Sou ons die hoof nie vrolik opwaarts hef nie,
sy **Middelaarsbloed** het ons met God versoen".

(v) DIE LIGGAAMLIKE HEMELVAART VAN MARIA.

Wanneer die skrywer van die Roomse Afrikaanse pamfletjie, „Maria in die Bybel", direk in sy eerste paragraaf verwys na die Protestantse verwyt dat die Rooms-Katoliek „hierdie dinge glo omdat hulle nooit die Bybel lees nie", dan het hy in der waarheid geen reg om die Protestante hieroor al te veel kwalik te neem nie, om die eenvoudige rede dat „hierdie dinge" ten enemale nie in die Bybel geskrywe staan nie! Dat Maria nie die dood en verderwing van die vlees gesien het nie, is in elk geval een van „hierdie dinge" wat deur die Roomse lidmaat geglo MOET word, al staan dit nie in die Bybel nie. Dit MOET geglo word omdat die heilige vader, die pous, dit as dogma afgekondig het.

Voordat ons hierdie dogma van die liggaamlike hemelvaart van Maria krities bespreek, krities met die maatstaf van die Bybel, sal dit goed wees om eers presies te hoor wat die pous afgekondig het op 1 November 1950. Ons haal die pous se eie woorde hier aan:

„Al hierdie argumente en denke van die heilige vaders en teoloë berus op die Heilige Skrif asof op die diepste grond, en hierdie dinge hou aan ons voor, asof voor ons oë, die goedhartige moeder van God; sy is in noue verband met haar goddelike Seun en het altyd deel aan sy lot. Om hierdie rede lyk dit feitlik onmoontlik om haar wat Christus ontvang het, aan Hom geboorte geskenk het, met haar melk gevoed het en Hom in haar arms gehou het, asook aan haar bors vasgedruk het, te skei van Hom, wat na haar lewe op hierdie aarde, ofskoon in liggaam van Hom geskei, maar tog nie in gees nie. Aangesien ons Verlosser die Seun van Maria is, kon Hy, aangesien Hy die mees onberispelike Houer van die goddelike wette is, inderdaad nie anders as om ook sy mees geliefde moeder, bo en behalwe die ewige Vader, te eer nie. Nou, aangesien dit moontlik was om haar op so 'n grootse wyse te vereer deur haar te red van die verderf van die graf, moet dit geglo word dat Hy dit wel gedoen het.

Dit moet egter beklemtoon word dat alreeds vanaf die tweede eeu, die maagd Maria deur die heilige vaders voorgehou is as 'n nuwe Eva by 'n nuwe Adam; alhoewel ondergeskik, is sy daadwerklik verbind in daardie stryd teen die vyand van die onderwêreld, 'n stryd wat, soos in die proto-evangelie aangekondig word, sou uitloop op 'n volkome oorwinning op wat betref die sonde en die dood, twee dinge wat altyd met mekaar verbind word in die boek van die apostel van die heidene. Om hierdie rede, soos die verheerlikte opstanding van Christus 'n essensiële deel was, asook die laaste teken van hierdie oorwinning, so moes die gesamentlike stryd van die geseënde maagd en haar Seun, afgesluit word met die verheerliking van haar maagdelike liggaam, want soos dieselfde apostel sê: ‚Wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: die dood is verslind in die oorwinning'. Daarom het die heilige moeder van God, wat van alle ewigheid verenig is met Jesus Christus, op 'n misterievolle wyse deur die besluit van die verkiesing, onbevlek in haar ontvangenis, onbevlek in haar goddelike moederskap, die goedhartige bondgenote van die Verlosser wat 'n volledige triomf gevier het oor die sonde en sy gevolge, dit eindelik bereik, asof dit die hoogste kroon van al haar voorregte was, dat sy behoue bewaar is van die verderf van die graf en dat sy dus, net soos haar Seun reeds, met liggaam en gees, nadat die dood oorwin is, weggeneem is na die hoogste heerlikheid van die hemel, waar sy daar as koningin kan skitter aan die regterhand van haar Seun, die onsterflike koning van alle eeue.

Aangesien dan die hele kerk, waarin die gees van waarheid leef, wat haar inderdaad onfeilbaar lei tot vervolmaking van die kennis van die geopenbaarde waarhede, menigvuldiglik deur die loop van die eeue haar geloof getoon het, en aangesien die biskoppe van die hele wêreld daarna vra met 'n byna eenstemmige opinie, dat dan eindelik die waarheid van die liggaamlike opneming van die heilige maagd Maria in die hemel, as dogma van die heilige en katolieke geloof

definieer kan word — 'n waarheid wat berus op die Heilige Skrif en vasgewortel is in die hart (gemoedere) van die Christengelowiges, wat deur die liturgie van die kerk van die vroegste tye her-gesanksioneer is en die hoogste mate ooreenstem met alle ander geopenbaarde waarhede, en deur die studie, kennis en wysheid van die teoloë uitstekend ontplooi en verklaar is — dink ons dat die oomblik, aangewys deur die raad van die voorsienigheid van God nou aangebreek het om op plegtige wyse die heerlike voorreg van dieselfde maagd Maria aan te kondig. Daarom, nadat ons herhaalde kere ons smeekgebede tot God gerig het, het ons ook in die lig van die Gees van waarheid aangeroep tot die eer van die almagtige God, wat sy buitengewone welwillendheid rykelik aan die maagd Maria uitgedeel het — en dit tot eer van sy Seun, die onsterflike koning van alle geslagte, die oorwinnaar van die sonde en die dood — om die eer van die heilige moeder te vermeerder en tot die blydskap en vreugde van die hele kerk.

Op gesag van onse Heer, Jesus Christus, van die heilige apostels Petrus en Paulus en op ons gesag, kondig ons aan, verklaar en omskryf ons dat dit as dogma geopenbaar is, naamlik dat die onbevlekte moeder van God Maria-altyd-maagd, na voltooiing van haar lewe op aarde, met lggaam en siel na die hemelse glorie opgeneem is. Om hierdie rede, as iemand uit eie beweging sou waag om dit of te ontken of in twyfel te trek wat deur ons bepaal is (mag God dit verhoed) laat hy dan weet dat hy dadelik van die heilige en katolieke geloof afgewyk het". Aldus Pous Pius XII.

Wat sal ons Protestante dan van „al hierdie dinge" sê? Ons noem net 'n paar van die dinge wat ons werklik verontrus, omdat dit uit hierdie een enkele dogma duidelik word hoe diep die kloof is waaroor Rome die brug met die eenrigtingverkeer wil daarstel:

1. Die pous beweer dat al hierdie argumente en denke **op die Heilige Skrif** berus. Dat Maria opgevaar het in liggaamlike gestalte is dus iets wat volgens die Bybel is! Watter Bybel? Daar is tog nie twee Bybels nie! In my Bybel

kry ek hiervan geen spoor nie. Wie hierdie leerstuk uit die Bybel gaan haal, sal met Skrifverklarings wat grens aan geweld, voor die dag moet kom. Die **Skrifuitlegging blyk dus 'n wesensverskil te wees.** In die Skrifverklaring kom andermaal die **Roomse logika** aan die woord: die liggaam van Christus is verheerlik; derhalwe **moes** ook haar liggaam verheerlik word; Christus is die nuwe Adam; derhalwe **moet** sy die nuwe Eva wees.

2. Nee, na ons beskeie mening berus hierdie leerstuk veel meer op die tradisie as op die Bybel. In elk geval, hier is geen sprake van „die Skrif alleen" nie; vir Rome is dit in elk geval nie noodsaaklik nie. Dit blyk duidelik dat die pous hom hier beroep op (a) die Heilige Skrif **plus** (b) homself (die pous) **plus** (c) die kerkvaders **plus** (d) die proto-evangelie (oorlewering buite die Bybel om) **plus** (e) die biskoppe **plus** (f) die liturgie van die kerk **plus** (g) die studie, kennis en wysheid van die teoloë **en** ten slotte nog daarby (h) die Gees van Waarheid **en** (i) die gesag van onse Heer, Jesus Christus. Ons kan dus hoogstens sê dat die Roomse Kerk hom beroep op talle dinge waarvan die Bybel **darem een** is; dus **onder andere** op die Skrif. Die Rooms-Katolieke teologie word met reg deur prof. dr. B. J. Engelbrecht gekarakteriseer as die „leer van die plus".

3. **Teenoor al hierdie plusse** van die Roomse Kerk, bely ons: „Ons glo dat die Heilige Skrif die wil van God **volkomelik** bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin **genoegsaam** geleer word. Want aangesien die hele wyse van die diens wat God van ons eis, uitvoerig beskrywe is, is dit aan **geen mens,** al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die Heilige Skrifte ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God **by te voeg** of daarvan **weg te laat,** is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte **volkome** is. En **geen geskrifte van mense,** hoe heilig hulle ookal gewees het, mag met die goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die **gewoonte**

met die waarheid van God nie — want die waarheid is bo alles — of ook nie die **groot menigte** of die **oudheid** of die **opvolging van tye** of **persone,** of die **konsilies, verordeninge** of **besluite** nie; want alle mense is uit hulself leuenaars en nietiger as die nietigheid self. Daarom verwerp ons van ganser harte alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkom nie, soos die apostels ons geleer het as hulle sê: Stel die geeste op die proef of hulle uit God is. En ook: As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie". (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 7.)

Die afkondiging van hierdie dogma deur die pous, is opnuut 'n onderstreping, 'n publikasie van die groot verskil tussen ons en die Roomse Kerk. Dit kan met geen praatjies weggepraat word nie, selfs nie eers met die uitdrukking wat soms soetsappig-vroom gebruik word nie: „ons dien tog maar almal een Here!" Die Here wat ons dien wil langs 'n bepaalde weg gedien word, en daardie weg loop beslis nie buite sy Woord om nie; Hy kan beslis, maar dan ook heel beslis **nie** deur iemand anders heen gedien word **as deur hierdie** een Middelaar tussen God en die mense nie.

Luther het 'n pragtige uitleg gegee van die lofsang van Maria. Hy sê dat ons daarop moet let dat Maria gesê het: My siel maak groot **die Here.** Sy het beslis nie gesê: My siel maak **sigself** groot nie. Die Roomse Kerk het Maria gaan groot maak, so groot dat Maria as die **hemelkoningin** troon aan die regterhand van haar Seun.

Hemelvaart van Maria? Nee, dit ken ons nie. Ons ken slegs 'n ander hemelvaart, die hemelvaart van Jesus Christus. Van hierdie hemelvaart van Jesus sing ons:

„Hef aan u loflied tot Sy eer,
Aanskou die eewge Hemelheer
Wat ingaan in Sy woning.
'n Wolk ontvoer Hom aan die oog,
gejuig begroet Hom daar omhoog,
Hy is die Erekoning".

(vi) **DIE SONDELOSE MOEDER MARIA**

„Hulle sal u vertel dat, volgens die Katolieke Kerk, Maria van die **oomblik van haar ontvangenis af vry van sonde was . . .**", aldus 'n inleidende opmerking in die Afrikaanse Roomse verweer „Maria in die Bybel". Ons vra: Watter „hulle"? Vanselfsprekend, die **Protestantse** mense. Dis ook korrek! Die Protestantse mense **sal** so sê. Selfs die skrywer van genoemde pamflet sê dan ook so! Wanneer Dawid uitroep in Psalm 51 vers 7: „Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang", dan het hierdie woorde nie betrekking op Maria nie . . . Dat Maria volkome sondeloos, vlekkeloos rein van die oomblik van haar ontvangenis af kon bestaan, is deel van die geloof van ELKE Rooms-Katoliek. Dit MOET deel wees van sy/haar geloof omdat dit nie slegs 'n vrome mening van 'n paar teoloë is nie, selfs nie slegs in pouslike ensiklieke opgeneem is nie: nee, dit is dogma.

Hierdie dogma van die onbevlekte (sondelose) ontvangenis van Maria, is ouer as 'n eeu. Dit is deur Pous Pius IX afgekondig op 8 Desember 1854. Ons is wel bewus daarvan dat die leerstuk ook in verband gebring word met die verdienste van Jesus Christus. Pragtig! Maar . . . ons stuit telkens weer teen die kwessie van die Skrifbewys, die heel gewone vraag: Waar is die Bybelse gronde vir so 'n geloof? Nou het ons al gesien dat die Rooms-Katoliek nie Bybelse gronde HOEF te hê nie omdat daar ander gronde as Bybelse gronde kan wees en hierdie moontlike ander gronde in elk geval eventueel NET SO GOED, van dieselfde gesag as die Bybelse gronde kan wees. Die Roomse logika bring telkens sulke sake netjies in orde, want sien u: dis logies, gewoonweg logies dat die moeder van die Verlosser sondeloos MOET wees. Buitendien, hierdie MOET WEES vloei voort uit 'n lang, eeue lang tradisie. En as mens so 'n paar eeue tradisie agter jou het is jou geloofsake in orde! In die Roomse geloofsleer is dit nie altyd die roemtaal van Heilige Skrif PLUS tradisie nie, maar ook HEILIGE SKRIF **OF** tradisie die een OF die ander, die Bybel of die na-Bybelse oorlewering. Voordat ons hierdie pouslike dogma siteer, kan ons

nagaan hoe hierdie Roomse geloof oor die sondelose ontvangenis van Maria deur die eeue heen stadig maar seker oopgekelk het tot die welriekende blom wat sedert 1854 „geplant" is en sedertdien nog nooit sy blommeglans verloor het nie, maar eerder in prag en skoonheid toeneem.

So vroeg as gedurende die eerste drie eeue is die aandag op Maria gevestig deur Marialegendes en Apokriewevertellinge. Reeds Origenes het daarop gewys dat die bedoeling van die apokriewe proto-evangelie van Jakobus duidelik is, naamlik om die maagdelike waarde van Maria deurgaans te handhaaf. Origenes skryf: „Die proto-evangelie van Jakobus het dus een groot doel: die **verering** van Maria". Latere geskiedskrywers merk tereg op: „Dit gaan meer om die beklemtoning van die maagdelikheid van Maria as om die suiwerheid **en heiligheid** van haar eersgebore Seun. Die Persoon van Jesus tree op die agtergrond. Jesus is slegs een van die by-figure. Alles draai om Maria". Pous **Siricius** (384 n.C. tot 396 n.C.) het geleer: „Seer seker kan ons nie ontken dat (die stories) omtrent (ander) seuns van Maria, tereg afgekeur is en tereg u heiligheid aanstoot gegee het, dat uit dieselfde maagdelike skoot, waaruit Christus volgens die vlees gebore is, 'n ander geboorte sou plaasgevind het. Die Here Jesus sou immers ook nie gekies het om deur bemiddeling van 'n maagd gebore te word nie, indien Hy (sou) geoordeel het dat sy so onbeheersd sou wees, om daardie moederskoot wat aan die Here se liggaam geboorte geskenk het, daardie paleis van die ewige Koning, te besoedel met die saad van die omgang van 'n man. Wie dit immers beweer, beweer niks anders as die valsheid van die Jode nie, wat sê dat Hy nie uit 'n maagd gebore kon word nie. Want indien hulle hierdie uitspraak op gesag van die priesters aanvaar dat dit lyk of Maria aan baie kinders die lewe geskenk het, dan streef hulle met al te groot ywer daarna om die waarheid van die geloof te skend", aldus pous Siricius. Hier word die maagdelike reinheid van Maria gehandhaaf ook **na** die geboorte van haar Eersgeborene, Jesus, volgens die Roomse leer is Maria maagd **voor** die geboorte van Jesus, **tydens** die geboorte en **na** die geboorte. So is en bly sy die **sondelose**

KITAL

Maria. Dit is egter eers sedert die sesde eeu n.C. dat Maria werklik duidelik as **heilige** op die voorgrond tree. Pous Johannes II sê: (533 n.C. tot 535 n.C.): „Ons leer dat Maria tereg deur die Katolieke bely word as roemvol, **waarlik heilig,** altyd maagdelik en werklik en waarlik moeder van God die Woord . . ." Enkele jare na die dood van Anselmus, wat die sondelose (onbevlekte) ontvangenis van Maria ontken het (1140 n.C.) vind ons in Lyon 'n fees ter ere van die sondelose ontvangenis. Die vrome Bernhard het hierdie feeste nie goedgekeur nie. Nieteenstaande sy hoë agting vir die persoon van Maria, hou Bernhard die onbevlekte ontvangenis as 'n prerogatief, 'n voorkeur vir Jesus Christus alleen. Die **idee** van 'n onbevlekte ontvangenis (want dit was werklik niks anders as 'n **idee** nie) het dus ook nie sonder teenstand van die teoloë gekom nie. 'n Groot teoloog soos Bonaventura het dit ook verwerp. Die een na die ander pous het gekom en steeds sterker die **idee** van 'n **heilige** onbevlekte ontvangenis van Maria geleer. Ons verwys hier spesifiek na uitsprake van pouse Martinus I, Adeodatus, Eugenius IV, Paulus IV, Sixtus IV, Alexander VII e.a. Alles het opgeloop na 'n hoogtepunt, 'n klimaks. Die ganse Roomse wêreld het gewag op die dag dat die sondelose onbevlekte ontvangenis van Maria afgekondig moes word as dogma, as 'n MOET-GLO-leerstuk. En toe het dit uiteindelik aangebreek op 8 Desember 1854! Pous Pius IX verklaar ex cathedra, vanaf sy preekstoel: „Tot eer van die Heilige en Ondeelbare Drieëenheid, **tot verheerliking en sieraad van die Maagd,** moeder van God, tot verheffing van die Katolieke geloof en tot uitbreiding van die Christelike godsdiens, op gesag van ons Here Jesus Christus, van die salige apostels Petrus en Paulus **en op ons eie gesag,** verklaar ons, spreek ons uit en bepaal ons soos volg: Die leer wat inhou dat die aller heiligste maagd Maria op die eerste oomblik van haar ontvangenis deur 'n alleenstaande genade en voorreg van die Almagtige God, met die oog op die verdienste van Jesus Christus, die Redder van die mensheid, ongeskonde gehou is van enige val in erfsonde, is deur God geopenbaar en **moet** daarom deur

alle gelowiges vas en standvastig geglo word . . ." (Onderstreping deur ons).

In die Protestantse kerke word daar Sondag na Sondag bely: Ek glo . . . in Jesus Christus sy eniggebore Seun, onse Here, **wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria . . .**" Wanneer 'n mens die Protestantse Geloofsleer nagaan, vind mens dat die deel „gebore uit die maagd Maria" nooit die sentrale punt, die kerngedagte in enige Protestantse Belydenisskrif vorm nie. Dit is altyd as wesenlike element ingeweef in die groot geheel, totaliteit, van die **Christusbelydenis.** Slegs in soverre as wat die maagdelikheid en reinheid en onbevlektheid heenwys op die reinheid en onbevlektheid van Christus, het dit betekenis. Die onbevlektheid van die vlees van Christus is nie heilig vanweë die maagdskap van Maria nie, maar vanweë die ingryping van God die Heilige Gees. Calvyn ontken die sondeloosheid van Maria op grond daarvan dat die Heilige Skrif haar nie daarstel as sondelose vrou nie, maar as skepsel alleen. Hy voeg daaraan toe dat ons **nie weet** of sy na die geboorte van Jesus huweliksomgang met Josef gehad het nie. Wanneer Calvyn wel waardering uitspreek vir die maagdelikheid grond hy dit nie op die Marialeer nie, maar op die Bybel.

Op Kersfees, 25 Desember 1530, sê Luther in 'n preek te Wittenberg, dat die hoofvereiste nie moet wees om soveel moontlik ophef te maak van die maagdelikheid van Maria nie. Mense het dit te veel gedoen. Luther verklaar in hierdie Kerspreek dat hy veeleer daaroor wil handel **dat Jesus Christus gebore is!**

Wanneer die Rooms-Katolieke Kerk graag aanvoer dat dit die Heilige Gees is wat die kerk daartoe gelei het om hierdie heerlike waarhede oor die maagd Maria te verkondig en vas te MOET glo, dan kom hierdie beroep op die Heilige Gees tog wel in 'n merkwaardige lig te staan, veral wanneer die Gees die kerk lei om die Bybelse waarheid van **die algemeenheid van die sonde** verby te seil en OOK Maria uit te sonder as sondeloos naas Christus! Sou die Heilige Gees die kerk so lei? Wie spreek aangaande die Heilige Gees, moet sinvol en verantwoordelik spreek.

(vii) DIE VAEVUUR

In ons vorige opmerkings het ons beloof om terug te kom na sekere sake waarheen daar verwys word in die „Afrikaanse Katolieke Kategismus vir die Kleinspan". In genoemde artikel het ons daarop gewys dat die Roomse Kerk ten volle erns maak met die vraag hoe om die jeug van alle bevolkingsgroepe in ons land te bereik deur middel van die skole (Roomse skole). Ons het beweer dat 'n ouer wat onder die waan verkeer dat die kinders in Roomse skole slegs „geleer" word en wel so dat hulle lewensbeskouing nie daar beinvloed word en gevorm word nie, met stomme blindheid geslaan is. Ons wou hierdie bewering nogeens onderstreep.

Keer ons nou terug tot bogemelde „Katolieke Kategismus vir die Kleinspan," lees ons vraag 39. „Wat is die Vaevuur?" Antwoord: „Die Vaevuur is 'n plek waar die siele na die dood nog 'n tyd lank moet ly weens hul sondes". Hieroor wil ons 'n paar opmerkings maak. Hierdie vuur is maar taamlik vaag omdat dit in die Bybel nie voor kom nie. Iets wat in die Bybel nie gevind kan word nie, is gewoonlik vaag. Die Roomse bedoeling met hierdie vuur is egter dat dit die betekenis het van 'n vuur waarin die siele na die dood skoon „gevaag" (geveegd, gevee) word. Hoewel hierdie woord nie in die Bybel staan nie, word dit tog uit die Bybel uitgehaal, as 't ware daaruit **„getrek"** en „gerek". Die Roomse leer oor die vaevuur word nie uit die Skrif **uit-gelees** nie, maar daar **in-gelees.** Ons verwys hier na I Korinthe 3 vers 15: „As iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen". Lees mens die teksverband van hierdie vers noukeurig deur, dan is dit duidelik dat dit hier gaan nie om ongelowiges nie, maar om mense wat meewerk aan die opbou van die gemeente. Deurdat hulle die boodskap van die evangelie so verkeerdelik aanpas om in die smaak te val van die Grieke met hulle menslike wysheid en voortreflike welsprekendheid, kan daar wel 'n skyn van welslae vir hulle arbeid ontstaan. Die apostel waarsku dat hierdie arbeid tog eenmaal deur die vuur van die oordeelsdag op die

proef gestel sal word, as synde 'n arbeid wat niks blywends opgelewer het nie. Die arbeider bly ondanks sy onwaardige arbeid, **deur die geloof** tog nog in Christus gegrondves; daarom word hy wel gered, maar dit geskied soos met iemand wat op die laaste oomblik uit die vuur gegryp is. Die profeet Amos gebruik ook hierdie beeld wanneer hy skryf: „Ek het julle omgekeer soos God Sodom en Gomorra omgekeer het, sodat julle soos 'n stuk brandhout was wat **uit die vuur geruk is . . .**", sonder die inlesing van 'n leer oor 'n vaevuur. (Amos 4 vers 11). Vergelyk ook Sagaria 3 vers 2, wat met die Roomse leer van die vaevuur niks, maar dan ook gans en al niks te doen het nie. Ons is dit met die verklaring van die Afrikaanse Bybel met kanttekeninge ('n Bybel wat elke gesin behoort te besit) roerend eens wanneer hulle verklaar: „Hier is geen grond vir die Roomse leer omtrent die vaevuur nie". (Sien kanttekkening by I Kor. 3 vers 15.) Nee, dis nie die Bybel nie, maar die Roomse Kerk wat die vaevuur-**idee** die wêreld ingestuur het. Pous Pius die vierde (jaar 1559) skryf: „Ek hou voortdurend vol dat daar 'n vaevuur is en dat die siele daarin aangehou, aangehelp word deur die smeekbede van gelowiges", aldus die Geloofsbelydenis van Pous Pius IV, artikel 6. Ons vergelyk ook hier die ensikliek van pous Pius die negende wanneer hy op 10 Augustus 1863 aan die Italiaanse biskoppe skryf: „Dit is aan ons bekend dat hulle wat in volkome onwetendheid omtrent ons heilige godsdiens verkeer, maar nogtans nougeset die natuurwet en die gebooie van God wat in die mens se hart geskrywe is, naleef, en diegenes wat bereid is om God te gehoorsaam en 'n eerlike en regsinnige lewe te lei, gehelp sal word deur God se genade om die ewige lewe te beërwe. Want God wat die hart, die neiginge, bedoelinge en gedagtes van elkeen duidelik deurskou, ondersoek en ken, kan in sy opperste goedheid en ontferming op geen wyse toelaat dat iemand die ewige straf van die hel inloop, terwyl hy nie uit eie vrye wil in die sonde geval het nie . . ." Waar land so 'n siel dan wel? Binne in die vaevuur alwaar hy eers deur die vuur „skoongevee" moet word. Wie is egter, naderbepaald, hier-

die mense wat in die vaevuur te lande kom? Onder hulle is daar die onbewuste ketters, diegene wat sonder dat hulle dit weet, met die Roomse leer in stryd is. **Daar is egter veral die ongedoopte kindertjies, wat volgens hierdie leer, in die vaevuur gehou word.** Nou is dit juis en veral op hierdie hierdie punt waaroor ons so bekommerd is. Dit is merkwaardig hoe ver hierdie ONBYBELSE Roomse leer onder ons mense ingestuur is. Dit is verontrustend om te sien dat daar soveel Protestantse Hervormde ouers is, wat aan hierdie invloedsfeer van Rome nie volkome ontkom het nie. Dit is nie vreemd dat 'n dominee in groot haas „ontbied" word na die hospitaal om met spoed 'n kindjie te gaan doop nie. Die ouers is bekommerd! Vanselfsprekend is 'n ouer bekommerd by die siekbed van 'n kind. Maar . . . 'n Protestantse ouer staan by die siekbed van sy kind, wel wetende dat die God van sy kind 'n Verbondsgod is, in lewe en in sterwe; dat ook sy kind, gebore uit gelowige ouers, die eiendom is (met liggaam en siel) van ons getroue Saligmaker, Jesus Christus. Hy staan daar by die siekbed op grond van hierdie verbond waarvan die apostel Petrus dan ook spreek wanneer hy skryf: „Want die belofte is vir julle **en vir julle kinders** en vir almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep". (Luister maar net weer 'n keer hoedat die kerk die doop verstaan in ons pragtige doopsformulier . . . **op grond van die Bybel).** Moet **dit** nie vir ons tot troos wees nie? Pasop vir 'n doops-opvatting as 'n magiese handeling met byna 'n towerkrag.

Hoe kom hierdie siele egter weer uit die vaevuur? Die Roomse Kerk is baie seker dat hulle wel daar sal uitkom deur **„goeie werke", aflate en misse** (Roomse nagmale) van hulle dierbares en/of ander mense. Veral die sogenaamde „aflate" is nog altyd merkwaardig. Ook die woord „aflaat" KOM BESLIS NIE IN DIE BYBEL voor nie. Oorspronklik het dit beteken om vry te kom van kerklike strawwe hier op aarde. Dit is daardie strawwe wat die geestelike (byvoorbeeld die priester) die gewone lidmaat („leek") opgelê het by oortreding of sonde, mits die lidmaat berou het en mits

hy 'n „aalmoes" gee vir die armes. Later het hierdie denkbeeld van die aflaat ook uitgebrei tot die beskouing dat die geestelike ook by die volbrenging van gebede en aalmoese en misse (nagmale) 'n sekere gedeelte van die straf in die vaevuur kon **verkort** of **kwytskeld.** In Luther se dae kon selfs **skriftelike** kwytskelding verkry word. Die dokument waarop hierdie kwytskelding verleen word, heet 'n aflaatbrief. In Luther se tyd, toe die pous baie geld nodig gehad het vir die bou van die Petruskerk te Rome (St. Pieter) is daar druk gewerk met hierdie aflaatbriewe. Die oorspronklike bykomstige aalmoes het nou meer en meer op die voorgrond getree. Die aartsbiskop van Mainz was aangestel as „agent" vir die aflaat-„handel" terwyl die dominikaanse monnik, Johann Tetzel, „sub-agent" was. Dit is te begryp waarom so 'n belangrike deel van Luther se 95 besware teen die Roomse Kerk, juis oor hierdie deel, die aflaat, gehandel het. Ook in ons dae word steeds deur die Rooms Katolieke Kerk soveel en soveel dae (of selfs jare) „aflaat" belowe, deur die prestasie van gebede en goeie werke. Die bedoeling is dan dat mens soveel dae of jare **korter** in die vaevuur sal vertoef. Ons kry egter die indruk dat die „dae" nie al te letterlik opgevat moet word nie, maar dat byvoorbeeld drie of vier „dae" aflaat in die vaevuur, beteken dat 'n **kort tydjie** kwytskelding uit die vuur verleen word, terwyl 'n aflaat van 100 dae mag beteken dat 'n **hele lange tyd** se kwytskelding vergun word. Die Duitser, Franz Beringer, skrywe in sy deur die Roomse goedgekeurde werk oor die aflaat („Die Ablässe"), dat die presiese hoeveelheid van die vermindering van die straftyd in die vaevuur nie nagevors kan word nie en dat dit 'n geheimenis is waaroor God alleen beskik. Ons moet egter hier uitdruklik konstateer dat die aflaat as 'n soort van **geldmakery,** of as 'n soort „handel", defnitief nie meer toegelaat word nie. Dit is deur die Roomse Konsilie (Algemene Kerkvergadering) van Trente afgeskaf, welke vergadering plaasgevind het tussen 1545 en 1563. Laat dit egter duidelik verstaan word dat daar die MISBRUIK van die aflaat verbied is maar nie die **Praktyk** van die aflaat as sodanig losgelaat is

nie. Trouens, hoe ongelooflik dit ookal in die ore van 'n Protestant mag klink, feit is dat pous Pius XII nog so kort gelede as **1950** die **pouslike gebed** vir die Mariajaar bekroon met 'n **aflaat van vyf jaar** in die vaevuur, 'n aflaat van vyf jaar wat **elke Saterdag** verdien kan word, mits dit met godsvrug en ootmoedigheid gebid word. ('n Deel van hierdie gebed gerig aan die adres van Maria, lui so: „U het die dood en die sonde oorwin . . . bekeer die sondaars en droog die trane van die beproefdes en onderdruktes . . . mag die mense by die hoor van u naam, wat eensgesind in die hemel weerklink, mekaar as broeders beskou; mag die volkere hulself as lede van een gesin voel en so hulle koester in die son van 'n ware en algemene vrede. O, liefste moeder aanvaar ons nederige bede . . . "

Vir ons is dit werklik nie snaaks dat Calvyn, wanneer hy hom uitlaat oor die leer van die vaevuur, sterk taal gebruik nie. In sy Institusie boek 3, hoofstuk 5, paragraaf 6 lees ons: „Laat hulle ons verder ook nie lastig val met hulle vaevuur nie, wat deur hierdie byl (bedoel word die evangelie) gebreek, omvergegooi en geheel en al van die fondamente af neergewerp is nie. Ek is dit nie eens met sommige wat meen dat mens in hierdie stuk (oor die vaevuur) maar dinge oor die hoof moet sien nie, waaruit, soos hulle beweer, slegs heftige stryd ontstaan en weinig opbouends verkry kan word nie. Ook ek self sou aanraai om derglike onbenullighede maar te laat staan indien hulle dit nie as iets ernstig sou voorhou nie. maar aangesien die leer oor die vaevuur uit baie lasterlike dinge saamgestel is en nog daagliks deur nuwe dinge geskraag word, en daar dit baie en swaar ergernisse verwek, moet mens dit werklik nie deur die vingers laat glip nie. Hulle het wel op een of ander wyse vir 'n tyd lank dit kon laat deurgaan, dat die **buite Gods Woord** om deur nuuskierige en stoutmoedige vermetelheid uitgedink is; dat mense aangaande die vaevuur geloof geskenk het aan 'n soort van deur die duiwel versinde openbaring; dat tot bevestiging hiervan enkele Skrifbewyse verdraai is, hoewel die Here nie duld nie dat menslike stoutmoedigheid so deur

breek in die verborge skuilhoeke van sy oordele nie, en dat Hy dit streng verbied het (Deut. 18 vers 11) om met tersydestelling van sy stem, **by die dode te soek na die waarheid**, en dat Hy nie toestaan dat **sy Woord** so oneerbiedig besoedel word nie. Laat ons dit toegee dat al hierdie dinge vir 'n tyd lank geduld kon word as 'n saak wat nie groot gewig dra nie; **wanneer egter die versoening van die sonde elders gesoek word as in die bloed van Christus, wanneer die voldoening van Christus elders heen oorgebring word, dan is swye gevaarlik.** Ons moet dus uitroep, nie alleen met inspanning van die stem nie, maar ook met inspanning van die keel en die longe, dat die vaevuur 'n verderflike versinsel van Satan is **wat die kruis van Christus leeg maak**, wat die barmhartigheid van God 'n ondraaglike smaad aandoen, wat ons geloof laat wankel en terneer werp. Want wat is die vaevuur vir hulle anders as 'n voldoening wat na die dood deur die siele van die afgestorwenes betaal word vir hulle sondes? Wanneer die mening geld dat (deur Christus) voldoen is, is die vaevuur onmiddellik tot die grond toe verniel. Indien die deur bostaande uiteensetting duidelik is, **dat die bloed van Christus die enigste voldoening, versoening en reiniging van die sondes van die gelowiges is, wat bly daar dan anders oor as dit, dat die vaevuur 'n loutere en huiweringswekkende godslastering teen Christus is?"** (Onderstrepings deur ons.)

Een saak is duidelik: Calvyn se bestryding van die Roomse leer van die vaevuur hang ten nouste saam met sy beskouing oor die genoegsaamheid van die Heilige Skrif en die ALGENOEGSAAMHEID van die versoenende lyde en sterwe van Jesus Christus. Dit staan lynreg teenoor die aflate, misse en gebede waarmee die siele van afgestorwenes gehelp sou kon word. **Calvyn gaan terug na die Bybel:** „Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; **en die bloed van Jesus Christus sy Seun, reinig ons van alle sonde".** 1 Joh. 1 vers 7. En: „Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: **„Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld**

wegneem". Joh. 1 vers 29. Ons lees: **„En die saligheid is in niemand anders nie,** want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie". Handelinge 4 vers 12.

Ons vra: Indien die bloed van Jesus Christus reinig van die sonde, wat bly daan dan oor wat nog in die vaevuur óók gereinig moet word?

(viii) GROOT SONDES EN KLEIN SONDES

Ons het in die vorige opmerkings verwys na die „Katolieke Kategismus vir die Kleinspan", in Afrikaans geskrywe. Ons het uit die Bybel gesien dat die „geloof" aan 'n vaevuur waarin onder andere die siele van die ongedooptes kom (ook die siele van klein kindertjies wat sterf voordat hulle gedoop is), niks anders as BYGELOOF kan wees nie. Ons noem dit BYGELOOF omdat dit 'n „geloof" is wat ten ene male beslis nie uit die Bybel kom nie. Ons het daarop gewys dat hierdie bygeloof wat in bogenoemde kategismus vir klein kindertjies ingeskerp word, ook al hier en daar by Protestantse ouers posgevat het. In hierdie kategismus vir die kleinspan staan baie van hierdie onbybelse merkwaardige dingetjies. Die kindertjies moet van kleinsaf leer dat daar groot en klein sondes is, of soos dit hier genoem word in vrae 34 tot 38: „Doodsondes„ (groot sondes) en „Vergeeflike sondes" (klein sondetjies). Doodsonde is volgens hierdie boekie 'n swaar misdaad teen God: dit word doodsonde genoem omdat dit die „bonatuurlike lewe van die siel dood en die hel se straf verdien". Dit is die grootste euwel om in die doodsonde te verval. Hulle wat in 'n doodsonde sterf, sal vir ewig na die hel gaan. Hierby kom egter die onderskeid dat 'n **vergeeflike** sonde 'n misdaad is wat die siel nie dood nie, maar God mishaag en dikwels tot doodsonde lei.

Die welbekende ds. Hegger, 'n voormalige Roomse priester wat later dominee geword het (in ons land 'n bekende ook vanweë sy besoek aan Suid-Afrika), het hierdie saak van groot en klein sondetjies in die Roomse Kerk goed toegelig. Hy vestig ons aandag op die Roomse kategismus wat in die Belgiese bisdomme gebruik is, die 1956 uitgawe, vrae 212 tot 217. Hiervolgens is 'n doodsonde wanneer 'n mens die wet van God oortree in 'n gewigtige saak, willens en wetens. Die gevolg van die doodsonde is dat die heiligmakende genade die mens ontneem word asook die verdienste van jou goeie werke vernietig word en jy beslis jou plek in die hemel nie sal kry nie maar wel vyandskap met God en derhalwe die

hel. „Daaglikse" sonde of minder gewigtige sonde (kleiner sonde) word gepleeg wanneer die wet van God oortree word in 'n nie-gewigtige saak en wel sonder dat ons vanuit onsself die nodige kennis omtrent die kwaad gehad het en self nie toestemming daartoe gegee het nie. Hierdie „daaglikse" sonde verminder die vurigheid van ons liefde tot God, bring ons geleidelik tot doodsonde en **verdien tydelike strawwe wat ons in hierdie lewe OF in die vaevuur moet ondergaan.** (Ons onderstreep). Die vraag is: **Ken die Bybel so 'n onderskeid?** Hierdie vraag sal ons straks beantwoord. Kom ons let net daarop wat die Roomse Kerk met hierdie onderskeid tussen groot sonde en klein sondetjies van die **gebooie van God** gemaak het. Neem byvoorbeeld die gebod dat jy **die naam van die Here jou God nie ydelik gebruik nie.** In die Roomse kringe waaruit ds. Hegger kom, is die oneerbiedige gebruik van die naam van God as sodanig slegs „daaglikse" (gewone) sonde. Hegger skryf: „Daarom gooi 'n Rooms-Katoliek die naam van God so maklik as 'n stopwoordjie tussen sy gesprekke in. Wanneer 'n Protestant nou sou beweer: „Jy moenie so vloek nie", sal die vloeker verbaas opkyk **want so iets word nie vloek genoem nie".** Onder vloek verstaan hy 'n **verwensing.** Wanneer 'n man jouself of 'n ander byvoorbeeld leed of skade toewens en jy **bedoel dit werklik,** dan is dit doodsonde. As jy dit egter nie werklik bedoel nie, is dit SLEGS „daaglikse" of kleiner sonde. 'n Godslastering, iets wat jy uitspreek wat God beledig, is egter altyd doodsonde, selfs al sou jy dit **nie** bedoel nie. Doodsonde is dus altyd daar waar jy iets werklik bedoel, werklik meen wat jy doen of uitspreek. Indien 'n mens byvoorbeeld jouself sou verwens: „Mag God my verdoem", sou dit geen doodsonde wees nie omdat jy daarmee eintlik God nie leed aan doen nie maar slegs jouself; daarom is dit „gewone" of „daaglikse" sonde. Neem verder die gebod: **„Dink aan jou Sabbatdag dat jy dit heilig".** Dit beteken volgens Roomse broeders dat liggaamlike, wêreldlike beroepsarbeid op Sondag verbode is. Allerlei soorte van sport, voetbal, tennis en ook dans en bioskoop besoek op Sondae is wel geoorloof. Ek onthou nog in die veertiger jare toe ons stu-

dente was in Pretoria, dat die Roomse vriende Sondagaande na afloop van die erediens heerlik in hulle kerksaal, direk langs die kerk, gedans het. Kyk egter: **Liggaamlike** beroepsarbeid is verbode; **geestelike** (psigiese) arbeid is egter wel in orde! Waar loop die grens? Wie trek die lyne? Volgens 'n Roomse moraalboek word dit egter ook nog al hoe meer ingewikkeld: Jy kan tog wel liggaamlike beroepsarbeid op Sondag verrig maar dan niks langer as vir twee uur nie, want dan word dit **doodsonde**. Mens kan dus, om die doodsonde vry te spring, vyf minute voor die twee uur om is, ophou met werk. Die Jesuit Pater Genicot, weet egter van beter. Hy beweer dat ligte arbeid vir **drie** ure gedoen kan word; pas daarna is dit doodsonde! Wie die Roomse mis (nagmaal) nie bywoon nie begaan 'n **dood**sonde, maar wie die preek misloop, slegs 'n „daaglikse" of „klein" sonde!

Bekend is ook die Roomse interpretasie van **„Jy mag nie doodslaan nie"**, wanneer dit gaan om die behoud van die lewe van die moeder of die behoud van die lewe van die baba, op die kraambed. Die Roomse Kerk het hieromtrent geen twyfel nie: Red die lewe van die kind, laat die moeder dan maar gaan! Al die ander kindertjies tuis, verdwyn vir Rome uit die gesigsveld. Indien die dokter sou kies teen die kindjie, begaan hy, volgens Rome, 'n moord. Ons blaai verder in die Roomse Moraalleer: **„Jy mag nie egbreek nie"**. Daar is geen enkel gebod wat so uitgepluis word as juis hierdie een nie. Trouens, ek is juis so bang dat ook in ons Protestantse kerke daar oor hierdie gebod al talle mense onder sensuur geplaas is en die ander nege gebooie heel weinig „sensuurgevalle" tot gevolg gehad het. Laat elke dominee en kerkraadslid gerus hieroor nadink: nege gebooie word male sonder tal oortree, maar sodra hierdie een gebod geskend word, kom dit voor die kerkraad! Begryp my goed: ons beweer beslis nie dat die nie voor die kerkraad moet kom wanneer daar eg gebreek word nie; ons beweer net om versigtig te wees vir 'n moontlike „Protestantse" onderskeiding tussen sonde en doodsonde, naamlik: oortreding van nege gebooie is „daaglikse" sonde; oortreding van die

sewende gebod (oor die egskeiding) is doodsonde. Wat die Roomse Kerk betref, is priesters dit eens dat hierdie sonde van egskeiding en dit wat in verband met egskeiding staan, owerspel, hoerery, die sonde is wat die meeste in die biegstoel bely word. Oortreding van hierdie gebod en sonde wat met hierdie gebod in verband staan is die oorsaak „dat die meeste mense na die hel gaan". **Alle sonde teen hierdie gebod is doodsonde, leer Rome.** Hieroor het die Roomse Kerk 'n hele leer van gevalle (kasuïstiek). Wat 'n ontsettende situasie moet vir beide priester en lidmaat by die biegstoel ontstaan. Die ongetroude priester moet huwelikskategese beoefen en hy is die een wat na al die seksuele gevalle tot in die fynste besonderhede moet luister!

Ons neem nog 'n laaste voorbeeld: **Die agtste gebod leer dat ons nie mag steel nie.** Die vraag is egter: Wanneer is steel doodsonde en wanneer is dit gewone „daaglikse" sonde, „klein" sonde? Wanneer moet jy vir jou diefstal ewig brand in die hel en wanneer slegs in die vaevuur? In die moraalboek van Aertnijs-Damen kom die volgende „tariewe" voor: (U moet maar u bankbestuurder bel om te hoor hoeveel rand en sent dit is, in geval u geinteresseerd is): Doodsonde is wanneer jy meer as een Mark of een tot twee Frank van 'n **arme** steel; meer as 3 Mark of 3 tot 4 Frank by 'n **arbeider;** 5 tot 6 Mark of 6 tot 7 Frank by 'n persoon wie se vermoë aan jou onbekend is! By 'n ryke kan jy 'n bietjie meer steel voordat jy val in die kategorie van doodsonde. Wanneer jy egter meer as 24 Mark of 30 Frank steel, is dit **altyd** doodsonde, al is die een van wie jy dit gesteel het 'n miljoenêr! Ek is egter nie seker of daar sedert die devaluasie van die geld moontlik veranderinge aangebring is nie; derhalwe wil ek die betroubaarheid van hierdie skaal vir vandag se dae nie aanbeveel nie. Die grens tussen hel en vaevuur tyk my volgens hierdie skaal maar skraal.

Deurdat die Roomse Kerk die onderskeid tussen doodsonde en daaglikse sonde (minder belangrike sonde) gaan dogmatiseer, klassifiseer en katologiseer het, kan ek my

voorstel dat die gewetens van Roomse lidmate tot die uiterste toe gebind moet wees. Wie is dit tog wat hier uitmaak wat presies doodsonde en wat presies gewone sonde is? Die gewete van die lidmaat is hier absoluut gebind. Hy kan en mag dit nie uitmaak nie. Sy kerk, sy geestelikes het hierdie wysheid in pag, en hulle alleen! Die skare wat die wet nie ken nie (Johannes 7 vers 49) het hier niks te sê nie. In die biegstoel sal die lidmaat hoor of hy die vaevuur of die hel verdien het. Die kennis **van die priester** bepaal dus deels jou plek in die hel of vaevuur. Ek meen nog al die tyd dat hierdie dinge **enkel en alleen by God IN JESUS CHRISTUS** berus! **Volgens die Bybel is alle sonde sonde teen God, en daar is geen kwalitatiewe graadverskil tussen groot en klein sonde nie.** Maatstaf van die sonde is die Wet van God alleen. Wat sonde is, word in laaste instansie bepaal, nie deur die kerk nie (Rome), selfs nie deur 'n sg. onafhanklike sedewet nie (Grotius), ook nie deur die outonome ek van die mens nie (die wysgeer Kant), ook nie deur die mensheid nie (Comte) of deur die sosiale instinkte nie (Darwin) maar enkel en alleen deur die Wet van God. Sy Wet is sy Woord en sy Woord is sy Wet. Egbreuk is volgens Jesus nie slegs die daad van owerspel nie maar egbreuk geskied wanneer 'n man na 'n vrou kyk om haar te begeer. Die Wet van God is 'n organiese geheel: wie een gebod oortree is in beginsel skuldig aan almal. Jakobus 2 vers 10: „Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword". Mattheus 5 vers 19: „Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele". Ons vergelyk ook Galate 3 vers 10: „Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek, want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in **ALLES** wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (Deut. 27 vers 26). Selfs die kleinste en geringste oortreding van die Wet, soos 'n opwellende toorn en 'n onreine begeerte, ja selfs 'n ydele woord is sonde. Ons vergelyk hier Mattheus 5 vers 22, vers

28 en vers 37. Wat die Roomse Kerk as „groot" sonde sou bestempel (hoerery) en as „kleinere" sonde (lawwigheid) word deur Paulus in een asem verbied: „Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie; ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging". (Efesiërs 5 verse 3 en 4). Slegs van één sonde vertel die Bybel wat onvergeetlik is: die teen die Heilige Gees.

(ix) DIE SAKRAMENT VAN DIE BIEG

In die voorheen genoemde „Katolieke Kategismus vir die Kleinspan", in Afrikaans geskrywe vir klein kindertjies, word in vraag 49 die sakramente opgenoem. Volgens die Roomse Kerk is daar sewe sakramente: Die Doop, Vormsel, Sakrament van die Altaar (dit is die Mis of Nagmaal), die Bieg, die heilige Oliesel, die Priesterwyding en die Huwelik Ons sou graag 'n artikel oor elkeen van hierdie sakramente wou skrywe, maar dan word dit te omvangryk. Derhalwe sal ons slegs enkele van hierdie sakramente bespreek. Ons wil by hierdie geleentheid die sakrament van die bieg van nader beskou. Terwyl ons lektuur hieromtrent nagegaan het, het ons 'n uiteensetting van 'n voormalige Roomse priester, ds. H. J. Hegger, gelees. Dit is so skitterend geskryf dat ons dit graag hier wil vertaal en daarmee volstaan. Vooraf slegs die volgende opmerkinge:

Die „Algemene Kerkvergadering" of „Sinode" van die Roomse Kerk het te Trente, in sy veertiende sessie, soos volg besluit: „Wie ookal sou ontken dat die sakramentele bieg ingestel is deur 'n goddelike bevel, of dat dit nodig is vir die saligheid, of sou beweer dat die gebruik om in die geheim aan die priester alleen te bieg soos dit altyd waargeneem is vanaf die begin van die Katolieke kerk en nog waargeneem word, vreemd is aan die instelling en bevel van Christus en 'n menslike versinsel is, **laat hom vervloek wees".** Pous Pius X het dit uitdruklik gekonstateer: „Boetedoening (bieg) is nodig vir die redding van almal wat na die doop enige dodelike sonde pleeg". Die priester kry van sy kerk die gesag tot die kwytskelding van hierdie sondes wat in die bieg bely word. Hieroor is die konsilie van Trente ook baie duidelik in sessie 14 Kan. 9: „Wie ookal sou beweer dat die priester se sakramentele kwytskelding nie 'n geregtelike daad is nie, maar slegs 'n ampverrigting, om uit te spreek en te verklaar dat die sonde van die persoon wat bieg vergewe is, sodat hy homself vrygespreek beskou, al sou die priester nie werklik in erns kwytskeld nie, of sal beweer dat die bieg van die boetvaardige nie nodig is vir die verkryging

van kwytskelding deur die priester nie, **laat hom vervloek wees".** Dit is duidelik dat die bieg vir die Roomse Kerk **'n sakrament** is waarin sowel die sogenaamde „daaglikse" sonde as die doodsonde vergewe word, deur die priesterlike mag. Christus self sou dan die bieg ingestel het in Johannes 20 vers 22 en 23: „Ontvang die Heilige Gees. **As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou".** Hiermee het die kerk die mag ontvang en dit aan die priesters verleen om die sondes te vergewe. Die kerk eis natuurlik berou oor die gedane sondes. Die belydenis is die berouvolle erkenning aan die biegvader, die priester. Die „daaglikse" sonde (peccata venalia) wat 'n mens van die genade van God nie uitsluit nie, kan in die bieg wél verswyg word, omdat dit deur ander middels uitgedelg en dus sonder die bieg vergewe kan word. Dit is egter die **doodsondes** (peccata mortalia), die **ernstige** sondes, wat gebieg MOET word, byvoorbeeld ontug. Nadat die priester die sondebelydenis gehoor het, moet hy die boeteling, na gelang van die erns en aard van die sonde 'n „heilsame" **„boetedoening"** oplê. Hierdie boetedoening word penitensie of voldoening genoem; dit is die **vergoeding** wat aan God betaal word omdat Hy deur die sonde beledig en geskaad is. In die genoemde kategismussie vir die kleinspan word hulle dan verder geleer, in vraag en antwoord 49, dat een van die vernaamste gebooie van die kerk is om TEN MINSTE een keer per jaar te gaan bieg. Ook word dit sterk aanbeveel dat daar meer gereeld gebieg word, veral wanneer iemand in lewensgevaar verkeer.

Dit is baie duidelik dat ons hier sal moet uitmaak wat presies Jesus Christus bedoel het in **Johannes 20 vers 23: „As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit hulle gehou".** Dit is juis op hierdie punt waar ons ds. Hegger, met sy uitleg van genoemde teks, nou aan die woord wil stel: „Die beslissende vraag is: Ontvang die apostels hier die mag om die sondes te vernietig, of ontvang hulle die bevoegdheid om te **verklaar** dat iemand se sonde deur God vergewe, weg-

gedoen en uitgedelg word? Kry die woorde van die apostels **uitdelgende** krag ten opsigte van die sonde of alleen maar **verklarende** krag? Kan hulle iets doen met die sonde, of kan hulle alleen maar 'n oordeel oor die sonde uitspreek? Reeds 'n eenvoudige vergelyking uit ons spreektaal toon aan dat ons hierdie woorde van Jesus Christus ook in verklarende sin **kan** verstaan. Wanneer iemand allerlei kwaad van my rondvertel, dinge wat nie waar is nie, dan sê ek dat hy my swart smeer. Ek sê hy smeer my naam swart, terwyl ek tog heel goed weet dat hy onwaarhede vertel. Ek het 'n skoon gewete en ek weet dus heel goed dat iemand my nie swart kan smeer wanneer ek wit is nie, al laster hy ook nog soveel oor my. Wanneer ek dus sê dat iemand my swart smeer, bedoel ek eintlik dat hy my as swart **verklaar**. Reeds in ons nugtere Westerse spreektaal kom dit dus voor, dat ons ons in krasse taal kan uitdruk om iets 'n besondere nadruk te gee, dat ons dus letterlik meer sê as wat ons bedoel. Ek weet heel goed dat iemand my nie swart kan **maak** in letterlike sin nie, maar dat hy alleen by andere kan **verklaar** dat ek so swart is; en tog sê ek: hy **smeer** my swart. In die Ooste het ons egter 'n veel lewendiger manier van uitdrukking. Ook die Here Jesus het hom daarby aangesluit. In Lukas 14 vers 26 lees ons byvoorbeeld dat die Here Jesus sê: „As iemand na My kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie". Indien ons hierdie woorde **letterlik gaan** opneem, dan sou daaruit volg dat Jesus die haat verkondig teen eie vader en moeder en vrou en kinders en selfs selfmoord aanprys. Maar dan sou ons Jesus ook groot onreg aandoen indien ons hierdie woorde **letterlik** gaan opneem! Een van die mees geraffineerde maniere om iemand verdag te maak, is om sy woorde letterlik op te neem, terwyl mens heel goed weet dat hy dit tog anders bedoel het. So het die Skrifgeleerdes en Fariseërs ook met Jesus gedoen. Die Here Jesus het gesê: Breek hierdie tempel af en binne drie dae sal Ek dit weer opbou. Indien Jesus dit werklik **letterlik** sou bedoel het, dan het daarin inderdaad 'n geringskatting van die tempel gelê,

en dan kon Hy tereg daarvoor aangekla word . . . so sou die Here Jesus egter nooit gespreek het nie, want die tempel was eintlik nie van die Jode nie maar van God. Dit is immers God wat bevel gegee het dat in die tempel van Jerusalem die offers gebring moes word. Voor die Joodse Raad was daar twee getuies wat bevestig het dat Jesus wel hierdie woorde gespreek het, terwyl Hy dit tog **figuurlik** op sy liggaam bedoel het! Dit is dus duidelik dat hierdie woorde van Jesus aangaande die vergifnis van die sonde, nie **per se** letterlik bedoel hoef te wees nie, en dit is selfs moontlik dat ons ook hier aan Jesus onreg kan aandoen, indien ons dit letterlik opneem . . .Ons kom nou tot die vraag: Het die Here Jesus hierdie woorde hier letterlik bedoel, ja of nee? Die eerste manier om dit nou te wete te kom, is om na te gaan of Jesus miskien elders **iets anders** gesê het, waardeur dit duidelik is, dat Hy hier nie in letterlike nie, maar in figuurlike sin gespreek het. Dan is dit duidelik en glashelder op tallose ander plekke, dat die Here Jesus nie die mag om sonde te vergewe aan ander mense gegee het nie, **maar dat die sonde uitsluitend vergewe word deur God alleen.** In Markus 2 vers 1 tot 12 lees ons, dat 'n verlamde man tot Jesus gebring is. Dan spreek Jesus tot hom: „Jou sondes is jou vergewe". Dan is daar sommige Skrifgeleerdes wat by hulleself sê dat hierdie man godslasterlik praat. Wie kan sondes vergewe dan God alleen? Jesus gaan hierdie gedagte dan nie teëspreek nie, maar Hy gaan deur die genesing van die verlamde aantoon dat Hy inderdaad God is. Indien die gedagtes van die Skrifgeleerdes onjuis sou gewees het, dan sou Jesus hulle daarop gewys het; want deur 'n wonder te doen, bevestig Hy eintlik hulle gedagte. Ook in die „Onse Vader" leer Jesus ons om tot die Vader te bid: „Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Matt. 6 vers 12), en ten slotte voeg Hy daaraan toe: „Want indien julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader ook julle vergewe; maar indien julle die mense nie vergewe nie, sal ook julle Vader julle oortredinge nie vergewe nie". **„Soos ons ook ons skuldenaars vergewe . . .":** Ons kan aan iemand wat ons beledig het, deur 'n ander die

boodskap laat oorbring dat ons bereid is om hom te vergewe indien hy daaroor spyt het. In daardie geval is dit egter nie die persoon wat die boodskap oorbring, wat die belediging my aangedoen, vergewe nie. Dit doen ek self. Die boodskapper is slegs tussenpersoon. So stuur Jesus sy dissipels die wêreld in, **met die opdrag om die evangelie te verkondig,** dit wil sê, om die blye boodskap oor te bring dat **God** die mense hulle sondes wil vergewe, indien hulle daaroor **berou** het en **gelowig** hulle toevlug neem tot Jesus Christus. In hierdie geval is sy dissipels ook **nie** diegenes wat die sonde vergewe nie, maar slegs die **brengers** van hierdie heerlike tyding! Dit is dus duidelik dat die Bybel orals leer dat **God alleen die sondes vergeef.** Daarom kan hierdie een teks in Johannes 20 vers 23 nie met die res van die Bybel in stryd wees nie . . . Vervolgens is dit ook in die hele Nuwe Testament duidelik, dat ons alleen die vergewing van sondes kan kry **deur die soenoffer (versoeningsoffer) van Jesus aan die kruis.** Die profeet Jesaja teken die komende Messias as die Een wat die straf van ons sondes sal dra. Jes. 53 verse 5 tot 7 . . . Johannes die Doper wys **Jesus** aan as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem . . . Dit word trouens later in die brief aan die Hebreërs nog eens uitdruklik bevestig dat Jesus deur EEN enkele offerande vir altyd die wat geheilig word, volmaak het. Hebr. 10 vers 14. Nêrens word daar met een woord gerep nie, dat daar **naas** die offer van Christus **boonop** nog 'n vryspraak van die priester nodig sou wees om die vergewing van sondes te verkry nie . . . Derdens is dit uit die hele Bybel duidelik, dat die versoening wat Jesus vir ons sondes aan die kruis volbring het, ons deel word deur **die geloof in Hom.** Johannes die Doper verklaar dat wie in die Seun **glo, het** die ewige lewe" . . . Die Roomse leer oor die bieg maak Jesus eintlik tot 'n leuenaar . . . **Hierdie teks moet dus in verklarende sin verstaan word . . .** Ons mag ons die mag van die sondevergewing nie aanmatig nie, want dan laster ons teen God. Ons (die gemeente) mag egter wel die Bybelse boodskap deurgee, dat God bereid is om elkeen wat gelowig op die kruis van Christus vertrou, vir ewig te red".

(x) **DIE SAKRAMENT VAN DIE ALTAAR (Mis of Nagmaal)**

Die Roomse kerk bied 'n skriftelike kursus aan oor sy leer. Hierdie kursus, **in Afrikaans,** is ook gratis verkrygbaar. Rome besef lankal dat hy Afrikaans moet praat om sy vreemde leer, vreemd nie alleen aan ons volk met sy Protestantse agtergrond nie, maar vreemd veral aan die Bybel, te laat inslaan. Deel 7 van hierdie kursus handel oor die Roomse nagmaal of soos dit genoem word „die mis" of ook „sakrament van die altaar".

In hierdie Afrikaanse kursus wil Rome dit in netjiese Afrikaans duidelik stel waaroor dit gaan in hierdie allerbelangrikste sakrament van die **sewe** sakramente. Wanneer die apostels en hulle opvolgers, die biskoppe en priesters, die nagmaal herdenk by die neem van die brood en wyn, en wanneer hulle dan daaroor die woorde uitspreek „dit **is** my liggaam" en „dit **is** my bloed", dan is daar meteens 'n goddelike krag wat iets wonderlik bewerkstellig daar op die tafel (altaar) voor hulle oë. Wat gebeur daar eintlik? Die wonderlike ding wat daar gebeur word in die Roomse kerkleer aangedui met 'n swaar woord „transsubstansiasie". Wat beteken hierdie swaar woord? Dit beteken eintlik dat Jesus Christus nou werklik en waarlik, met sy siel en met sy liggaam, soos Hy verheerlik in die hemel is, as't ware werklik neerdaal in die gedaante van brood en wyn, sodat die priesters en die hele gemeente inderdaad kan sê: Hier is die Heer letterlik teenwoordig; hier is Hy so konkreet op die tafel dat ek aan Hom kan vat. Ek vat aan Hom, ek raak Hom aan. Maar nou is dit slegs die priester wat aan Hom mag raak en nie die gewone lidmaat (leek) nie. Die gewone lidmaat proe Jesus slegs op sy tong wanneer die priester self die stukke brood op die tong van die lidmaat plaas. Die lidmaat (leek) kan dus nie soos by ons die geval is, sy hand uitsteek en 'n stukkie brood neem nie. Nee, hy moet onthou dat dit Jesus is wat aangeraak word en daar mag nie een enkele krummeltjie mors nie. Die brood is die teken van sy liggaam en die wyn is die teken van sy bloed, maar dit is 'n

teken wat duisendmaal meer realisties of werklik is as aan die Protestantse Nagmaalstafel, aangesien hierdie **gekonsekreerde** brood werklik VERANDER het, wat substansie betref: dit IS nou sy liggaam en dit IS nou sy bloed! Die gedaante of die eienskappe van brood en wyn soos kleur, vorm, uitgebreidheid ens. bly wel daar, maar die **wese** (substansie) van die brood en wyn **gaan oor** (trans) in sy ware egte vlees en sy bloed. Die Roomse kerk gebruik die beeld van siel en liggaam om in hierdie Afrikaanse les te verduidelik hoe sake in mekaar skakel. Die elemente van brood en wyn en die teenwoordigheid van Jesus daarin, is 'n samesyn van iets, soos wat die siel in die liggaam teenwoordig is. (Die skrywer van die les erken egter dat hierdie beeld veel te kort skiet en deel in verleentheid sy lesers mee: „Christus vra geen insig nie, maar geloof, 'n nederige en vertroulike geloof soos Hy van die apostels gevra het".)

Die volgende wonderlike gebeurtenis wat daar op die tafel (altaar) voor die oë van die Roomse gemeente voltrek sou word, is dat terwyl Jesus onder die gedaantes van brood en wyn teenwoordig na vore kom, offer Hy Homself **weer 'n keer** aan sy Vader, maar hierdie keer nie weer op bloedige wyse soos aan die kruis nie, maar op onbloedige wyse. In 'n sekere sin offer ook al die teenwoordige lidmate wat in hulle gedagtes hulleself met die offer verenig. Christus word dus **weer en weer** geoffer by elke Roomse nagmaal en die lidmaat bring ook **weer en weer** 'n offer. Die hele plegtigheid van die nagmaal staan in die teken van die offer. Die ou offerlam word deur die nuwe, Jesus Christus self, vervang.

Dit alles word in die geloofsbelydenis van pous Pius IV, Art. V soos volg bely: „Ek bely dat in die mees heilige offer van die mis is daar werklik, waaragtig en wesenlik die liggaam en bloed, tesame met die siel en heiligheid van onse Here Jesus Christus, en dat daar 'n verandering van die hele substansie van die brood in die liggaam, en van die wyn in die bloed gemaak word, welke verandering die Rooms-Katolieke Kerk transsubstansiasie noem."

Hier moet ons ook daarop wys dat **tot dusver** die Roomse lidmaat, behalwe in uitsonderlike eienaardige gevalle, ook nie albei die tekens van brood en wyn uit die hand van die priester ontvang het nie, maar slegs een van die tekens naamlik die stukkie brood wat die priester self op sy en haar tong plaas. Hieroor leer die konsilie (Roomse Sinode) van Trente: „As enigiemand sou sê dat die kerk van Rome nie deur regverdige oorsake en redes beweeg is, om te beveel dat leke en geestelikes wat nie die diens lei nie, slegs sal deelneem deur die element van brood, of sou sê dat die kerk hierin fouteer het laat hom vervloek wees. (Sessie I, Kan. 2). Ook verklaar dieselfde Konsilie in sessie 21 hoofstuk I: „Waar leke en geestelikes nie die diens lei nie, is hulle nie deur enige heilige verordening verplig om die sakrament van die mis onder beide tekens te ontvang nie; ook kan dit nie betwyfel word nie, sonder nadeel van die geloof, dat gemeenskap deur alleen een van beide elemente genoegsaam is vir hulle saligheid".

Hierdie allerwaardigste sakrament van die altaar oortref al ses die ander Roomse sakramente in heiligheid en verhewenheid. Dit is volgens die Sinode van Trente só, dat die orige sakramente hulle heiligende krag eers dan verkry wanneer hulle ontvang word. In hierdie sakrament lê die heiligende krag reeds opgesluit **voordat** dit ontvang is. (Sessie 23 Kan. 3). In die „Katechismus voor die Aartsbisdom Utrecht", bladsy 89 ('n Roomse Kategismus) word dan ook duidelik geleer (soos in alle ander Roomse leerboeke) dat Jesus Christus wat nou, **na** die woorde van die konsekrasie, daar op die altaar teenwoordig is, dáár vereer moet word deur; „1. Met diepe eerbied te aanbidden"; 2. voor zijne liefde en zijn heilige lijden te danken, 3, vol vertrouwen om zijn genade te bidden".

Die Rooms-Katoliek is verplig om minstens een maal per jaar, met Paastyd, die heilige mis te ontvang, ook dan wanneer hy ernstig siek is en gevaar loop om te sterwe. Sodra 'n Roomse lidmaat ernstig siek is moet hy nagmaal

kry, tuis of in die hospitaal. Hierdie onderstreping doen skrywer nie verniet nie. Al wat ek weet is dat hierdie suurdeeg ook sy werk gedoen het en nog steeds doen. Die Woord en die gebed in die siekekamer is nie genoeg nie. **Sodra die bediening van die heilige sakrament van die nagmaal (en van die doop) bedien word sonder die Woord (en die Woord sluit die verkondigde Woord in), dan is daardie gebeure 'n netjiese Roomse gebeure, ook al is dit hoe goed bedoel; die doel heilig nie die middel nie.** Indien die argument van die „begeerte" van broeder of suster so en so, wat krank is, as die maatstaf moet dien van die bediening van hierdie heilige dinge, dan hou ek my hart vas met albei hande, want wat gedoen behoort te word in die kerk van die Heer, word **nie** bepaal deur die **begeerte** van 'n broeder of suster nie, nie deur die **begeerte** van 'n dominee nie, maar deur die weg van die Woord. En as die begeerte dan so is, dat die brood gebreek moet word **buite die prediking van daardie Woord,** het daardie predikant en sy kerkraad 'n uiters belangrike Protestantse beginsel losgelaat en kan die Roomse Kerk rede tot vreugde hê.

Wat kan ons dan as Protestante, as kinders van die Kerkhervorming antwoord op hierdie Roomse beskouing oor die sakrament van die altaar. Ook hierdie keer weet ek van geen beter antwoord as die van ds. Hegger nie, juis omdat hy **met die Bybel begin.** Hy vra aan die Roomse priesters of hulle al ooit die Bybelse Brief aan die Hebreërs aandagtig deurgelees het. Hy vestig hulle aandag dan op die telkens weer voorkomende Griekse woordjie „hapax", wat beteken **„eenmaal".** In ons voorafgaande uiteensetting het ons die **weer en weer** van die offer van Jesus Christus op die altaar onderstreep. Elke keer, **opnuut** word die Christus op die altaar in onbloedige vorm geoffer by elke Roomse nagmaal (mis). (Ons vergelyk Hebreërs 6 vers 4, 9 vers 7 en 26, 12 vers 26). Ons siteer Hebreërs 9 vers 24 tot 28: „Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn; **ook nie om**

homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie want dan moes Hy **dikwels gely het,** van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy **eenmaal** aan die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen. En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, **nadat Hy eenmaal geoffer is** om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid". Die Roomse Kerk leer dit baie duidelik dat elke mis 'n waaragtige offer is, **oor en oor, weer en weer!** Die Bybel leer dat Hy **EEN MAAL** geoffer is, en dit is genoeg!

Verder: Deur die Roomse nagmaal kan mens baie weldade vir jouself en vir ander, ja selfs vir die siele in die vaevuur verkry. Die vrugte van die Roomse nagmaal word onderskei in algemene en besondere vrugte. Die algemene vrug (fructus generalis) word die eiendom van die **hele** kerk en kom al sy lede ten goede, selfs die wat al gesterf het en in die vaevuur verkeer. Die besondere vrugte (fructus specialis) word deur almal ontvang wat aandagtig by die nagmaal teenwoordig is, deur die priester wat die offer opdra en deur die persoon vir wie die priester die offer opdra. 'n Misoffer kan gedoen word vir lede van die Katolieke Kerk, al is hulle selfs in 'n staat van doodsonde. Verder kan 'n misoffer opgedra word vir die afgestorwenes. Vir die siele in die vaevuur **moet** dit opgedra word! (Vir siele in die hemel is dit **nie nodig nie** en vir siele in die hel **mag dit** nie opgedra word nie, want uit die hel kom jy nooit (Latyn: ex inferno nulla est redemptio). Ook kan die misoffer opgedra word vir besondere doeleindes soos byvoorbeeld vir die uitroeiing van ketterye in die wêreld, die bekering van die Jode, ens. **Mens vra: Waar kom die Roomse Kerk tog aan al hierdie dinge?** Die Protestant staan **slegs met sy Bybel** in die hand. Daarin vind hy dit nie, niks van „al hierdie dinge" nie.

Die kind van die Kerkhervorming lees óók: „Dit **IS** my liggaam wat vir julle gebreek word" en „dit **IS** my bloed wat vir julle uitgestort word" en wat daarop volg. Hy lees dit in sy Bybel. Dit is vir hom egter nie so dat die brood **letterlik** Jesus se liggaam IS nie, en dat die wyn nie **letterlik** sy bloed IS nie, net so min as wat Jesus werklik 'n wynstok is wanneer Hy sê „Ek **is** die ware wynstok . . ." en net so min as wat die dissipels in lote verander wanneer Hy sê . . . „en julle **(is)** die lote". Nee, die brood aan die nagmaalstafel waar hy en sy eerbiedig aansit, wys heen en verwys na die liggaam **van Christus;** die wyn, wanneer hy dit aan sy lippe bring, verwys en wys heen na die bloed **van Christus** wat gestort is tot die vergifnis van ons sondes. Hy en sy het pas geluister na die **verkondiging van die evangelie,** en die Heilige Gees het deur die verkondiging die geloof **gewerk, gewek** in die harte. Nou, aan die nagmaalstafel word hierdie geloof **versterk,** deur die gebruik van die heilige sakrament. Die heilige nagmaal is vir hom 'n teken, 'n waarteken, 'n seël, wat deur God ingestel is. Dit is 'n waarteken omdat hier aan die nagmaalstafel die **waarheid** van die ontfermende hemelse Vader, deur die geloof bewys word, 'n **bewys** dat die evangelie waar is. Dit is 'n seël, dit is 'n stempel, ten bewyse van die egtheid. Die waarheid en die egtheid waarvan? Hiervan, dat Hy ons deur die gebruik van die sakrament, die belofte van die Evangelie **des te beter** laat verstaan. Wat laat Hy ons hier des te beter verstaan? Dit, dat ons op grond van die **enige** en **enigste** slagoffer van Christus wat aan die kruis volbring is, Hy iets besonders aan ons wil **gee.** Let wel: Hy wil dit **gee** en nie meganies **ingiet** nie, soos water in 'n kanaal nie. Hy wil aan ons **dit** gee: die **vergewing van sondes** en die **ewige lewe!** En dit alles is **genade,** onverdiende guns alleen. Wanneer hy van daardie tafel af opstaan kom hy terug na die dankseggingsdiens om daar te sing:

„Ons **loof U Naam** met hart en mond,
O God, want U het hierdie stond,

U Seun aan ons, as Middelaar
weer aan U dis geopenbaar.

Dank vir die heilige Nagmaalsdis
gestig tot sy gedagtenis,
waar by gebruik van wyn en brood
verkondig word sy bittere dood.
Ja, Hy moes vir ons **sondes boet,**
sy liggaam **offer en** sy bloed,
sodat ons siele, doodlik krank,
kan **lewe** deur die spys en drank.
Laat deur die werking van U Gees,
die Nagmaal ons tot seën wees,
en **sterk ons Heer,** in die geloof,
dat niks ons ooit aan U ontroof".

(Gesang 105)

(xi) ROOMSE SKOLE IN SUID-AFRIKA.

Die Roomse Kerk weet **waar** om te begin. **Begin by die kind!** Dit is 'n algemene erkende beginsel in die opvoeding van die mens. „Buig die boompie terwyl dit nog jonk is", lui 'n bekende gesegde. Dat die Roomse Kerk in die onderwys belangstel, is geen geheim nie. Trouens, dit is seker nie te vergesog indien ons sou beweer dat daar geen enkele terrein in die maatskaplike lewe is waarin die Roomse Kerk soveel belangstel as juis die onderwys van die kinders nie. Dit is immers ook opdrag van die pous in sy ensikliek „Divini illius magistri" van 31 Desember 1929. (Pous Pius XI). Volgens die Rooms-Katolieke onderwysbeleid is daar drie groepe wat belangstel by die onderwys: — die huisgesin, die staat en die kerk. Die huisgesin is daar met die doel om kinders voort te bring (vergelyk die onlangse verbod van die pous op die „pil") en op te voed, maar die huisgesin beskik nie oor die nodige middels om stoflik en geestelik doeltreffend op te voed nie. Dit staat beskik wel oor die stoflike maar nie oor die geestelike middels nie. Die kerk omvat die hele menslike geslag en is volmaak toegerus vir die doel! Onderwys, volgens Rome, is in die eerste en hoogste instansie die taak van die kerk en dit as gevolg van 'n tweevoudige bonatuurlike reg wat God aan die kerk gegee het. In die eerste plek is aan die kerk toevertrou die hoogste en onfeilbare leergesag om die nasies te leer, en in die tweede plek het die kerk die bonatuurlike taak om aan die mense die lewe van genade deur die sakramente mee te deel. Die „onfeilbare" Roomse Kerk is dan die hoogste en sekerste leermeester. Die kerk het daarom alle wysheid op die gebied van lettere, kuns en wetenskap! (Vergelyk genoemde pouslike ensikliek.) Prof. de Klerk in sy boekie oor die Roomse Kerk, wys verder daarop dat die roeping van die Roomse Kerk nie slegs uitstrek tot sy eie gelowiges nie, maar tot **alle** volkere, plekke en tye. Roomse sendelinge het duisende skole oor die lengte en breedte van die wêreld gestig, „van beide oewers van die

Ganges tot by die Geelrivier en die groot eilande van die stille Oseaan, van die kontinent van Afrika, tot by laer Patagonia en die bevrore Alaska".

In ons eie land tel Roomse skole soos volg:

KAAPPROVINSIE:

Afdeling	Blanke	Asiate	Kleurlinge	Bantoe
Kaapstad	38	—	30	2
Port Elizabeth	28	—	20	15
Aliwal	2	—	3	15
Oudtshoorn	4	—	8	—
Queenstown	1	—	11	10
De Aar	2	—	2	2

Totaal vir Kaapprovinsie:

Vyf-en-sewentig Blankeskole, 74 Kleurlingskole en 44 Bantoeskole. In Port Elizabeth is ook 'n Sjinese skool.

AANTAL SKOLE IN TRANSVAAL:

Afdeling	Blanke	Asiate	Kleurlinge	Bantoe
Pretoria	11	—	1	16
Johannesburg	43	—	4	24
Witbank	3	—	—	22
Manzini (Swasieland)	—	—	1	62
Pietersburg	3	—	—	26
Louis Trichardt	1	—	—	6
Wes Transvaal	4	—	—	4

Totaal skole in Transvaal:

Vyf-en-sestig Blankeskole, 6 Kleurlingskole en 160 Bantoeskole.

AANTAL SKOLE IN NATAL:

Afdeling	Blanke	Asiate	Kleurlinge	Bantoe
Durban	18	7	4	87
Marianhill	1	2	2	126
Umzimkulu	1	1	—	36
Eshowe	6	—	1	71
Umtata (geregistreer onder Natal)	1	—	7	20
Kokstad	2	—	6	21
Volksrust (hier gereken)	3	—	—	17
Ingwavuma	—	—	—	14

Groot totaal skole in Natal:

Twee-en-dertig Blankeskole, 9 Indiërskole, 20 Kleurlingskole en **let wel:** 392 Bantoeskole.

AANTAL SKOLE IN DIE VRYSTAAT:

Afdeling	Blanke		Kleurlinge	Bantoe
Bloemfontein	2	—	—	17
Kimberley	4	—	2	27
Kroonstad	8	—	—	5
Keimoes (hier gereken)	—	—	27	—
Gabarones (hier gereken)	—	—	—	10
Bethlehem	—	—	—	9

Groot totaal skole in die Vrystaat tel 16 Blankeskole, 29 Kleurlingskole en 68 Bantoeskole.

AANTAL SKOLE IN SUIDWES-AFRIKA:

Afdeling	Blanke		Kleurlinge	Bantoe
Keetmanshoop	—	—	12	16
Windhoek	2	—	3	120

Hoe lyk dit in ons buurstate?

In Rhodesië beskik die Roomse Kerk oor 11 Blankeskole, 247 Kleurlingskole en 567 Bantoeskole. In Lesotho (Basoetoeland) is daar 489 Bantoe **(Roomse)** skole!

Die prentjie in sy geheel sien daar soos volg uit:

In die **Republiek** van Suid-Afrika het die Roomse Kerk 186 Blankeskole, 10 Indiërskole, 128 Kleurlingskole, 582 Bantoeskole.

In **Suidwes-Afrika** is daar 2 Blankeskole, 15 Kleurlingskole en 136 Bantoeskole.

Hoeveel leerlinge is daar in hierdie skole?

Ons gaan u nie vermoei met nog meer syfers om elke afdeling te noem nie. Ons gee slegs die groot getalle: (leerlingtal.)

KAAPPROVINSIE:

14,454 Blankes, 376 Indiërs, 228 Chinese, 21,474 Kleurlinge en 7,582 Bantoeleerlinge.

TRANSVAAL:

20,240 Blankeleerlinge, 654 Chinese, 1,210 Kleurlinge, 33,408 Bantoeleerlinge.

NATAL:

7,584 Blankeleerlinge, 3,223 Indiërs, 4,930 Kleurlinge en 52,625 Bantoeleerlinge.

VRYSTAAT:

3,133 Blankeleerlinge, 12 Chinese, 6,827 Kleurlinge en 17,011 Bantoeleerlinge.

In **Lesotho** is daar 90,515 Bantoeleerlinge in Roomse skole!

In **Suidwes-Afrika** is daar 808 Blankeleerlinge, 2,714 Kleurlingleerlinge en 18,086 Bantoeleerlinge in Roomse skole. In Rhodesië is daar 4,339 Blankeleerlinge, 20 Indiërs, 10 Chinese, 1,402 Kleurlinge en 150,681 Bantoeleerlinge.

GROOT TOTAAL LEERLINGE IN REPUBLIEK:

45,411 Blankeleerlinge, 34,135 Kleurlingleerlinge, 3,599 Indiërleerlinge, 97,489 **dus byna 100,000 Bantoeleerlinge.**

Dit behoort vir elkeen duidelik te wees dat dit vir die Rooms-Katolieke Kerk erns is om die jeug van ons volk, maar dan ook die jeug van alle volksgroepe te bereik. Wie die jeug het, het die volk, die volk van môre! Die Roomse Kerk is „vierkantig gekant" teen 'n onderwysbeleid wat deur die Staat bepaal word. Wat hierdie kerk eintlik wil hê is Staatsondersteunde skole **onder leiding van die Roomse Kerk.** (Vergelyk H. Belloc se werke.)

Nou kom die baie ernstige vraag by my op: Afgesien van die geweldige invloed van die Roomse Kerk op die Bantoe (byna 100,000 leerlinge), die Kleurlinge (34,000), **wat sê die feit van die byna** 46,000 Blankeleerlinge in die Roomse skole? Aangesien slegs ses uit elke 100 blankes in Suid-Afrika lidmate is van die Rooms-Katolieke Kerk, kan dit waar wees dat die 46,000 kinders almal **Roomse** kinders is? **Ek glo nie!** Ek hoor iemand vra: Wat bedoel u eintlik dominee?" „Waaroor is u begaan?" „Hule lol nie met ons kinders se geloof nie, hulle **leer** ons kinders en dis al'.' Juis hieroor, is ek so bekommerd, oor hierdie stomme blindheid! **Leer** 'n mens slegs, gaan dit enkel en alleen om **boekekennis** in 'n skool, kollege, universiteit? Nee, die skool, kollege en universiteit druk onmiskenbaar sy stempel af op die leerlinge en studente! Sy en haar persoonlikheid, karakter, lewensuitkyk (lewensopvatting) wêreldbeskouing, word **daar** gevorm! Enige skool en kollege/Universiteit het 'n bepaalde gees, 'n klimaat. Dit is van ontsettende groot belang. Luister net wat sê die „Catholic Times" 32 jaar gelede op 22 Januarie 1937: **„Wat werklik van belang in ons skole is, is die atmosfeer, deurdrink van lewenskragtige katolisisme".** Ons haal hierdie sinsnede juis aan omdat dit uit 'n **Roomse blad self kom.** Die skrywer het goed gesien wat werklik van belang is, naamlik dat die Roomse gees (die „sensus catholicus") 'n eie atmosfeer skep. Daaraan word ons kinders onderwerp; 46000 blanke kinders, $1\frac{1}{4}$ miljoen Bantoekinders en 36000 Kleurlingkinders.

KITAL

HOOFSTUG 6

DIE POSITIEWE HANDHAWING EN UITBOUING VAN ONS PROTESTANTSE ERFENIS. WAT MOET ONS GLO EN DOEN?

(i) INLEIDEND:

Dit is nie net sinvol nie maar noodsaaklik dat die kerk van die Hervorming hom voortdurend rekenskap sal gee oor **wat nou eintlik sy (protestantse) erfenis is.** Hierdie besinning is enersyds noodsaaklik omdat daar by die Rooms-Katolieke Kerk sedert die Hervorming nog geen wesentlike verandering ingetree het nie. Uiterlik was daar wel hier en daar 'n klein verandering, maar wesentlik is die Roomse Kerk van vandag nog presies dieselfde as in die dae van Luther en Calvyn. Andersyds is hierdie besinning dringend noodsaaklik vanweë die problematiek van ons tydsgewrig. In ons tyd is hierdie besinning heelwaarskynlik dringender as in enige tyd sedert die Hervorming. In ons tyd is daar 'n steeds groeiende aantal persone wat geen oog meer het vir die teologiese denke van die vadere nie. Bowendien word ons tyd daardeur gekenmerk dat die mens (en die „menslike") die maatstaf van alles geword het. Hy, só word beweer, het mondig geword. Hy stel self, sonder inagneming van enige bestaande norm of gesag, die reëls vir sy lewe op en dirigeer self, in absolute vryheid, die spel van sy lewe. Hy bepaal self, en nie meer die Woord van God nie, wat goed en wat kwaad is, wat gedoen mag word en wat gelaat moet word. Die braafstes sê: God is dood! Hy is in elk geval onttroon en die mens wat Hom van sy troon gestoot het, het nou self daardie leegstaande troon beklim. Hy is nou self sy god of beter: afgod, leegheid, nietigheid . . .

En dit het nou alles nie net buite die kerk om plaasgevind nie. Die kerk het nie gespaar gebly nie. Dieselfde proses is lank reeds in die kerk aan die gang. Sy spoor kan nie meer misgekyk word nie. Kerklos- en kerkloswording is lankal ook vir ons kerk 'n groot probleem en die

tekens dui onmiskenbaar daarop dat hierdie proses in die nabye toekoms vir ons oorweldigende afmetings gaan aanneem.

Ons tyd word verder ook nog gekenmerk deur 'n aantal verradelike strominge binne die wêreldkerk. Ons noem slegs enkele van hierdie strominge: Die „God is dood" Teologie; die teologie van die rewolusie met sy politieke inslag; die teologie van die nuwe moraliteit en die „social gospel". Dit is veral by hierdie strominge waar ons al te dikwels groot onwilligheid vind om ook saam met die vaders en die broeders in die kerk na die Woord van God te luister. Die belydenisskrifte het vir hierdie strominge geen betekenis meer nie.

Uit dit alles blyk die noodsaak om ons juis nou en elke keer weer, rekenskap te gee van ons „protestantse erfenis".

Voordat ons kan handel oor **hoe** die protestantse erfenis gehandhaaf en uitgebou kan word, is dit nodig dat ons eers aan twee sake aandag sal gee. Eerstens moet ons probeer vasstel wat die inhoud en draagkrag van die woorde **„protestants"** en **„erfenis"** in die begrip „Protestantse erfenis" is. Dit is enersyds nodig omdat daar in sommige van die strominge in die wêreldkerk die eensydige opvatting heers dat dit die eerste en die grootste taak van die protestantse kerk is om teen alles en nog wat te **protesteer** en dit omdat „protesteer" dan **die** eintlike betekenis van die woord „protestant/s" sou wees. Die kerk moet in die oë van hierdie mense altyd reaksionêr en rewolusionêr wees. Andersyds is dit nodig dat ons sal vasstel wat die inhoud van die begrip „protestantse erfenis" is omdat die woord „erfenis" ook 'n gevaarlike betekenis kan hê.

Tweedens moet ons dan kortliks aandui waarin hierdie protestantse erfenis bestaan.

1. Die begrip „protestantse erfenis".

Die ontstaan en betekenis van die begrip **„protestant(s)"**, kan uit die geskiedenis van die Hervorming kortliks as volg gestel word: In die edik van Worms (1521) het Karel V die

ryksban oor Luther en sy volgelinge uitgespreek, die verbranding van hulle geskrifte gebied en Luther voëlvry verklaar. Op die eerste ryksdag van Spiers (1526) is oor die uitvoering van hierdie edik die volgende eenparige besluit geneem: die evangeliese vorste verkry die reg om die bestaande situasie in hulle onderskeie gebiede op so 'n wyse te handhaaf as wat hulle oortuig is hulle hul die beste voor God en die keiser sal kan verantwoord. Hierdie besluit is egter kort daarna op die tweede ryksdag van Spiers (1529) met 'n blote meerderheid van stemme (Rooms-Katolieke stemme) herroep. Dit het beteken dat die evangelies-gesinde vorste nou verplig was om die edik van Worms uit te voer. Hulle moes dus die hervorming van die kerk, wat hulle met hart en siel gesteun het, ongedaan maak deur op te tree teen Luther en sy volgelinge en deur hulle geskrifte te vernietig.

Vyf vorste en veertien stede het toe op die 25ste April 1929 'n **protes** (protestacion) teen hierdie besluit van die ryksdag ingehandig. Wat die formule betref, het hulle in hulle protes beswaar gemaak daarteen dat op die politieke vlak 'n besluit wat vroeër met algemene instemming aanvaar is, nou deur 'n toevallige meerderheid herroep is. Wát die inhoudelike betref, het hulle gestel dat dit teen die evangelie teen die eer van God en teen hulle christelike gewete indruis.

Sedert hierdie gebeurtenis is die naam „protestant" gegee aan die verskillende hervormers en hulle volgelinge.

Ons moet dit duidelik onderstreep dat volgens die ontstaansgeskiedenis van die woord „protestant", dit **nie** net betekenis van „protesteer" het nie. Meer nog: wanneer 'n mens die gebruik van hierdie woord by die hervormers voor en na die tweede ryksdag van Spiers nagaan, vind jy dat „protesteer" nie die belangrikste betekenis van die woord „protestant" kan wees nie. 'n Baie beter weergawe van die woord sou wees „om openlik en met nadruk te verklaar". Daarby moet die aksent by so 'n openlike en nadruklike verklaring nie op die negatiewe nie, maar op die **positiewe** val.

Uit die baie voorbeelde waar die woord in hierdie betekenis in die sestiende eeu gebruik is, haal ons enkeles aan. Luther se **Resolutiones** wat hy in 1518 ter toeligting van sy 95 stellings van 1517 geskrywe het, word voorafgegaan deur 'n kort brief waarin hy skrywe dat hy in die eerste plek „protesteer" — dit is: openlik en met nadruk verklaar — dat hy niks wil sê of wil behou wat nie uit die Heilige Skrif geneem kan word nie. Selfs die aflaathandelaar, Tetzel, gebruik die woord só. Aan die einde van sy wederlegging van Luther sê hy: „wat ek hiermee openlik protesteer („protestir"), d.w.s. „wat ek hiermee openlik verklaar". 'n Klompie jare later skrywe Calvyn in sy testament (25 April 1564): „ek protesteer (je proteste) — dit is: „ek verklaar openlik en met nadruk" — . . . dat ek probeer het . . . om sy Woord suiwer te leer".

Dit is dus duidelik dat die woord „protestant" nie maar sommer net van die negatiewe betekenis van „protesteer" afgelei kan word nie. Dan gaan die positiewe en ook die belangrikste betekenis van die woord verlore. Trouens in die protes wat te Spiers ingehandig is, was die negatiewe protesaksie teen die formele wat gesentreer het rondom twee besluite, ook nie die belangrikste nie. Die geweldig omvangryke inhoud van hulle protes, dit is „openlike en nadruklike verklaring", was niks minder as die eer van God, die vryheid van die evangelie en die vryheid van die gelowiges onder die evangelie nie. Die woord „Protestant" het dus, gesien vanuit sy oorsprong, niks te doen met die woord „protesteer" in sy moderne, modegeworde betekenis nie.

'n „Protestant" — só sal ons die betekenis van die woord wil omskrywe — is daardie mens wat openlik en met nadruk getuienis aflê vir die eer van God en die vryheid van die Woord van God. Die begrip **„protestantse erfenis" beteken dan 'n erfenis waarin openlik en nadruklik getuig word vir die eer van God en die vryheid van die evangelie of, anders gestel, vir die allenige gesag van God se Woord.**

Oor die woord „erfenis" net 'n kort opmerking. Die woord „erfenis" in die begrip „protestantse erfenis" dui 'n geestelike nalatenskap van protestantse herkoms aan — 'n erfenis dus wat bepaal word deur die grondoortuiging dat dit ten alle tye in die kerk moet gaan om die eer van God en die vryheid van die evangelie. Onder erfenis kan hier dus nie iets verstaan word wat langs die Heilige Skrif staan en net so veel gesag dra as die Heilige Skrif nie. Hierdie erfenis wil immers juis dit beklemtoon dat die finale of absolute gesag in die kerk slegs die Woord van God kan wees. By die Rooms-Katolieke Kerk is dit anders. Daar geld die oorgelewerde erfgoed, alhoewel nie as die vernaamste nie, tog as 'n **ander** 'n **tweede** of 'n **bykomende bron** van die openbaring van God. Die erfgoed, die tradisie is vir die Roomse Kerk net so normatief vir die leer en lewe van die kerk as die Heilige Skrif. Die begrip „protestantse erfenis" sny hierdie Roomse beskouing vooraf reeds af. Die Heilige Skrif is die enigste bron waaruit die openbaring van God geken kan word. Die Woord van God is vry. Dit kan deur niks en niemand gebind word nie terwyl die kerk in sy spreke en doen en elke persoon in die kerk onderworpe is aan die Heilige Skrif. Dit is die enigste normatiewe gesag in die kerk en aan hom moet die ganse lewe en werk van die kerk ook sy erfgoed, voortdurend weer gemeet word.

(ii) WAT ONS PROTESTANTSE ERFENIS OMVAT

Die tweede vraag wat ons moet beantwoord is: Waaruit bestaan ons protestantse erfenis?

Dit is nie moontlik om die volle omvang van die protestantse erfgoed hier weer te gee nie. Ons wil slegs wys op enkele hoofmomente uit hierdie erfenis.

(a) Die Hervormers het weer die waarheid van die Heilige Skrif „ontdek" dat daar vir die sondaar **alleen redding in Jesus Christus** is. Hy sê self: „Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh. 14:6) en in Hand. 4:12 lees ons: „Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie", want „daar is een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus" (1 Tim. 2:5). Naas sy naam kan daar dus nie nog 'n ander naam soos bv. dié van Maria, genoem word (soos die Roomse Kerk doen) waardeur ons gered kan word nie. Ook geen ander instansie soos bv. die kerk (soos Rome van homself sê) kan saam met Hom vir die redding van die sondaar verantwoordelik wees nie. Vir die kerk van die hervorming gaan dit dus baie duidelik alleen om Jesus Christus en om sy Vader en om die Heilige Gees — om die drie-enige God. Alleen die drie-enige God is God. Daarom kom aan Hom alleen toe alle lof, aanbidding en heerlikheid. In Hom lê ons lewe en ons saligheid. Alleen in Christus is ons nie meer verlore nie maar gered, nie meer dood nie, maar lewend. Alleen in Hom is ons kinders van God en erfgename van die ewige lewe (Rom. 8:17; Gal. 4:7; Tit. 3:7).

(b) 'n Tweede ontdekking van die Hervormers was dat die redding van die mens in Christus, **alleen deur die geloof (sola fidei)** kan geskied. „Ons neem aan dat die mens geregverdig word deur die geloof, sonder die werke van die wet" (Rom. 3:28). „Die regverdige sal deur die geloof lewe" (Rom. 1:17).

Deur die geloof alleen! Maar nou kan ons ook nie die geloof aanmerk as ons eie verdienstelike goeie werk nie.

Die Bybel sê uitdruklik dat „niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor. 12:3). As Petrus op Jesus se vraag: „Wie sê julle is Ek?" antwoord: „U is die Christus, die Seun van die lewende God", dan sê Jesus vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is" (sien Matt. 16:13-23). Die geloof is dus **werk en genadegawe van God.** Dit is geloof omdat die geloof is in Christus in Wie en deur Wie se soenverdienste (alleen) ons regverdig is voor God. Die regverdigmaking van die sondaar deur die geloof alleen, in en deur Christus alleen, geskied dus **deur genade alleen, (sola gratia).**

Hieruit volg twee belangrike sake: Eerstens dat die **sekerheid van ons saligheid** alleen by God lê. Ons is hier geheel en al op God aangewys, op die troue God wat 'n waarmaker van al sy beloftes is. Hierdie sekerheid kan op **geen wyse** deur die kerk gewaarborg word nie (soos die Roomse Kerk waarborg van die saligheid wil wees nie). Dit kan ook nie teweeggebring word deur die outomatiese heilswerking van die sakramente in die Roomse Kerk nie en ook hier deur ons eie verdienste nie.

'n Tweede saak wat hieruit volg, is die kwessie van **die mens as sondaar.** Die Hervormers het — om dit só te stel — weer die mens as sondaar ontdek en dit omdat hulle uit die Bybel weer verstaan het dat die mens alleen deur God self in Jesus Christus deur die Heilige Gees gered kan word. Juis omdat hulle dit só helder in die Woord van God gesien het dat die mens alleen deur die geloof in Jesus Christus goed kan word, kon hulle voluit erns maak met die feit van die sonde. En nou is dit só dat die afwatering van die sonde altyd aanleiding gee tot die afwatering van Christus en sy versoeningswerk. Sodra die sonde nie meer as so erg gesien word nie, is Christus ook nie meer so nodig nie. Dan kan Hy vervang word deur die kerk of deur die goeie werke van die mens self. Hierdie afwatering van die sonde is nie net 'n feit in die Roomse Kerk nie, maar is in ons tydsgewrig ook 'n wesentlike gevaar binne die res van die Christendom.

(c) Al hierdie dinge het in die hervorming na vore gekom en onvervreembare elemente van ons protestantse erfenis geword en dit omdat **die hervormers weer die Bybel ontdek het en verstaan het dat die Heilige Skrif die enigste kenbron van die waarheid en daarom die enigste vorm vir die leer en die lewe van die kerk is.** Hieroor moet ons breedvoeriger handel.

Ons het reeds voorheen daarop gewys dat die Roomse Kerk bely dat daar **twee bronne van die openbaring** van God is. Hierdie twee bronne is dan die **Heilige Skrif** en die **tradisie.** Hulle word in die Roomse Kerk gelykgestel aan mekaar. Op 8 April 1546 het die Konsilie van Trente die volgende oor Skrif en tradisie gestel: „Die . . . sinode van Trente . . . neem aan en vereer met gelyke piëteit en eerbied . . . al die boeke van sowel die Oue as die Nuwe Testament . . . en nie in mindere mate nie, die tradisies wat op sowel die geloof as die sedes betrekking het".

Nou is dit só dat die Bybel wel vir die Roomse Kerk die **eerste** bron van die waarheid is, maar dit is nie die **enigste** en volledige bron nie. Dit moet aangevul en volledig gemaak word deur die oorlewering wat óf deur Christus mondeling uitgespreek is óf deur die Heilige Gees gedikteer is en deur die ononderbroke apostoliese suksessie in die Roomse Kerk bewaar is.

Die Bybel bevat vir Rome dus nie die wil van God volkomelik nie en dit leer ook nie genoegsaam alles wat die mens moet glo om gered te word nie. Vandaar die aanvulling, van die Bybel by hierdie kerk met die tradisie. Die tradisie is egter nie net iets wat by die Bybel gevoeg word nie. Dit het verder ook 'n onberekenbaar groot invloed op die „uitleg" van die Bybel in die Roomse Kerk. Dit is uiteindelik die tradisie wat bepaal wat deur die Heilige Skrif geleer word. Dit is bekend wat in die Roomse Kerk alles hieruit gevolg het.

Baie vroeg in die geskiedenis van die kerk was daar manne wat teen die verheffing van die tradisie tot 'n tweede, aan die Heilige Skrif gelykstaande, bron van die openbaring

van God gewaarsku het. **Tertullianus** het bv. reeds gesê (hy het natuurlik ook presies die teenoorgestelde gesê.): „Onse Here Christus het Homself, en nie die gewoonte nie, die waarheid genoem".

Dit was egter eers die Hervormers van die sestiende eeu wat die tradisie as kenbron van die waarheid voluit verwerp het. Hulle het net die Bybel as kernbron van die waarheid erken. Net die Bybel is God se Woord. Die Bybel sê immers self: „U Woord is die waarheid" (Joh. 19:17). En hierdie Bybel — só bely hulle en ons in Art. VII van Die Nederlandse Geloofsbelydenis — „bevat die wil van God volkomelik en word alles wat die mens moet glo om gered te word, daarin genoegsaam geleer". Streng word elke buite-skriftuurlike faktor wat as medebepalend vir die inhoud van ons geloof beskou mag word, afgewys (sien II Thes. 2:2 en 15). Paulus stel dit só: „Al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n ander evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees" (Gal. 2:8 en ook 9). Daarom mag ons ook nie „dink bo wat geskrywe is nie" (I Kor. 4:6 en Deut. 4:2) en moet ons die waarskuwing van Open. 22:18 ter harte neem: „As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God ook oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is". Al hierdie tekste wou die Hervormers verdiskonteer in hulle leer oor die Bybel as Woord van God. En omdat die Bybel verder nog leer dat „alle mense uit hulleself leuenaars is' (Ps. 116: 11) en „ydeler as die ydelheid self" (Ps. 94:11) het hulle verder ook verstaan dat „geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al was, met die goddelike Skrifte gelykgestel mag word nie of ook die gewoonte met die waarheid van God nie of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die konsilies, verordeninge of besluite nie" (Nederlandse Geloofsbelydenis Art. VII).

„U Woord is die waarheid" (Joh. 19:17). Daarom kan ons ons geloof alleen na hierdie Woord reël, daarop grond en daarmee bevestig. Vir die ganse leer en lewe van die kerk en daarom van elke lidmaat van die kerk, is daar net

hierdie een bron waaruit die geloof voortvloei, en net hierdie een vorm waaraan dit gemeet kan word. **Sola Scriptura!** — deur die Heilige Skrif alleen! — het die Hervormers gesê.

Die Bybel staan dus vir die kerk van die Hervorming in die middelpunt. Dit spreek vanself want in die Bybel lees ons: „Die geloof is uit die gehoor van die gepredikte Woord" (Rom. 10:17). Daarom het die Hervormers ook die leer van die Roomse Kerk oor die sakramente verwerp. Volgens Rome word die reddende genade van God outomaties deur die sakramente aan die gebruikers daarvan oorgedra selfs al sou hulle dit in ongeloof ontvang. Die sakramente staan daarom dan ook in die sentrum van die Roomse erediens. Hierdie plek, het die Hervormers met groot erns gestel, behoort aan die verkondiging van die Woord alleen. Die verkondiging van die Woord staan in die sentrum van die protestantse erediens. Die sakramente kom daarby. Dit is woord-handelinge wat alleen maar gegee is om te bevestig wat God in sy ewige genade deur sy Woord aan ons toegesê het.

Die kerk van die Hervorming is en wil kerk van die Woord wees. Al sy spreke oor God en sy beloftes moet dan wetenskap van die Woord wees. Dit beteken dat die kerk voortdurend sal moet worstel om die **regte uitlê** en die **suiwere verkondiging van die Woord.**

(iii) **DIE BYBEL UITLÊ.**

In ons vorige uiteensettings het ons aangetoon dat die kerk van die hervorming kerk van die Woord wil wees, dat al sy spreke om God en sy beloftes Woord-wetenskap moet wees en dat gevolglik ook sy grootste probleem die **regte uitleg** van die Bybel en ter wille van die **suiwere verkondiging** van Gods Woord is.

Vir die Roomse Kerk is die regte uitleg van die Heilige Skrif nooit 'n probleem nie. Rome sê hy bewaar nie net die Heilige Skrif nie, maar hy beskik ook daaroor en hy is ook die enigste instansie wat die bevoegdheid besit om die Bybel reg uit te lê. Hierdie bevoegdheid om die Bybel reg uit te lê word uiteindelik gewaarborg deur die feit dat die pous (volgens Rome) onfeilbaar is in alle sake wat die geloof en die sedes betref.

Hierteenoor het die Hervormers gestel dat die Bybel God se Woord is en bly. Dit word nooit ons besit nie. Ons kan daarom ook nooit daaroor beskik of vervoeg nie. Geen menslike instansie, dus ook nie die Roomse Kerk met sy onfeilbare leergesag nie, kan waarborg wees vir die regte uitleg van die Bybel nie. God vervoeg alleen aan sy Woord en Hy is daarom ook self die enigste waarborg vir die regte uitleg van die Bybel.

Laat ons dit nader omskrywe. Die Bybel wil vir ons getuig van Christus sodat ons tot die belydenis sal kom dat Jesus Christus die Here is (Fil. 2:11) en ook sal weet wat ons sê as ons só bely. Maar nou sê die Bybel ook dat niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees (I Kor. 12:3). Die hele Bybel wil vir ons van Jesus getuig, maar ons kan met al ons kennis van die Bybel nooit uit onsself tot daardie uitleg — d.w.s. die regte uitleg — kom dat Jesus Christus die Here is nie. Daarom het ons God self nodig, God die Heilige Gees. Van Hom sê en Hy sal julle in die hele waarheid lei." „Hy sal van My getuig." „Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Sien Joh. 16:13; 15:26 en 14:26). Die Heilige Gees is die eintlike en enigste Uitlêer van die

Heilige Skrif. Maar nou is dit die opmerklike dat wanneer die Heilige Gees die Skrif uitlê, Hy self ook altyd aan die Skrif gebonde bly. Dit is natuurlik vir die Heilige Gees in dié sin nie 'n vernedering nie want die Heilige Skrif is self ook die werk van die Heilige Gees. Die Bybel het deur die Heilige Gees ontstaan (Sien 2 Tim. 3:16). Getrou aan sy eie werk, lê die Heilige Gees die Bybel met die Bybel uit. Dus wanneer ons die Bybel lees met die bedoeling om vir Christus daarin te ontmoet, of iets van Hom uit elke gedeelte van die Skrif te verneem, dan moet ons bid: „Stuur U lig en U waarheid: laat dié my lei (Ps. 43:3), want „in u lig sien ons die lig" (Ps. 36:10).

Maar die ou Hervormers het in die worsteling om die regte uitleg van die Skrif met die oog op die suiwere verkondiging van Gods Woord, geweet dat die gebed om die lig en die leiding van God die Heilige Gees nie die enigste werk van die kerk in hierdie verband is nie. Vir hulle was dit duidelik dat as die Heilige Gees Hom hou aan die Bybel, dit dan die taak van die kerk is om daardie boek waaraan die Heilige Gees Hom bind, **biddend te bestudeer.** Dus: Behalwe die gebed wat langs die vertikale lyn van onder (ons) na bo (God) geskied, is daar ook 'n werk wat op die horisontale lyn gedoen moet word en waarmee die kerk tot met die wederkoms van Christus besig sal moet bly. Dit is die lyn van die studie, die lyn van daardie liggaamlik-geestelike arbeid waarlangs ons die Bybel met ons verstand (welliswaar biddend) probeer deurvors met die oog op die verstaan en uitlê daarvan. Die worsteling om die regte uitleg geskied in die eenheid van hierdie twee lyne. Gebed sonder studie is leeg — en studie sonder gebed is blind. Gebed en studie: gebedsworsteling om die lig en die leiding van God, maar ook ernstige, ywerige, volgehoue en afmattende studiearbeid wat ons geboë vashou oor die oopgeslane Bybel sodat die Bybel deur die Bybel uitgelê kan word.

Hierdie arbeid het die Hervormers goed geken! Dit is eintlik onbegryplik hoe manne soos **Calvyn** en **Luther,** met gebrekkige hulpmiddels wat tot hulle beskikking gestaan

het, in 'n kort leeftyd so 'n geweldige hoeveelheid van die Bybel kon gepubliseer het! Byna elke Bybelboek is noukeurig uitgelê. Die Hervormers het dan ook aan die bestudering van die Bybel en ook van die **tale** waarin die Bybel oorspronklik geskrywe is, 'n geweldige stoot gegee. En dit seer seker nie omdat die manne van die Reformasie aan 'n skielike gejaag na geleerdheid gely het nie, maar omdat hulle verstaan het dat as dit die opdrag van die Heer van die kerk is dat die kerk sy Woord suiwer moet verkondig, hulle die Bybel en sy tale so goed as wat menslik moontlik is moet bestudeer. En daarom is ook ten tye van die Hervorming reeds, die predikante van die kerk nie sommer maar „van die veld af gevang nie." Luther, Zwingli en Calvyn het daarop gestaan dat die predikante behoorlike opleiding sou ontvang! En in daardie opleiding was 'n deeglike kennis van die klassieke tale, Grieks en Hebreeus ingesluit. In Calvyn se akademie wat hy in Geneve vir die opleiding van predikante gestig het, moes waarnemende predikante hulle besig hou met die bestudering van Grieks, Hebreeus en Latyn en daarnaas ook aan Skrifuitleg, etiek en filosofie.

Maar dit was ook nie net die predikante wat die Heilige Skrif goed moes geken het nie, maar ook die ouderlinge en diakens en al die gemeentelede. En dit nie net omdat hulle verstaan het dat 'n opregte geloof sonder 'n sekere kennis van God en sy beloftes soos Hy dit in sy Woord aan ons geopenbaar het, onmoontlik is nie, maar ook omdat hulle dit opnuut uit Gods woord leer verstaan het dat die **hele** kerk verkondigers van hierdie Woord moet wees. Hoe sal, byvoorbeeld die ouers getrou die doopbelofte kan uitvoer om hulle kinders in hierdie leer te onderrig as die Bybel vir hulle 'n geslote boek is? Daarom is in die kerk van die Hervorming dan ook naas die gewone prediking ook nog ander maatreëls getref met die oog op die suiwere verkondiging van die Woord. Ons noem twee: Eerstens deeglike **kategese** en tweedens deeglike **voortgesette kategese** in die gestalte van gereelde kategismusprediking.

(iv) DIE PREDIKING EN DIE PREDIKANT

Vervolgens wil ons probeer aantoon hoe ons ons Protestantse erfenis (waarvan ons enkele kernelemente in ons vorige afdelings beklemtoon het) nou hier in ons land kan handhaaf en uitbou. Hoe kan ons vandag die leer en die lewe suiwer hou teenoor die Roomse Kerk, maar ook teenoor die invloed van verskillende gevaarlike strominge binne die Protestantisme self?

Ons kan antwoord: **Deur die suiwere verkondiging van die Woord van God en die bevordering daarvan.**

Voordat ons verder hierop ingaan, net nog 'n opmerking oor die begrip **„verkondiging".** Dit is 'n gevaarlike misverstand wanneer dit só verstaan word dat die verkondiging alleen in die erediens geskied en gevolglik ook net (en dan ook net 'n onderskikte deel) die werk van die predikant is. Die prediking is wel die belangrikste, maar hoegenaamd nie die enigste gestalte van die verkondiging nie. 'n Moeder wat aan haar kindjie iets van Jesus vertel, is ook met verkondiging besig. Maar só kan ook die hele kategetiese bemoeienis van die kerk (deur die ouers en die kategese) niks anders wees nie. Dieselfde geld ook van die werk van al die ampsdraers van die kerk. Hulle werk moet woordverkondiging van huis tot huis word.

Hier is dit ook duidelik dat die erediens ook nie die enigste plek is waar die verkondiging kan plaasvind nie. Ons lees reeds in Hand. 5:42 dat die apostels nie opgehou het om elke dag **in die tempel** en **van huis tot huis** te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.

Kort saamgevat: In al die werk van die kerk moet dit gaan om die verkondiging van Godswoord. Ook daardie werk wat nie direk met die verkondiging gemoeid is nie, moet daarop gerig wees. Daarom is die verkondiging van die Woord van God ook sonder enige uitsondering die taak van **almal** wat aan die kerk behoort.

Maar nou kan die kerk ook nie maar met **enige** verkondiging tevrede wees nie. Sy opdrag is om die Woord **reg** te verkondig. Die kerk mag nou wel nie tekens en wonders

kan doen nie, maar soos Johannes die Doper, moet alles wat die kerk van Jesus sê, waar wees (vergelyk Joh. 10:41). **Regte** verkondiging is daardie verkondiging wat in ooreenstemming met die Heilige Skrif is. Die Bybel is ook van die kerk se verkondiging, die enigste maatstaf. En net soos dit die taak is van almal wat aan die kerk behoort om die Woord te verkondig, is ook die **hele** kerk vir die **regte** verkondiging verantwoordelik. Dit is nie net die verantwoordelikheid van die ouderlinge, die predikante of die professore nie.

Luther het gesê dat die Bybel die krip is waarin die Christuskind lê. Hy kan net in die Bybel gevind word. Die kerk het dus die Woord wat hy moet verkondig net in die Bybel. Ons moet uit die Bybel verneem wat ons moet verkondig. Gevolglik kan ons sê dat die eerste voorwaarde vir die suiwere verkondiging, die regte **uitleg** van die Bybel is. Woordverkondiging is Skrifuitleg. Wat dit beteken, is duidelik uit die volgende Bybelse voorbeelde: In die geskiedenis van die Emmausgangers (Luk. 24:13-35) lees ons dat Jesus vir hierdie verslae manne die Skrifte uitgelê het: „Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." In die geskiedenis van Filippus en die hofdienaar van Ethiopië (Hand. 8) wat Jes. 53 gelees het maar dit nie kon verstaan nie, omdat, soos hy dit self stel, „niemand my die weg wys nie" lees ons dat Filippus toe „van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig het" sodat hierdie man kon verklaar: „Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is." Hieruit is dit duidelik: Die bedoeling van die Skrifuitleg is om Christus aan te toon in elke Bybelgedeelte sodat die hoorder(s) tot die geloof in Hom kan kom of sodat daardie geloof versterk kan word.

Opsommend: Die eerste voorwaarde vir die regte verkondiging van Gods woord (en uiteindelik ook vir die suiwere leer en lewe van die kerk) is noukeurige uitleg van die Bybel. Ons moet eers en ook biddend luister na wat God in die Skrif sê voordat ons praat. Sy spreke moet altyd aan ons spreke voorafgaan.

En nou kan ons dit alles betrek op die verskillende gestaltes van die verkondiging.

Die prediking en die predikant.

In die Formulier vir die bevestiging van predikante word hulle **bedienaars van die goddelike Woord** genoem. Hy moet die Woord van God in die erediens maar ook van huis tot huis aan die gemeente bedien. D.w.s. die predikant moet hierdie Woord vir die gemeente uitlê en toepas in elke situasie wat mag ontstaan. Die gemeente moet van hom niks anders maar dan ook niks minder verwag nie. Of die predikant mooi of interessant preek is nie ter sake nie, maar wel of hy die Bybel vir die gemeente reg uitlê. Daarop kom alles aan. En as dit die vereiste is wat op Bybels-reformatoriese gronde aan sy dienswerk gestel word, dan is dit volkome duidelik dat die predikant wetenskaplik so goed as wat maar menslik moontlik is, toegerus sal wees vir sy dienswerk. Nie net sy opleiding sal van die beste moet wees nie, maar hy sal ook in volgehoue studie dwarsdeur sy ampstermyn moet volhard.

Onlangs het daar 'n paar briewe in **Die Hervormer** verskyn waarin besware geoper is teen die voorstudie (B.A.). In soverre hierdie briewe gebore is uit 'n werklike besorgdheid oor die tekort aan predikante in die kerk, het ons daarvoor alleen die hoogste waardering. Maar sodra die skrywers begin pleit vir die verslapping van die vereistes wat deur die Algemene Kerkvergadering vir die voorstudie gemaak is, dan kan ons nie meer so maklik saampraat nie, want dan kom daar belangrike prinsipiële sake aan die orde.

Die besware is hoofsaaklik gerig teen die bepaling dat elkeen wat toegelaat wil word tot die BD.-studie minstens in Grieks III en Hebreeus II of Hebreeus III en Grieks II plus Latyn I moes geslaag het.

Ons kan met 'n kort opmerking volstaan. Die predikant moet die Skrifte kan uitlê. Hy moet dus die getuies in die Bybel kan „hoor" en verstaan. Hulle het egter nie in Afrikaans

gedink en geskrywe nie, maar in Grieks en Hebreeus. Ons het wel wat hulle geskrywe het in die Afrikaanse vertaling van die Bybel waarvoor ons dankbaar is. Die geld egter van elke vertaling dat dit die vertaalde nooit volkome kan weergee nie. Daarom moet die BD.-studie só toegerus wees dat hy hierdie getuies in hulle eie taal kan beluister en probeer verstaan. Maar hy sal behalwe hierdie tale met hulle reëls en styl ook nog kennis moet neem van die geskiedenis, kultuur, denkstrukture, ens., van elke tyd waarin die Bybelse getuies gelewe het. Kortom hy sal kennis moet dra van elke moontlike hulpmiddel wat hom van nut sal kan wees om die boodskap van die Bybelse getuies reg te verstaan. En laat ons ook eerlik wees: Selfs as die predikant só toegerus is, bly die regte verstaan en uitleg van die Bybel nog 'n worstelstryd.

Myns insiens kan dan vir die kerk geen heil opgesluit wees in die verslapping van die vereistes vir die voorstudie nie. Indien dit gedoen word mag ons 'n paar predikante per jaar meer bykry, maar sou dit kon opweeg teen die bykomende risiko wat daarmee met die uitleg van die Skrif en die prediking geloop word?

Verder lyk dit ook nie vir my of dit met die jare makliker word om predikant te wees nie! Die predikant se werk stel al hoër eise aan hom. Probleme soos buitekerklikwording, 'n steeds groeiende heidendom binne die grense van die kerk, en nog verskillende ander sake, vereis dat die predikant steeds **beter** toegerus sal word vir sy ampswerk. Met groot dankbaarheid kan ons konstateer dat die opleiding van predikante in ons kerk puik is. Maar met die oog op die taak van die kerk in die wêreld en die erns van die tye waarin die kerk kerk moet wees, sal ons steeds moet bid dat die Heer van die kerk dit vir hulle wat vir die Opleiding verantwoordelik is, moontlik sal maak om nog beter toegeruste manne aan die kerk as predikante te lewer .

(v) NOGEENS DIE PREDIKING EN DIE PREDIKANT

In die vorige uiteensetting het ons probeer aantoon dat dit die bedoeling van die kerk met die opleiding van sy aanstaande predikante is om wetenskaplik behoorlik geskoolde **bedienaars van die goddelike Woord** vir die kerk op te lei. Ons het ook probeer aantoon dat die aard van die opleiding en die vereistes waaraan dit moet voldoen alleen bepaal kan word vanuit die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika **kerk van die Woord** wil wees, dit wil sê kerk wil wees vir wie die Woord van die Here die sentrale is en moet bly.

Hieruit blyk reeds dat die kerk nog altyd goed verstaan het dat of hy kerk van die Woord is en sal bly, ten nouste verbonde is aan die **ampswerk** van sy predikante. Van hulle dienswerk, van die wyse waarop hulle dit doen, sal dit afhang of die kerk sy protestantse erfenis sal bly hoog waardeer, bewaar en uitbou en of hy dit openlik of onopgemerk as onbelangrik sal prysgee ter wille van ander dinge wat as gevolg van aksentverskuiwing in die dienswerk van die predikant voorop begin staan het. Met ander woorde, wanneer dit vir ons gaan om die handhawing en uitbouing van ons protestantse erfenis, sal ons ook aandag moet gee aan die dienswerk van die predikant as bedienaar van die goddelike Woord. Wat is sy werk? Waar moet die aksent val in sy werk? Is daar nie miskien gevaarlike aksentverskuiwings t.o.v. die werk van die bedienaars van die Woord in ons kerk aanwesig nie? (Ons sal later ook hierdie vrae moet stel t.o.v. die ouderlings- en diakensamp).

Die dienswerk van die bedienaars van die Woord.

Hierdie dienswerk word in die formulier vir die bevestiging van die dienaars van die Woord en ook in die beroepsbrief wat aan die predikante gestuur word baie duidelik gestel. Genoemde formulier vat hierdie dienswerk onder vier punte saam:

(i) **„Ten eerste dat hulle die Woord van die Here, deur die Skrifte van die profete en apostels geopenbaar, grondig en opreg aan hulle gemeentes moet verkondig en dit moet**

toepas sowel in die algemeen as in die besonder . . . deur te onderrig, te vermaan, te vertroos en te bestraf volgens die behoefte van elkeen . . . en alle dwalinge en ketterye te weerlê . . ."

Dit is die **eerste,** dit wil sê die primêre, die allerbelangrikste deel van die dienswerk van die predikant. Hy moet dienaar van die Woord bly onder alle omstandighede; dienaar wat hierdie Woord **bedien** aan sy gemeente in die openbaar, dit wil sê in die prediking maar ook van huis tot huis in elke denkbare en ondenkbare situasie waarin die lidmate van sy gemeente mag verkeer. Verder — as ander gestaltes van hierdie verkondigingstaak van hom — moet hy sy gemeente **onderrig, leer.** Dit omvat 'n enorme wye veld. Eerstens seker die kategetiese arbeid, maar dan ook Huweliks- en Doopskategese en die weerlegging van allerlei dwaalleer. En laastens, maar hoegenaamd nie die geringste nie, gereelde kategismusprediking.

(ii) Ten tweede is hulle amp **„om die Naam van die Here in die openbaar aan te roep vanweë die hele gemeente . . .**"

(iii) Derdens **„om die Sakramente te bedien."**

(iv) **„Om die gemeente van God in goeie tug en orde te hou en so te regeer soos die Here dit voorgeskryf het."**

In die **Beroepskrif** lees ons: „Die Kerkraad . . . vertrou dat hy die beroep sal aanneem . . . en na die gemeente sal oorkom om deur leer en voorbeeld, bestuur en opsig alles te doen wat 'n herder en leraar ooreenkomstig die Heilige Woord van God en volgens die verordeninge van die Ned. Herv. Kerk betaam, **in die besonder deur die verkondiging van die evangelie, deur die bediening van die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal . . . deur vertroosting van die siekes, deur die gemeentelede by hulle huise te besoek, deur onderwysing van die Bybelse en Kerkgeskiedenis en die geloofsleer en sedeleer van die Christelike godsdiens in die katkisasie, wat gedurende die jaar weekliks gehou word."**

U merk op, weer eens gaan dit daarom dat die predikant **dienaar van die Woord** sal wees, dat die roepende gemeente dit en slegs dit van hom vra. Hulle het hom daarvoor nodig

en vir niks anders nie. Hulle het hom nie nodig as lid van die Skoolkomitee, of die Skoolraad, of die Boerevereniging, ens. nie. Hulle is in staat om al hierdie dinge self te doen. Hulle het hom ook nie nodig as nie-amptelike regter wat behendig allerlei dispute en rusies moet oplos nie. Hulle is daarvoor volwasse genoeg! Hulle het hom ook nie nodig as 'n **factotum** wat op die sosiale en soveel ander vlakke eindeloos veel in orde moet probeer bring nie. Nee, hulle het iemand nodig — só sê die beroepsbrief wat ook die „dienskontrak" tussen gemeente en predikant genoem kan word — wat die Woord van God aan hulle kan kom bedien. Hulle verwag van hom wat na hulle oorkom niks meer nie maar ook niks minder nie. En hy wat dan die beroep aanvaar moet onthou dat as hy ook op dié ander vlakke van die menslike lewe wil dien, daardie dienswerk eintlik „vreemde" dienswerk vir hom moet bly wat nooit sy primêre taak, sy bediening van die Woord van God, in die geringste mag skaad nie!

En nou moet ons die vraag stel: Is daar in ons kerk aksentverskuiwings t.o.v. die predikant se dienswerk? Dit is 'n ernstige vraag en ook 'n ongemaklike vraag. Hy moet egter beantwoord word want die positiewe handhawing en uitbouing van ons protestantse erfenis hang daarvan af. Skrywer hiervan meen dat ons die vraag bevestigend moet beantwoord. Daar is heillose aksentverskuiwings wat vir geen gemeente of die kerk op die lang duur iets goeds inhou nie. Hulle is besig om die wingerd te verniel.

Laat ons dit probeer motifeer. Die Bevestigingsformulier (en ook die Beroepsbrief) sê dat die eerste en die allerbelangrikste taak van die predikant daarin bestaan dat hy die Woord van die Here **grondig** en **opreg** sal verkondig. Let wel: **grondig!** Nie maar oppervlakkig, terloops of „ook maar" nie. **Opreg!** Nie onge-ergd nie! Grondige en opregte verkondiging van God se Woord kan deur geen mens maar sommer so uit die mou geskud word nie! Dit vereis voorbereiding — deeglike voorbereiding. En dit geld nie net die prediking nie.

Siekebesoek, katkisasie en huisbesoek vereis eweneens deeglike voorbereiding. Dit kan net so min onvoorbereid aangepak word as die prediking. Dit is ook nie minder belangrik as die prediking nie, want dit moet net soos die prediking verkondiging van Christus wees!

Voorbereiding vir die verkondiging in al sy gestaltes is 'n vereiste. Maar daarby moet ons onthou dat die verkondiging die primêre, ja eintlik (lees maar die genoemde Formulier en Beroepskrif weer) die **enigste** werk van die predikant is. Ook as hy by 'n sieke besoek aflê is dit immers nie sy eerste taak om in aller haas 'n gebed af te rammel nie, maar om die Skrif vir die kranke uit te lê. Die redding en troos, ja die lewe self, lê vir die kranke in die Woord van God opgesluit. Dit is immers slegs hierdie Woord wat 'n krag van God is tot redding van elkeen wat glo!

Die vraag is nou: As dit volgens die Formulier en die Beroepsbrief wat die „dienskontrak" tussen gemeente en predikant is, die predikant se eerste en grootste werk is om die Woord te verkondig, weeg dit dan ook by hom en sy gemeente die swaarste? Is dit die deel van die predikant se werk waaraan al sy tyd, krag, ens. gewy is? En is dit die deel van sy arbeid waaraan die gemeente verwag dat al die tyd en krag van sy predikant gewy sal wees ?

Daar word baie van die predikant verwag. As die gemeente dit van hom verwag, is dit korrek. Dan sal die werk van die Heer van die kerk sy voortgang hê en ons protestantse erfenis kragtig bly en groei. Maar ons moet oop oë hê vir die feit dat in ons tyd baie van die predikant verwag word wat bloedweinig, ja selfs totaal niks met sy ampswerk te doen het nie. Baie van die dinge wat hy doen en moet doen, is niks anders as struikelblokke vir sy primêre taak nie.

Aan hierdie saak sal predikant, kerkraad en gemeente aandag moet gee. Daar is oneindig veel op die spel.

Beter Ampsbediening

Wat die werk van die predikant betref, wil ons met die oog op die handhawing en uitbouing van ons protestantse erfenis, nog een saak beklemtoon en dit is die

Kategismusprediking

Dit word van die predikante van ons kerk verwag om dikwels aan die hand van die **Heidelbergse Kategismus** te preek. En nou moet ons ook maar openlik erken dat hierdie soort van prediking nie altyd eweveel aansien geniet het nie. Dit is trouens vandag nog so. Ook in ons eie kerk staan die kategismusprediking nie oral (onder predikante én lidmate) ewe hoog aangeskrewe nie. Daar is al dikwels beweer dat sommige lidmate van die erediens wegbly as hulle weet dat daar die betrokke geleentheid 'n kategismuspreek gehou sou word. Hulle bevind die kategismusprediking as iets „wanhopigs ouderwets" in ons moderne tyd! Dit is 'n argaïsme!

Maar waar lê die **oorsprong van die besware** teen die kategismusprediking? En nou verkeer ek weer op gevaarlike terrein! Baie lidmate het dit teen die kategismusprediking omdat dit 'n **leerpreek** is en hulle het nou eenmaal net nie ooghare vir die leer van die kerk nie. Hulle het daar niks aan nie. Die leer is vir hulle te koud en te star. Hulle stel nie belang in die „roots" (die leer) van die geloof nie, maar alleen in sy „fruits". Dit is natuurlik 'n baie ou beswaar teen die kerklike leer en is veral sterk deur die **Piëtisme** gepropageer. Maar soos by die Piëtisme is hierdie beswaar nêrens 'n onskuldige beswaar nie! Dit het gewoonlik sy oorsprong in die onvermoë of onwilligheid om t.o.v. een of meer leerstukke van die belydenis, soos die kerk en saam met die kerk te bely — m.a.w. die oorsprong van hierdie beswaar lê in die verwerping van gedeeltes (of selfs die geheel) van ons protestantse erfenis! Daarom is hierdie beswaar, wat gewoonlik in 'n waas van uiterse vroomheid gekleed gaan, só uiters gevaarlik. Wie maar enigsins kennis geneem het van die teologie van die Wêreldraad van Kerke, weet vir watter verwoesting hierdie geestesklimaat verantwoordelik kan wees.

Dit sal egter 'n onvergeetlike vereenvoudiging van sake wees om te beweer dat die enigste rede is waarom baie lidmate nie van die kategismusprediking hou nie. Daar is

ook ander besware waarvan ons net een wil noem: die kategismusprediking is moeilik verstaanbaar; dit is taai, onverteerbaar. En hier is daar nou twee moontlike oorsake vir die beswaar. Die eerste moontlike oorsaak is dat die predikant inderdaad, sodra hy met die Kategismus besig raak — anders as gewoonlik — skielik moeilik verstaanbaar word. Dit verg inderdaad veel meer inspanning, studie en voorbereiding om opeenvolgend die Kategismus uit te lê as om maar los en vas te preek. Dit verg noukeurige studie van elke Sondagsafdeling. En dit is waar dat die prediker alleen duidelik en op onderhoudende wyse die Kategismus kan uitlê, as hy goed voorbereid is.

En tog sal daar selfs dan nog lidmate wees wat dit te moeilik vind om te volg. Die oorsaak hiervan is geleë in die gemaksugtigheid van ons tyd. Ons deelname aan die erediens moet sonder inspanning kan geskied. Dit moet ons nie vermoei nie! Ons is immers die geslag wat so nooit as te nimmer sal loop as ons kan ry nie, sal lees as ons maar net kan kyk nie!

Om tot die kategismusprediking self terug te keer, dit is 'n baie ou gebruik in die Protestantse kerk — selfs ouer as die Heidelbergse Kategismus (1563) self! Dat dit van groot waarde vir die Protestantse kerk was ten tyde van die Hervorming, is vanselfsprekend. Groot getalle volwassenes het uit die Roomse Katolieke Kerk na die Protestantse kerke oorgegaan. Die kategismusprediking het die uitnemende middel geword om hierdie volwassenes **na reformatoriese belydenis te skool** in die groot leerstukke van die Bybel. En dit was weer noodsaaklik met die oog op die ouers se verantwoordelikheid om hulle kinders in hierdie leer te onderrig.

Dit sou dwaas wees om te beweer dat ons hierdie soort prediking vandag minder nodig het as in die jare van die Hervorming. Sou ons kon beweer dat die Bybels-reformatoriese leer só bekend is in ons kerk dat ons om dié rede die kategismusprediking maar sou kon afskaf? Allermins!

Bowendien vervul die kategismusprediking nog 'n ander rol: Dit dien as **voortgesette kategese.** Dit wil telkens weer dit wat ons in die kategese geleer het en wat deel van ons belydenis is, by ons inskerp sodat dit in ons wakker sal bly.

Maar ons moet nog verder gaan. Die Rooms Katolieke Kerk het nie van die aarde af verdwyn nie! Nee, hy bly selfs groei en toeneem in ons eie land! Hy het selfs geleer om goeie Afrikaans te praat! Dit bring mee dat die kerk weer en weer vir homself maar ook vir die hele volk, rekenskap sal moet gee van wat nou „protestants" is en wat nie. En hiervoor is daar nog steeds geen beter middel as die kategismusprediking nie!

Maar dit geld ook t.o.v. baie ander verleidende strominge van ons tyd. Neem nou maar die Piëtisme wat ons hierbo genoem het. Onder gereelde uitleg en toepassing van die Kategismus, sal die werklike aard van die Piëtisme spoedig bekend wees; sal die vroomheid van die Piëtisme spoedig niks anders blyk te wees as geestelike hoogmoed nie. Die kategismusprediking is 'n onontbeerlike middel om telkens weer die hervormde standpunt noukeurig te bepaal en te handhaaf.

Die kategismusprediking het egter ook nog 'n ander nut. Dit het ook nut vir die predikant self! Want of die predikant dit nou wil erken of nie, daar is by hom altyd die element van persoonlike voorkeur wat die Bybelse stof betref, aanwesig. Die gemeente het egter reg as hy van sy predikant verwag om hom in die hele waarheid te onderrig en te lei. Die hele waarheid sal wel aan die woord kom wanneer die predikant so gereeld as wat maar enigsins moontlik is, aan die hand van hierdie ou belydenis van die kerk preek. Dit sal natuurlik van die predikant meer voorbereiding en studie verg, maar ook dit is nuttig — eindeloos nuttiger as 'n paar bykomende koppies koffie of tee!

Opsommend kan ons dus sê: vir die positiewe handhawing en uitbouing van ons Protestantse erfenis is **meer** en **beter** kategismusprediking steeds 'n vereiste.

(vi) **BETER AMPSBEDIENING T.O.V. DIE OUDERLINGSAMP.**

Ons het betoog dat die positiewe handhawing en uitbouing van ons Protestantse erfenis ten nouste verbonde is met die wyse waarop die predikante van die kerk hulle dienswerk verrig. Toe het ons gesê dat dit nodig sal wees om die volgende vrae ook t.o.v. die ouderlings- en diakensamp te stel: **Wat is die werk van die ouderling en die diaken? Waar moet die aksent in hulle werk val? Kom daar nie miskien aksentverskuiwings t.o.v. hulle werk in die kerk voor nie?**

Wat die eerste vraag betref, dit is die vraag oor die werk **van ouderlinge en die diakens,** wil ons hier nie breedvoerig op ingaan nie. Oor hierdie onderwerp bestaan daar immers twee uitmuntende publikasies wat ons gerus maar kan aankoop en bestudeer. Trouens, hulle behoort, in die besit van elke ouderling en diakens van ons **kerk** te wees. Die twee boeke is **Die Brandwagte van God** (oor die amp van die ouderling), geskrywe deur prof. dr. **P. S. Dreyer** en **Die Amp van die Diaken,** geskrywe deur **prof. dr. B. J. Engelbrecht.**

Wat die **werk van die ouderling** betref wil ons uit die opsomming wat **Die Kerkwet** daarvan gee, net drie uitlig en dit van naderby bekyk.

Eerstens lees ons daar (hoofstuk XVI) dat dit die werk van die ouderling is om **die gemeente „byeen te vergader vir die erediens, die bediening van die sakramente en die diens van die gebede".** Ons kan die erediens ook die „ontmoeting" tussen God en sy gemeente noem. En nou behoort 'n mens se deelname aan hierdie ontmoeting vir elke lidmaat die bron van die grootste vreugde te wees. En dit behoort so te wees vir elke lidmaat van die gemeente want die Bybel leer ons dat elke lidmaat van die kerk deur die Heer van die kerk self vrygemaak is van sonde, dood, duiwel, ens. om net aan Hom te behoort. Hulle is werklik vry sodat hulle van harte gewillig en bereid is om verder vir Hom te lewe. Maar nou weet elke ouderlinge dat nie alle lidmate so

dink oor die erediens nie. Van hulle kom daar nooit meer, baie selde of nog net Kersfees of Oujaarsaand in die kerk.

Hiervan sal die ouderling altyd weer werk moet maak want dit is (tweedens) saam met die predikant sy werk om **opsig te hou** oor die **gemeente.** Die ouderlinge is saam met die predikant verantwoordelik vir die **welsyn** van die gemeente. Swak kerkbesoek is vir hom 'n duidelike simptoom van 'n geloofsiekte wat tot die dood toe is, daarom vir hom 'n abnormale situasie waarteenoor hy hom alleen kan beywer vir die normale. Die normale optrede vir elke lidmaat van die kerk is dié van Hand. 2:42 waar gesê word dat hulle wat aan die kerk behoort mense is wat volhard in die leer van die apostels, die gemeenskap, die breking van die brood en die gebede.

Daarom sal hy ook naarstig soek na die oorsake vir swak kerkbesoek en dit bestry. En hy weet dat nie net onverskilligheid genoem moet word nie, maar ook en veral onvoldoende kategetiese onderrig en die bemoeisieke vroom gepamperlang van verskillende sektariese strominge. Hy sal in staat moet wees om die gebrekkige kategese aan te vul en die verskillende sektariese strominge te ontmasker en te weerlê.

Dit bring mee- en dit staan ook in die Bevestigingsformulier en in die genoemde hoofstuk van **Die Kerkwet** so geskrywe- „dat die ouderlinge verplig is om Die Woord van God ywerig te ondersoek en hom gedurig te oefen in die oordenking van die verborgenheid van die geloof."

Die opsig van die ouderling sal egter uiteindelik ook verder moet gaan as skrifuitleg, vermaning en weerlegging. Indien daar geen verandering kom as gevolg van sy vermaning en skrifuitleg wat hy herhaaldelik gebring het nie. sal hy ook nie moet skroom om dit uiteindelik „aan die gemeente te sê nie" (Matt. 15:17) sodat die Kerkraad die kerklike tug sal toepas nie. Nie tugteloosheid nie, maar juis die tug self, is gegrond in die barmhartigheid van die Heer van die kerk. So sorg Hy self vir die welsyn van die kerk wat ook sy liggaam is!

Aan die ouderling is egter nog 'n belangrike saak opgedra. Hy is naamlik medeverantwoordelik vir **kategetiese onderrig** in die kerk. Die ouderling, elke ouderling, moet katkiseer. 'n Mens kan nie te goed gekatkiseer word nie, maar hy kan baie maklik onvoldoende gekatkiseer word. Persoonlik is ek ook oortuig dat die meeste van die probleme waarmee ons in die kerk te kampe het, sy oorsprong by onvoldoende katkisasie het. Daarom sal die ouderling ook moet toesien dat daar in die gemeente waar hy ouderling is, voldoende gekatkiseer word.

Waar hierdie drie dinge nou gebeur, dit wil sê wanneer die ouderling pligsgetrou die gemeente **vir die erediens** (ens.) **vergader,** hulle versigtig waak vir die **welsyn van die gemeente** in die **kategetiese onderrig** die vereiste aandag van hulle ontvang, dan word deur hulle ons Protestantse erfenis nie net gehandhaaf nie, maar sal dit ook positief uitgebou word.

Hierdie erfenis se voortbestaan is ten nouste gebonde aan die wyse waarop ons ouderlinge hulle amp bedien. Daarom moet ons ook die volgende vraag stel: **Is daar nie in ons kerk t.o.v. die amp van die ouderling ernstige aksentverskuiwing wat ons Protestantse erfenis in gevaar stel nie?**

Ons is van mening dat hierdie vraag bevestigend beantwoord moet word. Dit lyk asof die ouderlingsamp oor die laaste vyftig jaar baie verskraal het. Die ouderlinge het na twee kante toe afstand gedoen van sy verpligtinge: eerstens na die kant van die predikant (liewer bedienaar van die Woord) en tweedens (alhoewel in geringe mate) na die kant van die diaken. Sy verpligtinge wat deur die predikant oorgeneem is, het die verdere nadelige effek dat so veel van die predikant se tyd nou deur die ouderling se werk (wat hy vir hom toegeëien het) in beslag geneem word, dat hy sy **eintlike werk** verwaarloos. So het die predikant bv. die amptelike siekebesoeker in die gemeente geword. Die wykslidmate stel nie meer hulle ouderling van siekte in kennis nie. Nee, hulle skakel die predikant direk en wat dan nog erger is, is dat die predikant dan die vereiste besoeke bring sonder om die ouderling saam te neem of selfs (indien lg. by die

werk sou wees) van die siekte te verwittig. So kan ons nog meer voorbeelde noem. Alhoewel ons die hoogste waardering koester vir alle persone wat hierdie amp (soms onder moeilike omstandighede) beklee, wil ons tog nog die volgende noem.

Die ouderlingsamp word byna tot niks verskraal daar waar die vereiste kwartaallikse besoeke aan die wykslidmate niks meer as blote sosiale besoekies is nie. En wat van die kategese? Ons het die kategeseverslag van een Ring in ons kerk geneem en die samestelling van die personeel nagegaan. Daar was in 1969 in die Ring 221 leerkragte. Van hulle was 127 gemeentelede, 38 diakens en 56 ouderlinge. Dit is 'n gemiddeld van 'n bietjie minder as vyf ouderlinge per gemeente! In hierdie Ring is hierdie betrokke werk van die ouderling dus vir meer as 75 persent deur die diakens en gemeentelede oorgeneem! Alhoewel ons die hoogste waardering het vir elke gemeentelid en diaken wat behulpsaam is met die kategetiese onderrig, meen ons tog dat dit 'n ongesonde toestand is wat verbeter kan en moet word. Die kategese is immers nie maar sommer 'n bykomende werk in die kerk nie, maar een van die allerbelangrikstes.

Die kwessie van die kerklike tug laat ons voorlopig daar.

Ek is oortuig daarvan dat aksentverskuiwings soos dié wat ons hierbo t.o.v. die ouderlingsamp aangetoon het, op die ou end 'n ellendige invloed op ons Protestantse erfenis moet hê. Daarom moet ons dit vroegtydig probeer regstel deur ons te beywer vir **beter ampsbediening deur die ouderlinge.** Daar is ook reeds deur die kerk maniere aan die hand gedoen hoe dit gedoen moet word. Eerstens moet die ouderling (trouens ook die diaken) na sy bevestiging, **behoorlik ingelig word oor sy ampswerk.** Dit is die taak van die predikant om hierdie **Kerkraadskategese** behoorlik te doen. Miskien moet die kerk daaraan dink om soos vir Doop- en huwelikskategese 'n kort handleiding op te stel.

Verder is daar die **Ouderlingsvergadering** wat met die grootste vrug toegepas kan word om die ouderling beter toe te rus vir hulle ampsbediening.

(vii) **ONTOEREIKENDE KATEGESE**

Ons het in die vorige uiteensettings toe ons dit gehad het oor die ampswerk van die ouderling, gesê dat baie van die kerk se probleme teruggevoer kan word tot **ontoereikende kategese.** Ons wil kortliks terugkeer na hierdie bewering.

Wat is kategese?

Ons kan só antwoord: **Dit is die kerklike onderrig van die gedoopte kinders van die gemeente sodat hulle hul doop sal verstaan, in die openbaar belydenis van hulle geloof sal aflê en sodoende deur die Kerkraad tot die tafel van die Here toegelaat te word en mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir die kerk en sy werk in die wêreld.** Daar kan ook **ongedoopte** mense wees wat wil katkiseer. Die einddoel van hulle kategese is dieselfde.

Die **inhoud van die kategese** (of kerklike onderrig) **is die Woord van God.** Vanaf die vroegste dae van die kerk was **geloof** (die Twaalf Artikels), **gebod** (Die Tien Gebooie), **gebed** (die Onse Vader) en **sakrament** (Doop en Nagmaal) die stof van hierdie onderrig. Dit gaan om die kennis van die Bybel wat gerig is op die geloof in die drie-enige God. Daarom is die kategese **meer** as gewone onderrig. Dit is 'n gestalte van die verkondiging. En tog mag dit nooit vergeet word dat geloof ook kennis is nie. **Die Kort Begrip** stel dit in die beroemde antwoord op vraag 19 só: **„'n Opregte geloof is 'n sekere kennis van God en sy beloftes, wat vir ons in die evangelie geopenbaar is en 'n hartlike vertroue, dat my al my sondes om Christus ontwil vergewe is."** Geloof en kennis van God en sy beloftes is onskeidbaar. Meer nog: Geloof sonder kennis van God en sy beloftes is onmoontlik!

Die bybring van die kennis van God en sy beloftes soos in die evangelie geopenbaar, is die primêre strewe in die kategese. Daar is egter ook nog ander oogmerke. In sy kategetiese werk wil die kerk ook die jeug wat aan hom geskenk is, vorm tot **bewuste meelewende lidmaatskap van die kerk.** Hulle moet gevorm word tot lidmate wat **vreugdevol mede-verantwoordelikheid aanvaar vir die kerk en die werk wat die Heer van die kerk aan hom opgedra het.** (Alhoewel ons weet dat van dit alles sonder die werk van God,

die Heilige Gees, niks tereg kom nie, gaan ons nie hier op sy werk in nie. Ons bepaal ons alleen by dit wat die kerk se verantwoordelikheid is.)

Dit behoort sonder meer duidelik te wees dat daar beswaarlik 'n dringender én vreugdevoller taak vir die kerk gevind kan word as om die jeug wat hy ontvang het, te lei tot die kennis van God en sy beloftes en te bring tot medeverantwoordelikheid vir die kerk en sy werk in die wêreld! En tog — en 'n mens sê dit met die grootste huiwering terwyl jy mede-verantwoordelikheid daarvoor aanvaar — kom ons in die kategetiese werk van die kerk nie altyd by die oogmerke wat ons hierbo genoem het, uit nie. En nou moet ons nie die fout gaan soek by **Die Raad vir Kategese** nie. Hierdie Raad het uitstekende werk verrig deur eerstens volharding vir 'n bepaalde koers in die kategetiese werk van die kerk te pleit, naamlik om die kategese by die erediens in te pas en tweedens deur die instelling van 'n opleidingskursus vir kategete.

Maar ons moet ook aantoon waar die fout lê want uiteindelik sal ons Protestantse erfenis geskaad moet word indien ons die genoemde oogmerke met die kategese nie bereik nie. Nou het ons reeds die probleem van opgeleide kategete genoem. Dit is 'n ernstige probleem. Die kerk wil nie net sorg dat daar kategese gegee word nie; hy wil ook oortuig wees dat dit **reg** gedoen word. Die kursus wat ons hierbo genoem het, behoort groot byval in die kerk te vind. Elkeen wat werklik die belange van die kerk se jeug op die hart dra, sal die geleentheid om beter toegerus te word vir hulle dienswerk, met albei hande aangryp. Dit sou veral goed gewees het indien 'n groot getal kerkraadslede die kursus sou kon volg.

Maar daar is behalwe kategete wat onbekwaam is om 'n klas te lei tot die kennis van God en sy beloftes en te bring tot verantwoordelike lidmaatskap van die kerk ook nog ander probleme. Ek wil net een noem. En die een wat ek wil noem, is die kwessie van die aandeel van die **ouers** in die kategese. En nou gaan sommige seker sê: „Daar het jy

KITAL

dit! Alweer die ouers!" U het reg hierdie keer — sal ons sê — dit gaan werklik om u! Ons dink aan die **doopbelofte** wat deur elke ouer wat 'n gedoopte kind het, afgelê is — **„om hierdie kinders na u vermoë te onderrig en te laat onderrig".** Hiervolgens begin die kategetiese arbeid van die kerk in die ouerhuis om later, as die kind groter geword het, ook by die kerk te geskied sonder dat dit die ouer se verantwoordelikheid vir sy kind in die **geringste** skaad. Baie ouers meen dat hulle hul verantwoordelikheid nagekom het as hulle hul kind kategese toe laat gaan of by die kerk „afgelaai" het. Of hulle kind enige kennis van God en sy beloftes het, gee hulle blykbaar nie 'n flenter voor om nie! Hulle ken net een voorwaarde — as die kind ongeveer sestien jaar is, moet hy (of sy) aangeneem word! Dit wil sulke ouers soms van die kerk afeis! En wat dan van die kennis van God en sy beloftes? Wat dan van die verantwoordelike lidmaatskap van die kerk?

Só sit daar baie kinders in die kategese! Hulle leer nie! Hulle wil nie leer nie! Hulle ouers is tevrede dat hulle nie leer nie! Uiteindelik — omdat die Kerkraad ook tevrede is dat hulle nie leer nie — word hulle lidmate van die kerk om stil-stil weg te raak omdat hulle nou ook soos vader en moeder en ander die „voorreg" het om van die kerk weg te bly!

Ek gee toe dat dit 'n vreeslike ellendige prentjie is, maar u kan dit maar kontroleer! Vra maar self vir die hoof van die kategese in u gemeente! Ek is oortuig dat hy vir u dieselfde sal sê: Ons is besig om in ons roeping as ouers te faal! Ons kom ons beroep, om voortdurend vir ons kinders van onsself en hierdie wêreld af weg te wys na God toe, nie getrou na nie! Ons is besig om 'n geslag groot te maak wat God en sy beloftes nie ken nie en van verantwoordelike lidmaatskap van die kerk nie veel weet nie.

Dit stel ons Protestantse erfenis in onnoemlike gevaar, want dit sê dat baie van ons nie meer bereid is om ons roeping te aanvaar nie. En dit beteken dat ons self reeds teenoor die God wat ons geroep het, ontrou geword het!

(viii) PRIESTERSKAP VAN DIE GELOWIGES

Die vorige verduidelikings was gewy aan beter ampsbediening. Nou kan gevra word maar waarom beter ampsbediening? Waarom beter prediking, beter opleiding van die predikante, beter opsig, beter diakonale sorg, beter kategese, ens.? Ons het reeds een antwoord op hierdie vrae gegee naamlik dat **ons** sodoende ons Protestantse erfenis bewaar en uitbou. Onder **ons** word egter die kerk verstaan. Daarom kan daar en moet daar ook nog 'n verdere antwoord op hierdie vrae gegee word naamlik sodat die kerk steeds beter kerk mag wees; sodat die kerk die werk wat die Heer van die kerk aan Hom opgedra het, steeds beter kan doen.

Die kerk bestaan omdat die Woord vlees geword het en sondaars deur die kosbare bloed van hierdie Woord bevry is uit die ydele lewenswandel waarin ons slawe van die sonde en die dood was. Ons is vrygemaak! Maar vryheid kan vir die kerk nie die reg beteken om te maak soos ons wil nie. Die kerk ken nie so 'n reg nie. Hy ken nie vrywilligheid om God te dien nie maar alleen **gewilligheid.**

Die beste omskrywing van wat hierdie vryheid is, bly nog altyd Hand. 5. Daar lees ons dat die apostels deur die hoë priester en sy raad in die openbare gevangenis gewerp is (verse 17 en 18), maar dat 'n engel hulle in die nag bevry het deur die deure van die gevangenis oop te maak. Hulle was weer vry! Hulle was egter nie vry om voor dagbreek die grootste moontlike afstand tussen hulle en die Joodse raad op te stel nie! Hulle was nie vry om die apostelamp te bedank nie! Hulle was ook nie vry om ter wille van hulle geloof ondergronds te gaan nie! Nee, hulle was bevry om 'n opdrag te gaan uitvoer, om 'n werk te gaan voort sit. „Nou hoe" formuleer die engel hierdie taak: Gaan heen, staan en vertel in die tempel (d.w.s. in die openbaar, in die leeukuil!) aan die volk al die woorde van hierdie lewe". „Al die woorde". d.w.s. ook daardie wat aanstoot gee en die wat jou lewe in gevaar mag stel. Die kerk is vry maar dit kan alleen beteken dat hy vry is om die werk van die Heer van die kerk te doen.

Die kerk word ook op verskillende plekke in die Bybel „geroepe heiliges" genoem. Hulle is in Jesus Christus deur die Heilige Gees geroep om aan die drie-enige God te behoort. Hulle is geroep om aan sy kerk te behoort. Die kerke is egter God se apostel in die wêreld. 'n Apostel is 'n gestuurde, 'n uitgestuurde. So is hulle wat aan die kerk behoort, geroep om gestuur te word. Só lees ons dan ook: „Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21).

Maar waarheen stuur God nou die mense wat Hy bevry het om aan Hom te behoort en by sy gemeente gevoeg het? Hy stuur hulle na die wêreld toe — hulle moet in die wêreld ingaan. Wêreldontvlugting is 'n ontoelaatbare weelde vir die gelowiges. Dit is 'n onchristelike daad.

Maar dit beteken ook nie dat hulle na die wêreld toe gestuur word om soos die wêreld te gaan wees nie. Hulle werk bestaan in die baie duidelike opdrag om die **evangelie te gaan verkondig** (Mark. 16:15). Net soos die kerk nie doel in sigself kan wees nie, ook nie die lidmaatskap van die kerk nie. Dit is nie die bedoeling van God dat mense aan die kerk sal behoort sodat hulle salig kan word nie. Hulle besit tog reeds die saligheid in Jesus Christus. Hy het dit byna twee duisend jaar gelede reeds vir ons gereed gemaak. Nee, Christus se bedoeling met ons lidmaatskap van die kerk is dat die wêreld daardeur salig sal word. Die saligheid is nie net bedoel vir die kerk nie. Dit moet ook die eiendom van die wêreld word. Dit staan ook so geskrywe „. . . so lief het God die wêreld gehad . . . (Joh. 3:16) „. . . dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie" (2 Kor. 5:19). God het in die kerk en die werk van die kerk in die wêreld sy heilige oë op die wêreld gevestig! Sy liefde gaan deur hierdie werk uit tot die hele wêreld. Hy wil dat hulle tot die kennis van die waarheid en die lewe sal kom.

Ons kan dit so saamvat: God het sy geroepe heiliges uitverkies so dat hulle sy diensknegte sal wees om in hierdie wêreld vrugte te gaan dra (Joh. 15:16) terwyl hulle die

deugde van Jesus Christus verkondig (I Petr. 2:9). En nou kan ons sonder gevaar van teenspraak hier byvoeg: „En so sal ons ons Protestantse erfenis op die heel beste wyse kan bewaar en positief kan uitbou!" Elke lid maat het 'n roeping en taak. Hy het 'n amp: **die amp van die gelowige.**

En as die Bybel vir ons sê dat God die ampte aan sy gemeente gegee het om die „heiliges toe te rus vir hulle dienswerk (Ef. 4:11) dan verstaan ons ook van watter enorme belang die amp van die gelowiges of die dienswerk van die heiliges is. Deur hulle werk moet die wêreld gekersten word, moet die wêreld kerk word! Daarom mag daar geen verslapping in hierdie ampswerk wees nie want al hulle werk is daarop gerig dat die heiliges hulle dienswerk sal kan doen.

Maar ons moet ook nie blind daarvoor wees nie dat die amp van die gelowiges 'n „vergete amp" vir baie in die kerk geword het nie. Ons het reeds hierop afgekom by die kategese. Die ampsdraers van God, die ouers, d.w.s. hulle aan wie God die opdrag gegee het om die eerste getuies van sy weldade aan die mense by hulle kinders te wees, hulle swyg! Hulle praat nooit van Christus nie! Hulle open nooit die Bybel nie! Hulle bid nooit! Hulle ken die pad na die kerk nie meer nie!

Ook wat die getuie — van — Christuswees betref, is dit duidelik dat hierdie amp vir die kerk feitlik 'n totaal vergete amp geword het. Christus en sy Woord word Sondag in die kerk agtergelaat. Hy gaan nie saam huis toe of werk toe nie. Oor Hom word daar nie gepraat nie, maar geswyg. 'n Mens kan natuurlik ook vra: Waarom nie? Baie redes sal daarvoor aangevoer kan word. 'n Paar vrae bly egter altyd weer opkom. Is dit nie dalk omdat ons self nie meer die boodskap van die evangelie glo nie? Ontbreek die nodige geloofsoortuiging ons nie miskien nie? En wat van ons geloofsgehoorsaamheid? In hoeverre kan ons nog praat van gehoorsaamheid aan God wanneer die amp van die gelowige nie meer in die kerk behoorlik funksioneer nie? Maar ons

moet nog verder gaan en ook die vraag vra na ons verhouding tot die mens aan wie ons die Woord moet bring. Is Matt. 22:37-40 nog duidelik in ons gesigsveld? Dit is tog duidelik dat om God lief te hê ook die liefde vir die naaste tot gevolg het. Net so min as wat die naaste soos by die „Social Gospel" vir God in die godsdiens kan vervang, kan hy uitgelaat word by die godsdiens. Miskien moet ons leer om met Paulus te bid dat ons „liefde nog meer en meer oorvloedig mag word" (Fil. 1:9).

Só kan ons ook nog ingaan op Joh. 15:16: „Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrugte te dra . . .". Vrugte wat in ooreenstemming sal moet wees met die Woord wat ons verkondig. Wanneer hierdie vrugte in stryd is met die Woord wat verkondig word, sal dit die verkondiging kragteloos maak! Ook dit mag nie vergeet word nie!

Ons kan dit alles saamvat in een sin: Die kerk moet altyd weer kerk word! Die kerk van die Hervorming moet altyd weer kerk wees wat in die proses van hervorming is — hervorming op grond van die Woord van God. Solank dit van die kerk waar is, sal hy by sy Protestantse erfenis bly en dit tot eer van God positief uitbou.

(ix) **DIE GEBED VAN CALVYN.**

O God, Vader van ons Here Jesus Christus, ons enigste Redder, Vredevors, wees ons genadig en let op die groot gevaar van ons verdelinge. Verlos ons van alle haat, van alle vooroordeel en van alles wat ons eenheid belemmer sodat, soos daar één liggaam, één Gees, één hoop van ons roeping, één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van ons almal is, ons net één hart en één siel mag wees, verenig deur die heilige bande van die waarheid en die genade, van die geloof en van die liefde, deur Jesus Christus onse Here.

'N GEBED VIR DIE EENHEID VAN DIE KERK.

(Geneem uit die Diensboek van die Hervormde Kerk van Frankryk).

Here, tot U wat wil dat u kinders één sal wees in U, bid ons vir die eenheid van u kerk.

Vergewe ons ons hoogmoed, ons ongeloof, ons gebrek aan begrip en aan liefde, die oorsake van ons verdelinge.

Laat ons tog nie gewoond word aan ons verdelinge nie. Behoed ons daarvoor om alles wat 'n skandaal voor die wêreld is en 'n aanstoot aan u liefde, as normaal te beskou. Hou in ons lewendig die bewussyn van die sonde wat verdeel, wat U verenig het.

Verlos ons van ons bekrompenheid, ons haatdraenheid en ons vooroordeel. Leer ons om die gawes van u genade te erken by almal wat U bely. Verdiep ons trou aan u Woord en hou ons heldersiende en diensbereid in u hande. Laat ons nie verlei word deur ons selfvervaardigde vergesigte nie en laat ons nie vermetel wandel op weë wat nie u weë is nie. U het u eie raadsplanne wat dikwels vir ons verborge bly. Ons is maar net blindes wat rondtas. U werk is 'n werk van die eeue en ons is maar net een dag. Maak ons aandagtig vir die pligte van die dag.

Versamel deur u almag, Here, u verstrooide kudde onder die enige gesag van u Seun sodat die raadsplan van u guns vervul kan word en sodat die wêreld U kan ken, U die enigste waaragtige God, en Hom wat U gestuur het, Jesus Christus.

Amen.

ONS PROTESTANTSE ERFENIS

1490